

## **HOOFSTUK VIER**

### **DIE GOUDMYNINDUSTRIE**

#### **4.1 INLEIDING**

Die geskiedenis van goud in Suid-Afrika het in 1853 'n aanvang geneem. P.J. Marais het gedurende hierdie jaar goudneerslae in die ontginning van die Jukskei- en Krokodilrivier, in die oostelike gedeeltes van die eertydse Zuid-Afrikaasche Republiek (ZAR), ontdek. Dit was geoloog Karl Mauch wat in 1867 die eerste betekenisvolle ontdekking van goud langs die walle van die Tatrivier, in die noordelike deel van die ZAR, gemaak het. Hierdie ontdekkings het prospekteerders na die gebied laat stroom in 'n poging om goudneerslae te vind. Die soeke na goud het inderdaad tot vondse op onder meer Eersteling, in die Lydenburg-omgewing, en Baberton gelei. Verdere grootskaalse prospekteerwerk het die weg vir die ontdekking van die omvangryker Witwatersrandse goudvelde in 1886, en daarmee saam die vorming van goudmynmaatskappye, gebaan.<sup>1</sup>

Politieke beroeringe in die ZAR gedurende die negentigerjare het nie die voortgesette ontwikkeling van die goudmynbedryf aanmerklik beïnvloed nie. Die Tweede Vryheidsoorlog (1899) het wel tydelik vir 'n slakkegang gesorg, maar die bedryf het kort voor die vredesluiting in 1902 weer momentum gekry. Hierna het 24 vuurproefjare gevolg. 'n Arbeidstekort en –onrus, die Eerste Wêreldoorlog sowel as die “verlore rif” van die Verre Wesrand is van die vernaamste sake wat ontwikkeling van bestaande en nog goudmyne verhinder het.<sup>2</sup>

Verdere goudeksplorاسie in Transvaal met behulp van beter tegnieke het in 1932 tot die ontdekking van neerslae aan die Verre Wesrand gelei.<sup>3</sup> In hierdie stadium was Suid-Afrika egter midde in 'n depressie, en die land moes boonop nog van sy goudstandaard afstap. Dit het geter nie die beplanning rakende die eksplorاسie van die potensiële goudvelde van die Verre Wesrand belemmer nie. Buitelandse kapitaal van sowat 80 miljoen pond is tussen

---

<sup>1</sup> A.C.M. Webb, “Mining in South Africa”, F.L. Coelman (ed.), *Economic history of South Africa*, pp.168,173-174 en Anon., “How a great industry began”, *The South Africa Mining and Engineering Journal*, 65(2), 6.11.1954, p.379.

<sup>2</sup> R. Macnab, *Gold, their touchstone: Gold Fields South Africa, 1887-1987, a centenary story*, pp.53,77,122.

<sup>3</sup> J. Oxley, *Down where no lion alked: the story of Western Deep Levels*, pp.17,39 en M.M. Walker, “The West Wits Line”, *South African Journal of Economics*, 18(1), March 1950, p.16.

1933 en 1940 in die Suid-Afrikaanse goudmynindustrie gepomp, waarvan die meeste vir die ontwikkeling van die West-Wits-Lyn-goudmyng gebied (Carletonville-omgewing) gebruik is.<sup>4</sup>

#### **4.2 KAPITALE ASPEKTE VERBONDE AAN DIE OPENING VAN 'N MYN**

Voor enige potensiële myn kan ontwikkel, is dit nodig dat fondse gevind word om sodoende oor genoegsame kapitaal vir die ontwikkeling van 'n myn te beskik. Dié ontwikkeling behels onder meer die verkryging van huurregte op grond van die Regering, 'n geologiese ondersoek van die gebied, die boor van gate sowel as die sink van proefskagte om goudneerslae te ontgin. Hiermee saam moet die nodige indiensnemings- en vergoedingspakket vir mynwerkers vasgestel word sowel as geboue, toerusting en behuising verskaf word.<sup>5</sup> So byvoorbeeld het 'n geoloog, dr. W.P. de Kock, in 1950 opgemerk dat sowat 300 miljoen pond nodig was om die goudvelde van die Oranje-Vrystaat ten volle te ontwikkel.<sup>6</sup> Hierdie en ander groot somme kapitaal waarvoor myne moet beskik om in hulle behoeftes te voorsien, verg ongetwyfeld dat mynmaatskappye deurentyd hul tegnieke ten opsigte van die verkryging van kapitaal moet verfyn.

Sedert die vroegste jare van die goudmynbedryf het die verkoop van 'n vasgestelde aantal aandele aan individue, mynmaatskappye en myngroepe uit nasionale en internasionale geleedere die beskikbaarheid van fondse vir die ontwikkeling van 'n myn bepaal. Begin 'n myn winsgewend produseer, word van die winste na die staat sowel as die aandeelhouders van 'n mynmaatskappy gekanaliseer.

Voorts word die opening van goudmyne sowel as die winsgewendheid van bestaandes ook deur die goudprys en die heersende ekonomiese klimaat bepaal. 'n Stygende en/of stabiele goudprys gepaard met 'n gesonde nasionale ekonomiese klimaat is dus lewensbelangrik vir voortgesette ontwikkeling en aktiwiteite by goudmyne. So word die werwing van nog aandeelhouders ook verseker.<sup>7</sup>

---

<sup>4</sup> A.C.M. Webb, "Mining in South Africa", F.L. Coelman (ed.), *Economic history of South Africa*, p.190. in afdeling 4.3 en 4.4, pp.114,118 van dié hoofstuk word die ontwikkeling van die West-Wits-Lyn breedvoerig bespreek.

<sup>5</sup> Vergelyk S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book, 1937 to 1963*.

<sup>6</sup> W.P. de Kock, "The geology and conomic significance of the West Wits Line", *The Geological Society of South Africa*, I, 1964, p.372.

<sup>7</sup> L. Katzen, *Gold and the South African economy*, pp.29.37.

### **4.3 TREKARBEID EN DIE ROL VAN ARBEIDSUNIES IN DIE PLAASLIKE GOUDMYNBEDRYF**

#### **4.3.1 Trekarbeid**

Namate die mynboubedryf in Suid-Afrika tot volle wasdom gekom het, het die beskikbaarheid van swart arbeiders toenemend in aanvraag gekom. 'n Arbeidstekort het die goudmynindustrie teen die vroeg-twintigerjare genoodsaak om swart mense by hulle onderskeie tuistes te gaan werf. In die binneland was die Native Recruiting Corporation die myne hiermee behulpsaam.<sup>8</sup> Om toestroming te monitor het Distriks- en Arbeidsburo's ook mettertyd regoor die land ontstaan. Hulle hooftak sentreer om die hantering van die vraag na en aanbod van arbeiders in 'n bepaalde gebied waar werksgeleenthede beskikbaar is.<sup>9</sup> Op hierdie wyse het die veelbesproke trekarbeidstelsel tot stand gekom.<sup>10</sup>

Vir die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf is trekarbeiders vanuit buurlande en die selfregerende en onafhanklike Nasionale State gewerf.<sup>11</sup> Teen 1984-1985 het buurlande Lesotho, Botswana, Swaziland, Mosambiek en die Nasionaal Staat Transkei bykans 70% van die swart arbeidskrag in Suid-Afrikaanse goudmyne gelewer,<sup>12</sup> en sowat 15% was afkomstig van buurstate Malawi en Mosambiek.<sup>13</sup> Die arbeidsorganisasie TEBA (The Employment Bureau of Africa) behartig, onder die toesig van die Kamer van Mynwese, alle swart mynwerkers se belange. Dit sluit die uitbetaling van agtergehoue lone en geldoorsendings van swart mynwerkers na hulle onderskeie stamlande in.<sup>14</sup>

---

<sup>8</sup> D. Yudelman and A. Jeeves, "New labour frontiers for old: black migrants to the South African Gold mines, 1920-1985", *Journal of Southern African Studies*, 13(1), October 1986, pp.104,106-107.

<sup>9</sup> Unie van Suid-Afrika, verslag UG 61/1955, Samevatting van die verslag van die Kommissie vir Sosio-ekonomiese Ontwikkelin van Bantoegebiede binne die Unie van Suid-Afrika, 1955, pp.16-17; Anon., "Die Suid-Afrikaanse mynbedryf en trekarbeid", *Die Mynwese*, 2(4), 1986, p.37 en J. Natrass, *The South African economy, its growth and change*, pp.136-137.

<sup>10</sup> South African Institute of Race Relations, *Race relations survey, 1988/89*, pp.418,421.

<sup>11</sup> South African Institute of Race Relations, *Race relations survey, 1988/89*, pp.418-419,421. Die onafhanklike Nasionale State verteenwoordig Transkei, Bophuthatswana, Venda en Ciskei en die selfregerende Nasionale State Lebowa, KwaZulu, Qwa Qwa, Gazankulu en KaNgwane.

<sup>12</sup> Anon., "Die Suid-Afrikaanse mynbedryf en trekarbeid", *Die Mynwese*, 2(3), 1986, p.37.

<sup>13</sup> D. Yudelman and A. Jeeves, "New labour frontiers for old:...", *Journal of Southern African Studies*, 13(1), October 1986, p.122.

<sup>14</sup> Anon., "Die Suid-Afrikaanse mynbedryf en trekarbeid", *Die Mynwese*, 2(3), 1986, p.37-38.

Afgesien van die onontbeerlikheid van die trekarbeid as arbeidskrag in die mynbedryf sentreer die welvaart van etlike gemeenskappe in Suid-Afrika om sy koopkrag. In die breë gesien, stimuleer dit beide die nasionale en die plaaslike ekonomie.<sup>15</sup>

Trekarbeiders het sedert goudmynvestiging in die Carletonville-omgewing in 1937 dié gebied binnegestroom. 'n Plaaslike arbeidsburo het eers in Maart 1955 in werking getree voordat 'n distriksburo vir die gebied in werking was. 'n Rede waarom 'n distriksburo dus nog nie teen 1955 in die gebied gefunksioneer het nie, is moontlik omdat die grense waarbinne só 'n buro sy werksaamhede vervul, nog nie afgebaken was nie. Gevolglik was geen inkomende swart mynwerkers in die gebied voor dié datum by 'n distriksburo geregistreer nie.<sup>16</sup> Hierdie gebrek aan kontrole het grootskaalse plakkery aangemoedig. Dit was eers in 1958 dat die Arbeidsburo op 'n vaste grondslag geplaas is en verseker het dat verdere onwettige inkomelinge gekeer is.<sup>17</sup> Hierdie instromingsbeheer het ook vir swart vroue gegeld,<sup>18</sup> en dit is 'n proses waarmee die plaaslike arbeidsburo hom ook gedurende die dekades sestig en sewentig besig gehou het.<sup>19</sup>

Trekarbeiders in die Carletonville-omgewing is in die mynhostelle van die onderskeie myne sowel as in Khutsong geakkommodeer. Volgens afkoms was die Xhosas en Suid-Sotho's teen 1980 die meeste in getal, gevolg deur die Tswanas, die Tsonga-Shangaans en die Zulu's.<sup>20</sup>

---

<sup>15</sup> D. Houbart Houghton, *The South African economy*, pp.89-96,114; Chamber of Mines of South Africa, *97<sup>th</sup> Annual report*, 1986, p.10 en D.G. Franzen en H.J.J Reynders (reds), *Die ekonomiese lewe van Suid-Afrika*, p.31. Vergelyk ook South African Institute of Race Relations, *Race relations survey, 1988/89*, p.419.

<sup>16</sup> Carletonville (Munisipaliteit), Local Area Committee (LAC), lêer NAD N10/1/149, Arbeidsburo: brief, Werkverskaffingsbeampte Arbeidsburo Carletonville/Naturellekommissaris Oberholzer, 29.4.1957.

<sup>17</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer NAD 79/5/149, West Wits Naturelle-indiensneming: report regarding application to employ foreign natives as labourers in the proclaimed area West Witwatersrand, 16.5.1956 asook leer NAD N10/1/149, Arbeidsburo: brief, Arbeidsburo/ West Witwatersrand Naturellesake-afdeling, 26.11.1958.

<sup>18</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, lêer NAD 79/5/149, West Wits Naturelle-indiensneming: brief, Bestuurder Naturellesake/Landdroos Oberholzer, 7.10.1958.

<sup>19</sup> Tussenbewaarplek (TBP), Departement van Bantoe-administrasie en ontwikkeling (BAO), Band 3278, lêer 43/1108 (1), Vreemde Bantoe: brief, Direkteur van Bantoe-Arbeid/Ministriële Navraag, Bantoe Carletonville, 8.9.1965 asook Band 3067, lêer C39/1108, Arbeidsburo Carletonville, 1961-1973.

<sup>20</sup> Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, verslag no. 02-08-13, *Geografiese verspreiding van die bevolking, 1980*, 1980, p.279.

Gedurende 1988 was sowat 35 000 trekarbeiders uit buurstate Botswana, Lesotho, Malawi, Mosambiek en Swaziland op die goudmyne van die Carletonville-gebied werksaam. Hierteenoor was 26 000 vanaf die onafhanklike Nasionale State afkomstig en 13 800 van die selfregerende Nasionale State.<sup>21</sup> Dus het die buurstate van Suid-Afrika by wyse van die trekarbeidstelsel die grootste bydrae tot die swart arbeidsmag op goudmyne ter plaatse gelewer.

Teen 1988 was daar ook nie 'n gebrek aan mynwerkers in die Carletonville-gebied nie, aangesien ongeveer 850 swart mense hulle maandeliks by die Carletonvillese Arbeidsburo vir werk aangemeld het, wat die plaaslike goudmyne dus genoegsaam van werkers voorsien het. Dit wil voorkom asof goumynowerhede trekarbeiders voorkeur bo die indiensneming van plaaslike swart mense gegee het.<sup>22</sup> Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat myne aanvanklik nie die las van dié mense se gesinne ook wou gedra het nie. Sommige myne het wel 'n beperkte aantal swart gesinne in getroude kwartiere op myngrond gehuisves.<sup>23</sup>

Die Kamer van Mynwese is ook by die werwing van trekarbeiders vir die goudmyne in die Carletonville-gebied betrokke. Hul betrokkeheid geld ook betrekking tot die periodieke vervoer van dié werkers, hetsy per pad of per trein, na die myne en terug na hul tuistes. As werkgewersorganisasie onderhandel die Kamer ook met die arbeidsunies (vakbonde) van swart werknemers.<sup>24</sup>

---

<sup>21</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 1: “'n Afkoms analise van swart mynwerkers wat in hostelle geakkommodeer word”, T.P. Venter (Stasiemeester, Oberholzer), 8.2.1989 asook Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt (Opleidingsbeampte, Wes-Driefontein), 8.3.1989.

<sup>22</sup> Carletonville (PU vir CHO), Vers. 3: onderhoud, B.J. Harrington (Hoof, Departement van Mannekrag, Carletonville), 17.1.1989.

<sup>23</sup> Die landsbeleid van Suid-Afrika was sodanig dat trekarbeiders se gesinne nie permanent in dié land kon woon nie. Kyk Republiek van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 14.4.1971, kolomme, 4378-4386.

<sup>24</sup> P.J. Malan, “50 Jare van samewerking in die mynbou”, *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, p.101 en E. Webster en J. Kuzwayo, “A research note on consciousness and the problem of organization”, L. Schlemmer en E. Webster, *Change, reform and economic growth in South Africa*, pp.232-236. Kyk afdeling 4.5, pp.119-120 van hierdie hoofstuk en verder met betrekking tot swart arbeid.

### 4.3.2 Arbeidsunies

Voor 'n nuwe era in 1973 vir die bestaan van vakunies op die arbeidsfront betree is, was dit die South African Congress of Trade Union (SACTU) wat jare lank die belange van die swart werker tot in die vroeë sestigerjare behartig het. Die opskorting van SACTU se bedrywighede deur die Regering het arbeidsonrus ongeveer 'n dekade aan bande gelê, waarna etlike onafhanklike arbeidunies ontstaan het.<sup>25</sup> Tussen 1977 en 1979 het unies onder die vaandel van oorkoepelende verenigings gekonsolideer, byvoorbeeld die Federation of South African Trade Unions (FOSATU) en die Council of Unions of South Africa (CUSA).<sup>26</sup>

Dit was CUSA wat in Julie 1982 vir die stigting van die National Union of Mineworkers (NUM) verantwoordelik was. NUM, gelei deur Cyril Ramaphosa, het onmiddellik om beter voordele begin beding. Dit het dikwels op stakings uitgeloop.<sup>27</sup> In 1987 het die drie weke lange stakings in sake lone en 'n vyfdagwerkweek deur NUM-lede 'n produksieverlies van 10 000 ton erts vir die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf tot gevolg gehad.<sup>28</sup> Hierdie dispuut is eers in Maart 1988 tot beide partye se tevredenheid opgelos.<sup>29</sup>

Teenoor die NUM verteenwoordig die Mine Workers Union (MWU) die meeste blanke mynwerkers. Mnr. A.E. (Eddie) Grundling is die eerste Carletonviller wat in die sestigerjare die leiding in die MWU geneem het. Gedurende sy halfgeskoolde en geskoolde swart werkers op 'n eksperimentele basis en hoer poste geplaas en opgelei het. Dit het skeuring binne MWU-geledere tot gevolg gehad, wat uiteindelik tot die bedanking van Grundling gelei

---


<sup>25</sup> W.G. James, "Our precious metal: a political economy of African labour in contemporary gold mining", (12<sup>th</sup> national conference of the South African Historical Society, Port Natal, January 1989), pp.2-8.

<sup>26</sup> J. Maree (ed.), *The independence trade unions, 1974-1984*, pp.1-9.

<sup>27</sup> W.G. James, "Our precious metal: a political economy of African labour in contemporary gold mining", (12<sup>th</sup> national conference of the South African Historical Society, Port Natal, January 1989), pp.13-19.

<sup>28</sup> G. Milling-Stanley, "Precious metals", *Mining Annual Review*, 1988, pp.13,367. Vergelyk ook P.G. Eidelberg, "An historical overview of twentieth century trade union organisations in the Transvaal mining industry", (conference of the Economic History Society of Southern Africa, Port Elizabeth, 18-20 July 1990), p.11; *Carletonville Weekly Record*, 16.7.1976, p.1 asook 13.5.1977, p.7; *Carletonville Herald*, 30.7.1976, p.1 en Chamber of Mines, *87<sup>th</sup> Annual report*, 1976, p.11. 'n Skikking is bereik deurdat blanke en swart mynwerkers elke tweede Saterdag vry was of vrywilliglik oortyd kon werk.

<sup>29</sup> *Carletonville Herald*, 25.3.1988, p.2.



**KAART 5** DIE LIGGING VAN DIE WEST-WITS-LYN BINNE DIE KADER VAN DIE BELANGRIKSTE GOUDMYNGROEPE IN SUID-AFRIKA

BRON: Nagetrek volgens 'n voorbeeld uit OPTIMA, vol. 34(2), 1986.

het.<sup>30</sup> Huidige volksraadslid vir Carletonville, mnr. P.J. (Arrie) Paulus, het hom opgevolg en beklee steeds die voorsitterstoel.<sup>31</sup>

#### **4.4 DIE WEST-WITS-LYN**

Die opkomende goudmynindustrie het gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu as spoorslag vir die versnelde ontwikkelingstempo van nuwe goudmyngebiede in etlike dele van Suid-Afrika gedien.<sup>32</sup> Dit was dan ook met die reeds vermelde West-Wits-Lyn-omgewing die geval. Vooruitsigte vir die ontginning van gou in dié gebied wes van Randfontein en oos van Potchefstroom het reeds tussen 1899 en 1911 die belangstelling van die goudmynmaatskappye Western Rand Estates Limited, Brayshaw, en Van Goertz and Company gewek. 'n Aantal proefskagte is onder meer op Twyfelvlakte (1902), Driefontein no. 591 I.Q. (1903) en Doornkloof (1910) gesink. Dit was egter onsuksesvol vanweë probleme wat met die waterdraende dolomietreeks ondervind is. As gevolg hiervan sou goudmynmaatskappye eers, nadat byna drie dekades verloop het, met behulp van nuwe tegnologiese toerusting na goud in die huidige Carletonville-omgewing prospekter.<sup>33</sup>

Met behulp van die finansiële steun van New Consolidated Gold Fields Limited het 'n Duitse geofisikus, dr. R. Krahmann, vroeg in die dekade dertig daarin geslaag om goud met behulp van die magnetometriese metode op te spoor.<sup>34</sup> West Witwatersrand Areas Limited is, as uitvloeisel hiervan, in 1932 geregistreer om prospekterwerk en verdere ontwikkeling aan die Verre Wesrand voort te sit. Die bekendstelling van die sementasieproses ondergronds, wat

---

<sup>30</sup> South African Research Services, *South African Review*, vol IV, pp.269-271 en Anon., "Grundling criticises rebel miners' adviser", *Sunday Express*, 13.11.1966, p.3.


<sup>31</sup> *Carletonville Herald*, 28.9.1979, p.3 asook 18.4.1980, p.1 en South African Research Service, *South African Review*, vol IV, p.271. Dit blyk uit laasgenoemde berig dat die MWU huller veral vir werksreservering, ten gunste van blanke mynwerkers, beywer het.

<sup>32</sup> Anon., "Mynbou en die Suid-Afrikaanse ekonomie", *Die Mynwese*, 3(3), 1987, p.44 en A.C.M. Webb, "Mining in South Africa", F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p.174.

<sup>33</sup> R.A. Pelletier, "Contributions tot the geology of the Far West Rand", *Transactions of the Geological Society of South Africa*, XI, July 1937, pp.130,139 en W.M. Walke, "The West Wits Line", *South Africa Journal for Economics*, 18(1), March 1950, pp.16-17. In *Hoofstuk Drie*, pp.56-58, 84-91 word die waterdraende dolomietreeks ook bespreek en op p.134 voernoot 128 verklaar.


<sup>34</sup> W.M. Walker, "The West Wits Line", *South African Journal for Economics*, 18(1), March 1950, p.20 en E.S. van Eeden, Die geskiedenis van die Gatsrand vanaf die vestiging van die Trekkergemeenskap omstreeks 1839 tot die proklamering van Carletonville in 1948, p.40.

**Mynmagnaat H.F. Oppenheimer.**



Bron: D. Hartley.

KAART NO. 6 'n Gedeelte van die Potensiële Goudvelde op die Wes-Rand soos voorgestel in Desember 1950.



Bron : Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, Derde Jaarverslag van die Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie - 31 Desember 1950.

daartoe gelei het dat water uit dolomitiese skeure sou kon penetreer, was hoofsaaklik vir die opening van die West-Wits-Lyn<sup>35</sup>-goudmyng gebied verantwoordelik.<sup>36</sup>

Gefinansier deur West Witwatersrand Areas Limited het verskeie goudmynmaatskappye waaronder Blyvooruitzicht (1937), Wes-Driefontein (1945) en Doornfontein (1947) goudontginning<sup>37</sup> in die Carletonville-omgewing op so 'n stewige basis geplaas dat mynmagnaat H.F. Oppenheimer die opening en ontwikkeling van die West-Wits-Lyn as die belangrikste gebeurtenis in Suid-Afrika se goudmyngeskiedenis bestempel het.<sup>38</sup> So is dominee T.F. Burgers – eertydse staatspresident van die ZAR – wat tydens sy reis deur Transvaal in 1871 'n dag lank in die huidige Carletonville-omgewing vertoef het, se optimistiese vooruitskating **wie weet welke schatten van goud hier nog gevonden zullen worden...dit laat ik echter aan deskundige beoordeling over,**<sup>39</sup> inderdaad bewaarheid.

#### **4.5 GOUDMYNMAATSKAPPYE IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN CARLETONVILLE SEDERT 1948**

Sedert West Witwatersrand Areas Limited-goudmynmaatskappye se direkte betrokkenheid by die West-Wits-Lyn-goudmyng gebied, het dié maatskappy ook met ander goudmynmaatskappye ooreenkomste aangegaan om met prospekterwerk in die gebied behulpsaam te wees.<sup>40</sup> Dit het daartoe gelei dat die plaaslike goudmynindustrie mettertyd drie goudmyngroepe verteenwoordig het. Die verantwoordelikheid van die myngroepe teenoor die onderskeie goudmynmaatskappye het die finansiering, eksplorering en die ontwikkeling van projekte op maatskappygrond ingesluit.<sup>41</sup>

---

<sup>35</sup> West-Wits-Lyn is waarskynlik afgelei van die goudmynmaatskappy **West Witwatersrand Areas Limited**.

<sup>36</sup> Anon., "East Driefontein – newcomer to the West Wits Line", **Mining Survey**, 72, May 1973, p.21 en A.P. Cartwright, **Gold paved the way**, pp.145,150-151,160-172. Kyk ook kaart 5 op p.118a.

<sup>37</sup> W.M. Walker, "The West Wits Line", **South African Journal for Economics**, 18(1), March 1950, pp.20-24 en Unie van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, verslag no. 3, **Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie – 31 Desember 1950**, p.34.

<sup>38</sup> H.F. Oppenheimer, "The Anglo American Corporations role in South Africa's gold mining industry", **Optima**, 34(2), June 1986, p.63.

<sup>39</sup> T.F. Burgers, Schetsen uit de Transvaal, p.7.

<sup>40</sup> R.A. Pelletier, "Contributions to the geology...", **Transactions of the Geological Society of South Africa**, XL, July 1937, p.131 en W.M. Walker, "The West Wits Line", **South African Journal for Economics**, 18(1), March 1950, p.33. Die West-Wits-Lyn sluit die goudmyne Venterspost, Libanon en Kloof in, maar die myne word nie in dié studie bespreek nie, aangesien dit buite die oostelike grens van die Carletonville munisipale gebied val. Kyk kaart 6, p.119b.

<sup>41</sup> K. Dekker, "Economic evaluation of operations and new ventures", **Gold Fields of South Africa Limited**, 1989 review, February 1990, pp.79-83.

Die goudmynmaatskappy Rand Mines bestuur tans die goudmyn Blyvooruitsicht onder gesag van Barlow Rand Limited Corporation.<sup>42</sup> Hierteenoor behartig die groep, Gold Fields of South Africa die belange van die myne Wes-Driefontein, Oos-Driefontein, Doornfontein en Deelkraal.<sup>43</sup> Anglo American Corporation of South Africa beheer die myne Western Deep Levels en Elandsrand se belange.<sup>44</sup>

## **4.6 RAND MINES**

In 1983 is die Rand Mines Limited-goudmynmaatskappy op inisiatief van die bekende goudmagnaat Alfred Beit, onder gesag van die Corner House-Groep geregistreer.<sup>45</sup> Die Corner-House-Groep en Rand Mines was in 1937 vir die ontwikkeling van die Blyvooruitsicht-goudmyn in die Carletonville-gebied verantwoordelik. Barlow Rand Limited Corporation het later al die belange van die Corner House-Groep oorgeneem, onder meer dié van Blyvooruitsicht.<sup>46</sup>

### **4.6.1 Die Blyvooruitsicht-goudmyn**

#### **4.6.1.1 Ontwikkeling**

Dit was die New Witwatersrand Gold Exploration Company wat in 1953 die Corner House-Groep as't ware by die agterdeur van die West-Wits-Lyn-goudmyng gebied binnegegaan het. New Witwatersrand het die ongeveer 724 morg (623 ha) grond wat van die plaas Blyvooruitsicht by West Witwatersrand Areas Limited bekom is, vir die groep aangebied nadat 'n aanneemlike ooreenkoms hieroor nie met Gold Fields bereik kon word nie. Corner House was wel insiklik en het die grond van New Witwatersrand aangekoop. In Julie 1937 is die Blyvooruitsicht Gold Mining Company Limited gestig, en die ontwikkeling daarvan is

---

<sup>42</sup> *Potchefstroom Herald*, bylae, 29.7.1983, p.16 en Carletonville (Pu vir CHO), Verw. 2: brief, L.D. Arnott/E.S van Eeden, 17.8.1989.

<sup>43</sup> S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book*, 1954-1955, p.149.

<sup>44</sup> S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book*, 1950-1951, p.67 en P.J. Malan, "50 Jare van samewerking in die mynbou", *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, pp.67-69.

<sup>45</sup> A.P. Cartwright, *The Corner House, the early history of Johannesburg*, pp.130-131.

<sup>46</sup> *Carletonville Herald*, bylae, "Blyvoor, 1937-1987", 19.6.1987, p.3.

deur Rand Mines behartig.<sup>47</sup> Die kapitale uitleg vir die ontwikkeling van Blyvooruitzicht is op byna ses miljoen aandele van 10 sjieling elk, met 'n totale inkomste van 2 950 000 pond, geraam.<sup>48</sup>

Teen 1948 het die Blyvooruitzicht-goudmyn al sowat 1043 ha grond in die Carletonville-gebied besit.<sup>49</sup> 'n Totale wins van 2 486 519 pond is in hierdie stadium uit die goudontginning van die myn verkry.<sup>50</sup> Dit is slegs 463 481 pond minder as wat die oorspronklike kapitale uitleg vir die oprigting van die myn gekos het. Dus was die myn in hierdie stadium al besonder winsgewend, en Blyvooruitzicht kon inderdaad beskou word as die myn in Suid-Afrika met die belowendste groeipotensiaal.<sup>51</sup> Die no. Een- en Twee-skag (in die oostelike gedeeltes van myneïendom) sowel as no. Drie-skag (meer noord) was toe reeds gesink.<sup>52</sup>

Gedurende die vyftigerjare was die Blyvooruitzicht-goudmyn reeds goed op dreef en as die wêreld se rykste goudmyn bekend. Snelle mynuitbreiding het die aanpassing van onder meer administratiewe kantore en werkswinkels verhaas.<sup>53</sup> Daarby is nog 'n toetsaanleg vir die ekstraksie van uraan op die myn se grond in 1949 in bedryf gestel. Dit was die eerste aanleg van sy soort in Suid-Afrika.<sup>54</sup> In die daaropvolgende jaar is uraan gevind en 'n aanleg opgerig wat in 1953 hierdie grondstof begin produseer het. Hierin was Blyvooruitzicht die

---

<sup>47</sup> R. Macnab, *Gold, their touchstone; Gold Fields South Africa, 1887-1987, a centenary story*, pp.144-145. Kyk E.S. van Eeden, *Die geskiedenis van Gatsrand...*, pp.41-42 vir meer inligting oor die Blyvooruitzicht-goudmyn voor 1948.

<sup>48</sup> S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book, 1937-8*, pp.137-138.

<sup>49</sup> W.M. Walker, "The West Wits Line", *South African Journal for Economics*, 18(1), March 1950, pp.29-30; W. Hagan-Watson, "Down memory lane: Blyvoor's first 20 years", p.1 en *Potchefstroom Herald and Western Gazette*, 19.1.1945, p.4.

<sup>50</sup> *Carletonville Herald*, bylae "Blyvoor, 1937-1987", 19.6.1987, p.5.

<sup>51</sup> Unie van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 6.8.1948, kolomme, 987-988.

<sup>52</sup> Anon., "Blyvooruitzicht: 20 years old... but still a long life proposition", *Mining Industrial Review*, 106(11), January 1963, p.14; W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", pp.49-60 en Rand Mines, *Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited – visitors brochure*, p.3.

<sup>53</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane:...", p.49 en Anon., "Blyvoor's 50 years on", *South African Mining World*, February 1988, pp.26-29.

<sup>54</sup> P.J. Malan, "50 Jare van samewerking in die mynbou", *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, p.69 en S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book, 1950-1951*, p.57. Uraan is radio-aktiewe bestanddele in gouderts. Die aanwezigheid daarvan in gouderts is reeds in 1915 in die goudmyne van die Witwatersrand-omgewing opgemerk. Daadwerklike aandag, met die oog op produksie, het egter eers in 1949 'n aanvang geneem. Kyk Republic of South Africa, "South Africa's mineral industry", *The Minerals Bureau of South Africa*, 1986, p.49.

eerste goudmyn in die distrik, en een van die eerste vier goudmyne in die land wat begin het om uraan te produseer.<sup>55</sup>

Tot en met 1954 het hoë kapitale uitgawes ten opsigte van die onttrekking van goud tot gevolg gehad dat die belasbare inkomste van die Blyvooruitzicht-goudmyn drasties verlaag het. Die myn kon eers in die jare hierna 'n beter bydrae tot die staatskas lewer.<sup>56</sup> Hierdie bydrae van die myn kon eers in die jare hierna 'n beter bydrae tot die staatskas lewer.<sup>57</sup> Waterdraende ondergrondse skeure het boonop die tempo van ontwikkeling by die myn vertraag. Heelwat tyd is aan sementasie<sup>58</sup> bestee, terwyl ondergrondse toerusting ook aangebring is om die water uit te pomp. In die jare vyftig in ongeveer 14 880 000 gelling (66 960 000 liter) water daagliks weggevoer.<sup>59</sup>

Kort voor die dekade sestig is die myn van nog skagte voorsien. Die nu. Vier vertikale sisteem-skag wat in 1958 buite die myn se noordelike grens gesink is, het 'n tweeledige doel gedien. Dit moes aanvullend tot Blyvooruitzicht se pompreëlings wees en as ventilasiekamer vir ondergrondse verdiepings, ver van die oppervlakte af, dien. 'n Reeks van skuinsskagte is ook beplan om vir die myn op 'n redelike diepte van nut te wees. Belangrik egter is dat prospekteerwerk op die westelike gedeelte van die myngrond daadwerklik aandag gekry het met die doel om alle potensiële goudriewe te ontgin.<sup>60</sup>

Die produksietempo van die ryker oostelike dele van die Blyvooruitzicht-goudmyn het in die vroeë sestigerjare afgeneem. Hierdie toedrag is onder meer voor die deur van 'n arbeidstekort gelê.<sup>61</sup> In teenstelling hiermee was die produksie van uraan steeds goed, en

---

<sup>55</sup> P.J. Malan, 50 Jare van samewerking in die mynbou", *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, p.69; V.H. Osborn, "South Africa becomes a uranium producer", *Optima*, 3(1), March 1953, p.11-14 en W. Hagan-Watson, "Down memory lane:...", pp.52,55-57.

<sup>56</sup> Anon., "Blyvooruitzicht: 20 years old...", *Mining Industrial Review*, 106(11), January 1963, p.14.

<sup>57</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane:...", p.57.

<sup>58</sup> Sementasie is 'n proses waardeur die waterdraende skeure in die dolomitise rotse in die omgewing van 'n skag toegestop word om 'n watervloed in die myn te voorkom. Kyk Rand Mines, *Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited – visitors brochure*, p.1.

<sup>59</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane:...", p.60 en Anon., "Blyvooruitzicht: 20 years old...", *Industrial Review*, 106(11), January 1963, p.14.

<sup>60</sup> *Potchefstroom Herald*, 13.11.1959, p.11 en Anon., "Blyvooruitzicht: 20 years old...", *Mining Industrial Review*, 106(11), January 1963, p.15.

<sup>61</sup> Anon., "Blyvooruitzicht: 20 years old...", *Mining Industrial Review*, 106(11), January 1963, p.15.

tesame met die suuraanleg wat in 1957 opgerig is,<sup>62</sup> het dit as winsgewende bronne van inkomste gedien.<sup>63</sup>

Midde-in die jare sestig het die grondversakkings die verdere ontwikkeling van die Blyvooruitzicht-goudmyn belemmer. Nie alleen is meer as R200 000 bestee om inwoners van veral die mynwoonegebied Westdene na veiliger tuistes te verskuif nie, maar 103 mynwerkers het boonop uit die diens van die Maatskappy getree, terwyl slegs 38 diens aanvaar het.<sup>64</sup> Ten spyte van hierdie terugslae wat deur die toedoen van grondversakkings veroorsaak is, het dit nie die produksie van goud laat daal nie.<sup>65</sup> Die produksie van uraan is wel in hierdie stadium gestaak tot alle probleme wat met die algemene onbestendigheid van die grond verband hou, te bowe gekom kon word.<sup>66</sup> Die Blyvooruitzicht-goudmynmaatskappy het teen die einde van 1968 besluit om 'n goud- en uraanaanleg vir dié myn teen 'n bedrag van R9,5 miljoen op 'n nuwe gedeelte van die huurgebied op te rig.<sup>67</sup>

Ondertussen het die grondversakkings eers in die vroeë jare sewentig gestabiliseer.<sup>68</sup> Tegelykertyd het dit voorgekom asof dit styging van die goudprys<sup>69</sup> gedurende hierdie jare sake vir die Blyvooruitzicht-myn rooskleuriger daaruit laat sien het. Grafiek 1, p.125a, weerspieël 1970 as die piekjaar van goudproduksie by dié myn.

In 1976 is 'n verdere R10-12 miljoen bestee om die uraanaanleg van Blyvooruitzicht uit te brei. Voorts is 'n verdere R4 miljoen aangewend vir onder meer skade wat herstel moes

---

<sup>62</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane:...", p.57.

<sup>63</sup> Potchefstroom Herald, 16.11.1962, p.15 en The Potchefstroom News, 10.3.1961, p.3.

<sup>64</sup> Potchefstroom Herald, 16.10.1964, p.9.

<sup>65</sup> Potchefstroom Herald, 4.12.1964, p.19.

<sup>66</sup> **Carletonville Herald**, 2.10.1964, p.3. Dit wil voorkom asof die sluiting van die uraanaanleg by die Blyvooruitzicht-myn nie net aan die versakkingskrisis gewyt kan word nie. In Suid-Afrika het 19 produsente van uraan hul produksie, vanweë 'n ooraanbod, gestaak. Kyk W. van Rensburg, "Mineral supplies from South Africa, their place in world resources", *The Economist Intelligence Unit*, 59, August 1978, pp.23-25.

<sup>67</sup> Carletonville Herald, 30.9.1983, p.2.


<sup>68</sup> J.F. Wolmarans, *Die ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand: Gebeure in perspektief*, p.104. Dié bron bied heelwat inligting en statistiese gegewens oor die voorkoms en vorming van sinkgate by elke myn in die Carletonville-gebied.

<sup>69</sup> A.C.M. Webb, "Mining in South Africa, F.L. Coleman (ed.), *Economic history of South Africa*, p.192.

GRAFIEK 1

# Blyvooruitzicht-goudmyn

Goudproduksie : 1948, piektyd en 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1948, 1970 en 1988.

word, die verbetering van verkoelingsaanlegte<sup>70</sup> sowel as die ingebruikneming van toerusting om veiliger werksomstandighede vir mynwerkers te verseker.<sup>71</sup> Ten spyte van hierdie kapitale uitleg is in 1978 in 'n persberig bespiegel dat mynbedrywighede by Blyvooruitzicht teen 1985 iets van die verlede behoort te wees.<sup>72</sup> Dit 'n mate van besorgdheid en onsekerheid onder die mynwerkers tot gevolg gehad, aangesien hulle swaar op die myn vir hulle lewensonderhoud gesteun het. Mynwerkers van Blyvooruitzicht is egter gerus gestel dat hulle wel elders geakkommodeer sou word indien dié myn sou sluit.<sup>73</sup>

In 1983 het die moontlike sluiting van Blyvooruitzicht-myn weer ter sprake gekom toe mnr. D.T. Watt, voorsitter van dié Maatskappy, bevestig het dat die lewensduur van die myn inderdaad besig om te verkort. 'n Lewensverwagting van slegs nog 11 jaar is voorspel, wat in hierdie stadium beteken het dat 1994 die laaste produksiejaar sou wees indien eksplorasiwerk nie gunstiger resultate oplewer nie.<sup>74</sup> Ironies genoeg was 1983 juis 'n rekordjaar vir die myn se ertsproduksie, naamlik toe 2 363 000 ton,<sup>75</sup> wat viermaal meer is as byvoorbeeld die 517 000 ton van 1950, gemaal is.<sup>76</sup> Dit is dus duidelik dat die produksie van die Blyvooruitzichtse goudmynmaatskappy daarop afgestem was om soveel as moontlik van die laergraadse erts<sup>77</sup> te ontgin om die produsering van goud hieruit waarskynlik so hoog as moontlik te hou.

Gedurende 1984 was Suid-Afrika egter in 'n ekonomiese depressie, wat 'n negatiewe uitwerking op alle aktiwiteite van die Blyvooruitzicht-goudmyn gehad het.<sup>78</sup> Dit wil voorkom asof dié toedrag van sake tussen 1985 en 1988 statisties gebly het.<sup>79</sup> Die 2830 kg goud wat

---

<sup>70</sup> Anon., Blyvooruitzicht embarks on R16m expansion programme", *Coal*, 25(1), January 1977, pp.27-30; *Carletonville Herald*, 10.10.1975, p.2 asook 1.10.1976, p.7 en *Carletonville Weekly Record*, 1.10.1976, p.12.

<sup>71</sup> G.L.H. Diering, "Diagonal gully stoping system employed by Blyvooruitzicht Goldmining Company Limited", *Papers Association of Mine Managers of South Africa*, 1974-75, pp.261-276 en Anon., "Blyvoor cuts costs with new brick and timber handling system", *Coal*, 25(5), May 1977, pp.19-25.

<sup>72</sup> *Carletonville Herald*, 14.7.1978, p.1.

<sup>73</sup> *Carletonville Herald*, 15.6.1979, p.9.

<sup>74</sup> *Carletonville Herald*, 30.9.1983, p.1-2.

<sup>75</sup> *Carletonville Herald*, 30.9.1983, p.2.

<sup>76</sup> S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book*, 1956, p.47.

<sup>77</sup> *Carletonville Herald*, 30.9.1983, p.2 asook 28.10.1983, p.17 en *Carletonville* (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. Hall (Skakelbeampte, Blyvooruitzicht), 21.3.1990.

<sup>78</sup> A. Granville, "Uranium RSA", *South Africa's Mining Industry*, 1986, p.150.

<sup>79</sup> *Carletonville* (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, S. Hall, 21.3.1990; Anon., "Die vernaamste SA goudmyne", *Die Mynwese*, 3(4), 1986, p.11 en Anon., "Blyvooruitzicht: 50 years on", *South African Mining World*, February 1988, p.35. Kyk *Hoofstuk Een*, p.13 vir meer besonderhede oor die ekonomiese posisie van Suid-Afrika gedurende 1984.

in 1988 deur Blyvooruitzicht geproduseer is (kyk grafiek 1, p.125a), is veel laer as die piekproduksie van 1970 en steeds van 'n laer graad erts verkry. Ander Suid-Afrikaanse goudmyne het dieselfde tendens van agteruitgang getoon.<sup>80</sup>

#### **4.6.1.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Namate goudontginning op Blyvooruitzicht, sedert die eerste mynbedrywighede in 1937 met 'n handjievul arbeiders, op dreef gekom het, het die arbeidsmag teen 1948 al 585 blankes en 478 swartmense getel.<sup>81</sup> Gedurende die dekades vyftig en sestig het die ontwikkeling van die Blyvooruitzicht-goudmyn ook die groei van die arbeidsmag van dié myn gestimuleer, sodat die honderde mettertyd plek vir duisende gemaak het.<sup>82</sup>

In 1978 het die getal swart arbeiders op ongeveer 11 000 gestaan, en die blanke arbeidsmag op naastebly 2000. Oor die jare heen het die arbeidskrag grotendeels konstant gebly.<sup>83</sup> Dit was die dalende goudproduksie van Blyvooruitzicht in die laat-tagtigerjare, gepaard met die daling van die goudprys, wat die werkerstal van die myn noemenswaardig geaffekteer het. Teen 1988 was sowat 10 843 blanke en swart werknemers in diens van die Blyvooruitzicht-goudmyn. Hierdie getal het kort na 1988 verder afgeneem, omdat werkers besnoei is nadat die ontginning van laergraadse ertsriwwe gestaak is. Uiteraard het dit die bedryfskoste verlaag, en dié stap sou waarskynlik daartoe kon bydra om die lewe van Blyvooruitzicht-myn te verleng.<sup>84</sup>

Wat die indiensopleiding van die arbeidsmag van Blyvooruitzicht betref, was die myn al sedert sy aanvang hiermee gemoed.<sup>85</sup> Namate die reservering van geskoolde poste, wat

---

<sup>80</sup> *Carletonville Herald*, 5.2.1988, p.11 asook 14.10.1988, p.14.

<sup>81</sup> E.S. van Eeden, *Die geskiedenis van Gatsrand...*, p.41.


<sup>82</sup> PU vir CHO, *Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2, gebied Westonaria – Welverdiend, verslag no. 3, 1956-57*, pp.53,56,126 en SAB, BAO, Band 2880, lêer C36/5/1361/1, Onruste op myne en bedrywe: Blyvooruitzicht-goudmyn, 1967.

<sup>83</sup> Rand Mines, Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited – visitors brochure, pp.28-29 en *Carletonville Herald*, bylae, "Blyvoor, 1937-1987", 19.6.1987, p.5.

<sup>84</sup> *Carletonville (PU vir CHO)*, Verw. 3: onderhoud, S. Hall, 21.3.1990 en Rand Mines, *Blyvooruitzicht annual report*, 1988, pp.5-6.

<sup>85</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.52.

Die monument opgerig ter herinnering aan die Ootshuizen-gesin.



HIERDIE GEDENKTEKEN KYK UIT OOR  
DIE GEBIED WAAR DIE OOSTHUIZENGESIN  
OP 3 AUGUSTUS 1964  
HULLE LEWENS GELAAT HET TYDENS  
'N KATASTROFIESE GRONDINSAKKING

JOHANNES M OOSTHUIZEN GEB 27. II. 1927  
HESTER C. GEBORE VAN DER WATT. 10. 4. 1930  
JACOBA J M GEB 25. 12. 1951  
JOHANNES D GEB. 16. 2. 1956  
MARIANNE GEB 7. II. 1958

GOD HET HULLE SELF TER AARDE BESTEL.

Bron: Carletonville Herald

voorheen oorwegend deur blankes gevul is, afgeskaf is, het die kwaliteit van opleiding verhoog.<sup>86</sup> In 1988 het vier swart mynwerkers van Blyvooruitzicht geskiedenis gemaak toe hulle, naas twee ander, die eerste swart mynwerkers in Suid-Afrika was om skietsertifikate van die Regering te ontvang.<sup>87</sup>

Om voldoende huisvesting aan sy swart arbeidskorps te verskaf, was vir die Blyvooruitzichtse goudmyn gedurende sy aanvangsjare geen maklike taak nie. Deur te verhinder dat 'n grootskaalse plakkery naby die myn ontstaan, het dié maatskappy tussen 1940 en 1960 twee hostelle opgerig wat gesamentlik 12 000 swart mynwerkers kan akkommodeer. Elke hostel is ook van 'n kombuis voorsien.<sup>88</sup> Etlike jare hierna was daar feitlik geen verdere uitbreiding van hostelgeriewe nie. Namate die getalle van sy swart werkskrag toegeneem het, het die behoefte aan bykomende hostelfasiliteite ontstaan. Dit was eers gedurende die dekade sewentig dat die myn kapitaal aan onder meer die modernisering van die bestaande hostelle en die bou van 'n derde hostel bestee het. Hierbenewens is die senior getroude personeel apart geakkommodeer.<sup>89</sup> Dit wil voorkom asof geen verdere noemenswaardige ontwikkeling met betrekking tot akkommodasie vir swart mense tot en met 1988 op Blyvooruitzicht-myngrond plaasgevind het nie.

Soos met die swart arbeiders, was behuisingsnood ook die lot van die eerste blanke werknemers van Blyvooruitzicht-myndorp. Akkommodasiegeriewe in die pas geproklameerde dorpe van die omgewing was min. Gevolglik het die oprigting van - enkelkwartiere met 'n menasie sowel as huise op myngrond kort na 1937 'n aanvang geneem. Die Nasionale Ontwikkelingsraad (NOR) wat in 1950 gestig is, het sedertdien beheer oor die oprigting van huise buite erkende dorpe uitgeoefen. Die taak van die NOR was om toe te sien dat die oprigting van die wonings op myngrond nie lukraak geskied nie. Teen 1957 was 952 wonings al in die ses Blyvooruitzicht-woonuitbreidings,<sup>90</sup> naamlik The Village, The Hill, Northdene, Southdene, Eastdene en Westdene, opgerig.<sup>91</sup> 'n Verdere 40 erwe, geleë in Carletonville Dorpsuitbreiding no. Vier, is ook deur die Blyvooruitzichtse

---

<sup>86</sup> B. Zatlouk, "Rand Mines versnel vooruitgang", *Die Mynwese*, 1(3), 1987, pp.36-41.

<sup>87</sup> South African Institute of Race Relations, *Race relations survey, 1988/89*, p.416 en *Seipone*, 7.12.1988, p.1.

<sup>88</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.52.

<sup>89</sup> Anon., "Blyvooruitzicht embarks on R16 expansion programme", *Coal*, 25(1), January 1977, pp.27-28.

<sup>90</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", pp.2,66 en *Carletonville Herald*, 7.8.1964, p.6 asook 28.8.1964, pp1,3.

<sup>91</sup> Blyvooruitzicht Goldmining Company Limited, Kaart: blockplan of residential areas", May 1963.

goudmyn ontwikkel, aangesien die NOR nie nog permitte vir die oprigting van wonings op myngrond wou uitreik nie. Die vernaamste rede hiervoor was dat daar reeds 'n ruim aantal geproklameerde dorpe naby die myn bestaan het waar werknemers hulle kon vestig.<sup>92</sup>

'n Katastrofe tydperk het in die dekade sestig vir die blanke woongebied van Blyvooruitzicht gevolg nadat 'n reuse-sinkgat in die middernagtelike ure van 3 Augustus 1964 die Oothuizen-gesin in die Westdene-uitbreiding verswelg het. Hierna het ander soortgelyke versakkings gevolg. Dit is veral die woongebiede Southdene en Westdene wat hierdeur geraak is.<sup>93</sup> Akkommodasie op myngrond het byna oornag 'n probleem geword. Die plaaslike pers het in hierdie stadium berig dat van die gesinne in die Blyvooruitzicht-myndorp, ongeag daarvan of sinkgate op hul woonpersele voorgekom het of nie, hul huise uit vrees ontruim het.<sup>94</sup>

Rand Mines het inderhaas met die beplanning van 'n nuwe woongebied begin, asook die gesinne van die ontruimde huise in die drie karavaanparke op myngrond gehuisves. Sommige haweloses het by vriende ingetrek. Danksy die flinke optrede van Rand Mines is die eerste huise in die nuwe woongebied, suidwes van Southdene, in November 1964 in gebruik geneem.<sup>95</sup> Die getal huise wat teen 1967 in die Blyvooruitzicht-gebied gesloop en/of ontruim is, het ongeveer 261 beloop.<sup>96</sup> Daarmee het die onvoorsiene grondverskuiwings nie net 'n lewenstragedie tot gevolg gehad nie, maar finansieel ook sy tol geeis. As gevolg van die beperkte oprigting van nog huise op ander bewoonbare gedeeltes in die Blyvooruitzichtse dorpsgebied, het die getal beboude woonpersele, naamlik 952, teen die einde van die sestigerjare en gedurende die dekades sewentig en tagtig konstant gebly. Die beginsel was steeds om nie die 1000-kerf te oorskry nie, aangesien 'n selfstandige plaaslike owerheid dan vereiste is.<sup>97</sup> Met die plaaslike owerheid van Carletonville vlak voor die deur van die Blyvooruitzicht-goudmyn, sou 'n gunstige oorweging hiervoor myns insiens futiel gewees het.

---

<sup>92</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.66.

<sup>93</sup> The Star, 3.8.1964, p.1; Westrand Times en Wesrand, 7.8.1964, p.1 en Die Vaderland, 8.8.1964, pp.1-2.

<sup>94</sup> **Carletonville Herald**, 25.9.1964, p.1 asook 2.10.1964, pp.1,3.

<sup>95</sup> **Blyvoor News/Nuus**, 5.4.1965, pp.1-2.

<sup>96</sup> TBP, Carletonville Munisipaliteit (MCV), lêer 22/1(b)(2), Dorp: schedule wat die patron van ontwikkeling by die Carletonville-gebied aantoon, 18.4.1967.

<sup>97</sup> Rand Mines, **Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited – visitors brochure**, p.47. In die brosjure word vermeld dat 23 woonstelle ook in die Blyvooruitzicht-woongebied opgerig is.

Tot en met 1988 is geen verdere noemenswaardige behuisingsprojekte op die myngrond van Blyvooruitzicht geloods nie. Dit was myns insiens ook nie nodig nie, aangesien die goudproduksie en arbeidsgetalle van Blyvooruitzicht nie toegeneem het nie en enige verdere uitbreiding derhalwe onnodig sou wees. Sowat 948 huise in myngebied is in hierdie stadium deur blankes bewoon.<sup>98</sup>

#### **4.6.1.3 Sakedienste, ontspannings-, sport- en kulturele aktiwiteite en mediese fasiliteite**

Deurdat die Blyvooruitzicht-goudmyn hom as mynbou pionier in die Carletonville-omgewing onderskei het, was die skepping van die eerste georganiseerde dienste en kulturele aktiwiteite ter plaatse ook aan die intense bemoeienis en aandag van dié maatskappy te danke. Reeds gedurende die aanvangsjare van die goudmynbedryf te Blyvooruitzicht is kerklike byeenkomste gereël, mediese fasiliteite geskep, sosiale funksies georganiseer, sowel as allerlei sportsoorte gevestig om in die behoeftes van gesinne in die Blyvooruitzicht-myndorp te voorsien.<sup>99</sup>

Wat kerklike aktiwiteite betref, was dit voor 1948 wel vir gesinne van die myndorp moontlik om by gemeentes van naburige dorpe buite die West-Wits-lyn in te skakel. Afrikaanstaliges het by die kerkgenootskappe van Fochville of by dié van Potchefstroom ingeskakel, terwyl Engelstaliges slegs Potchefstroom vir hierdie doel gehad het. Gevolglik het die groeiende Engelstalige bevolking in die gebied van meet af aan gepoog om die vestiging van Engelstalige kerke ter plaatse te stimuleer. Onder die eerstes wat gestig is tel die Rooms-Katolieke, die Anglikaanse, die Metodiste- en kort na 1948, die St. Matthews Presbiteriaanse Kerk wat in Blyvooruitzicht wortel geskiet het. Carletonville het mettertyd die sentrum hiervoor geword.<sup>100</sup>

‘n Algehele gebrek aan mediese fasiliteite in die Carletonville-omgewing het die mynowerheid van Blyvooruitzicht self die nodige mediese geriewe op hul grond laat oprig. Rand Mines het reeds in 1942 aan dorpsbewoners van Oberholzer en Welverdiend


---

<sup>98</sup> J.C. Schutte (red.), Wesrand Streekdiensteraad beplanningondersoek, p.142.

<sup>99</sup> W. Hagan-Watson, “Down memory lane...”, p.2.

<sup>100</sup> B.J.V. Naudé (red.), Gedenkuitgawe: ontvangs van poskoets te Oberholzer, 9-11 Februarie 1952, pp.11,13,21 en E.S. van Eeden, Die geskiedenis van Gatsrand..., pp.59-66. Kyk Hoofstuk Sewe, pp.291-292 ter aanvulling hiervan.

Die Blyvooruitzicht-Ontspanningsklub teen 1952.



Bron: Barlow Rand Ltd.

vergunning verleen om in gevalle van nood by die Blyvooruitzicht-mynhospitaal (in 1983 opgerig) aan te meld. In 1948 is die A.J. Orenstein-mynhospitaal vir swart mynwerkers geopen, terwyl die ou hospitaal vir blanke pasiënte benut is. Laasgenoemde het in 1977 gesluit nadat die Sybrand van Niekerk-hospitaal vir blankes in Carletonville geopen is.<sup>101</sup>

Met betrekking tot sosiale funksies, kultuur- en sportaktiwiteite plaaslik, was die Blyvooruitzicht-myngemeenskap van meet af aan aktief deel van die skeppings- en ontwikkelingsproses hiervan. Van die eerste sportsoorte wat sedert die veertigerjare georganiseer is, is rugby, sokker, gholf, jukskei, krieket, hokkie en rolbal. Rugby is ook die eerste sportsoort wat op 'n streekkompetisiebasis beoefen is, terwyl die ander sportsoorte aanvanklik informeel en vir ontspanning beoefen is.

Ontspanningsgerigte sosiale funksies en kulturele aktiwiteite soos speletjiesaande, filmvertonings, verskeidenheidskonserte en toneelopvoerings het ook afleiding verskaf. Toneelstukke is deur die Blyvoor Amateur Dramatic Society opgevoer.<sup>102</sup> Al hierdie aktiwiteite is in die Blyvooruitzicht-Ontspanningsklub aangebied wat juis vir dié doel deur die Blyvooruitzicht-myn opgerig is. 'n Oudbewoner het gemoedelikerwys opgemerk dat die doel van die klub hoofsaaklik was om almal uit die kwaad te hou!<sup>103</sup> Hoe dit ookal sy, dit moes inderdaad 'n samehorigheidsgevoel onder die half afgesonderde gemeenskap bevorder het.

Die Blyvooruitzicht-Ontspanningsklub is, behalwe vir die gebruik van sosiale en kulturele funksies, ook soms vir opvoedkundige doeleindes deur skole aangewend. Die Blyvooruitzichtse goudmynmaatskappy was van meet af aan met reëlins en die finansiële aspekte rakende die instelling van die eerste skole plaaslik gemoeid. Die myn het self finansiële koste aan dié skole wat na 1948 na Carletonville verskuif het, gedra.<sup>104</sup> Tans bedien twee primêre skole onderskeidelik die Engelstalige en Afrikaanstalige blankes van

---

<sup>101</sup> **Carletonville Herald**, 20.1.1989, p.3 en W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.50. A.J. Orenstein was die eerste mediese direkteur aanvulling hiervan.

<sup>102</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.51-59.

<sup>103</sup> W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.10,14-17,36-38,43-48 en 51-59.

<sup>104</sup> M.M.J. Ootshuizen, Blanke onderwys in die Carletonville omgewing na 1948: 'n historiese perspektief, pp.64,67,74 en Carletonville Herald, bylae: "Blyvoor 1937-1987", 19.6.1987, p.11.

Blyvooruitzicht-gemeenskap, en een primêre skool die swart leerlinge wat op myngrond woon.<sup>105</sup>

Naas vir die skooldoeleindes is die ruimte binne die ontspanningsklub ook vir die lewering van sakedienste benut. 'n Mans- en dameshaarkappersalon was gedurende die pioniersjare hier op 'n deelydse basis tot diens van die myngemeenskap.<sup>106</sup> Die gemeenskap het ook oor 'n handelsektor in die klein in die mynwoonbuurt The Village beskik. Vandaar is onder meer koerante versprei, roomys deur Nels Rust Ice Cream verkoop en groente deur De Ponte Luiz-Partners van die hand gesit,<sup>107</sup> 'n potpourri van artikels deur Blyvooruitzicht Stores en Schutte Brothers verhandel sowel as enkele eetlokale (waarskynlik teekamers) vir die gerief van swart mense opgerig.<sup>108</sup> Hierdie handelsdienste het die weg vir 'n groter ekonomiese infrastruktuur gebaan wat mettertyd in die Carletonville-Oberholzer kompleks tot stand gekom het en terselfdertyd tot 'n meer geïntegreerde gemeenskap bygedra het.<sup>109</sup>

#### **4.7 GOLD FIELDS OF SOUTH AFRICA**

Gold Fields of South Africa (GFSA) is in 1887 gestig.<sup>110</sup> Dié maatskappy was die eerste van sy soort in Suid-Afrika om goudmyne te open en te ontwikkel.<sup>111</sup> Hierdie onderneming van Gold Fields het 43 jaar later op die ontdekking en ontwikkeling van die ryk gouddraende riuwe van die Verre Wesrand, die West-Wits-Lyn, uitgeloop.<sup>112</sup> Sedertdien het die lang en vrugbare betrokkenheid van GFSA met die West-Wits-Lyn vier ryk goudmyne vir Gold Fields in die Carletonville-gebied opgelewer, waarvan die Wes-Driefontein-goudmynmaatskappy die eerste was.

---

<sup>105</sup> J.C. Schutte (red.), *Wesrand Streekdiensteraad beplanningondersoek*, p.142.

<sup>106</sup> Blyvooruitzicht Goldmining Company Limited, Kaart: blockplan of residential areas", May 1963; W. Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.52,55 en Rand Mines ***Blyvooruitzicht Gold Mining Company Limited –visitors brochure***, pp.48-50.

<sup>107</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 1949-1952.

<sup>108</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 21.9.1951 en TBP, BAO, Band 967, lêer A15/1108(1), Handel stadsgebiede: brief, Bantoesakekommissaris, Oberholzer/Hoof Bantoesakekommissaris, Johannesburg, 21.8.1963.


<sup>109</sup> Raadpleeg, ***Hoofstuk Vyf***, pp.210-216 vir meer besonderhede.

<sup>110</sup> R.Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.4.

<sup>111</sup> N. Bremer, "Vakbonden en apartheid in Suid-Afrika", ***"Economish en Sociaal Historisch Jaarboek***, 40, 1977, pp.106-107.

<sup>112</sup> R.Macnab, *Gold their touchstone:...*, pp.2,120.

**Ontwikkeling by die Wes-Driefontein-myn teen 1952.**



Bron: Gold Fields of South Africa Ltd.

## 4.7.1 Wes-Driefontein-goudmynmaatskappy

### 4.7.1.1 Ontwikkeling

Goudontginning by die Wes-Driefontein-goudmyn het van die opspraakwekkendste vondste wat die goudmynbedryf van Suid-Afrika asook dié van die wêreld nóg opgelewer het, voortgebring. Op welke skaal hierdie vondste sedert opening ontgin is, kom in die bespreking van die historiese ontwikkeling van Wes-Driefontein aan die orde.

Die ontwikkeling van die Wes-Driefontein-mynmaatskappy deur GFSA het prakties gesproke reeds in 1983 'n aanvang geneem nadat die Regering 'n huurkontrak vir dié doel goedgekeur het. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939 het verdere inisiatief vir die opening van die goudmyn egter in die wiele gery. Gevolglik is die maatskappy, West Driefontein Gold Mining Company Limited, eers op 7 Maart 1945 geregistreer.<sup>113</sup> Aandeel van sowat 7 500 000 pond wat 10 sjielings elk gekos, en 'n totale waarde van 3 750 000 beloop het, is verkoop en hierdie kapitaal vir die oprigting van geboue en dienste op Wes-Driefontein-myngrond aangewend.<sup>114</sup> Die Blyvooruitsicht-goudmyn het van die waardevolle finansiële ondersteuning wat GFSA in 1937 in die vorm van aandele ten tyde van sy ontwikkeling gebied het,<sup>115</sup> teruggeploeg deur Wes-Driefontein-myn gedurende sy vestigingsjare met tegniese hulp by te staan.<sup>116</sup>

Gedurende die eerste paar maande sedert Wes-Driefontein in Februarie 1952 tot die aktiewe goudmynbedryf toegetreë het, is 'n indrukwekkende 4693 kg goud geproduseer (kyk grafiek 2, p.177).<sup>117</sup> Die 115 000 ton gouderts wat gedurende hierdie jaar ontgin is, reeds in die volgende jaar meer as vervierdubbel, naamlik toe 45 000 ton gouderts maandeliks gemaak is.<sup>118</sup> Twee vertikale skagte en een ovaalvormige vertikale skag was ook teen die einde van 1952 vir produksiedoeleindes gereed. Tydens die uitleg hiervan was waterhoudende ondergrondse skeure vir die myn egter 'n probleem. Die gevaar wat sinkgate

---

<sup>113</sup> R.Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.175.

<sup>114</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book*, 1947-8, p.233.

<sup>115</sup> R.Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.145,146.

<sup>116</sup> W.M. Walkerm "The West Wits Line", *South African Journal for Economics*, 18(1), March 1950, pp.31-32.

<sup>117</sup> Chamber of Mines, *63<sup>rd</sup>. Annual report*, 1952, p.34.

<sup>118</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book*, 1954-55, pp.149,167 en PU vir CHO, Voortgesette Streekopname van Beheerde Gebied no. 2, verslag no. 3..., 1956-57, tabel no.5.

as gevolg van wateronttrekking kon inhou, is wel deeglik besef. Vervolgens is gate geboor, en waar onderaardse grotte voorgekom het, is dit met 'n mengsel van 83% grond en 17% sement opgevol.<sup>119</sup> 'n Aanvang is ook met die no. Vier-skag gemaak, maar toe laat vaar om te verseker dat genoeg kapitaal vir no. Een-, Twee-, en Drie-skag se voltooiing beskikbaar is.<sup>120</sup>

Geen goudmyngroep sal dit betwis dat goudmyn-ontginnig in Suid-Afrika gedurende die dekade vyftig aan die Wes-Driefontein-goudmyn behoort het nie. Reeds 'n jaar nadat die eerste goudstaaf van hierdie myn geproduseer is, het GFSA bekend gemaak dat Wes-Driefontein 'n wins van twee miljoen pond getoon het. Blyvooruitzicht-myn, wat voorheen as die winsgewendste goudmyn geloof is en boonop 10 jaar voor Wes-Driefontein begin het om goud te produseer, is geleidelik deur die opbrengs van die Wes-Driefontein-myn oorskadu.<sup>121</sup>

Om Wes-Driefontein-goudmyn optimaal te benut, is verdere ontwikkelingsmoontlikhede in 1953 ondersoek. Die beplanning van 'n vyfde skag op die suidelike gedeelte van die westelike seksie, asook die ontwikkeling van 'n reduksie- en uraanaanleg, het hieruit voortgevloei. Laasgenoemde is met lenings van Amerikaanse en Britse beleggers opgerig.<sup>122</sup> Die uraanaanleg is in 1956 in produksie gebring. Die produksie van uraan op Wes-Driefontein het ook die goudreste vir uraanverwerking van die Doornfontein-goudmyn ingesluit.<sup>123</sup> Voorts het die ontwikkeling van die no. Vyf-skag ook aandag ontvang en die goudontginningspotensiaal van die gedeelte waarop dié skag opgerig word, as die rykste in die Wes-Driefontein-myngebied beskou. Te midde van die ontwikkeling van die no. Vyf-skag is sinkoperasies by die no. Vier-skag terselfdertyd voortgesit.<sup>124</sup>

---

<sup>119</sup> Anon., "West Driefontein developes -1", *The South African Mining and Engineering Journal*, LXIII(1), 12.7.1952, pp.823-829 en S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book*, 1950-51m pp.221-223.

<sup>120</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Engineering Year Book*, 1950-510, p.227.


<sup>121</sup> R.Macnab, Gold their touchstone:..., pp.184-185.

<sup>122</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Engineering Year Book*, 1950-510, p.167 en Cory Library, Gold Fields Collection, R.R.M. Cousens, "Recovery of the West Driefontein Mine", (groupconference held at Scotland, 2-9 July 1964), p.37.

<sup>123</sup> P.J. Malan, "50 Jare van samewerking in mynbou", *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, p.71 en W.P. de Kock, "The geology and economic significance of the West Wits Line", *The Geological Society of South Africa*, I, 1964, tabel XIV.

<sup>124</sup> S.R. Potter (ed.), *South Africa Mining and Engineering Year Book*, 1954-55, p.167.

**Die verswelging van Wes-Driefontein se reduksieaanleg deur 'n sinkgat in 1962.**



Bron: Wes-Driefontein-myn.

In 1957 het die goudproduksie van die Wes-Driefontein-goudmyn al 'n wins van sewe miljoen pond getoon. Hierdie volgehoue groei van die myn het nie net finansiële 'n reusebydrae gelewer om die aktiwiteite van Gold Fields in Suid-Afrika te bestendig en te verseker nie, maar die myn het ook tot die bestendiging en ontwikkeling van ander GFSA-belange in Suid-Afrika en in die wêreld bygedra.<sup>125</sup> In 1959 is oor die 1 055 973 ton erts gemaal en 33 300 kg goud is hieruit ontgin. Dit was sewevoudig meer goud as gedurende die aanvangsjaar van Wes-Driefontein-myn in 1952.<sup>126</sup>

Benewens hierdie skouspelagtige tempo van produksie en ontwikkeling het Wes-Driefontein ook groeipyne ervaar. Vanweë die aanwesigheid van dolomitiese water ondergronds, is ruim kapitaal bestee om dit beheer, sodat ondergrondse mynbedrywighede nie verhinder word nie. In 1954 was 'n pompinstallasie, net soos dié van die Blyvooruitzichtse goudmyn, ook nodig om water daagliks uit Wes-Driefontein-myngebied te pomp. 'n Aardige hoeveelheid water, naamlik 573 604 miljoen gelling (2 581 218 miljoen liter), is tussen 1954 en 1962 uit die myngebied weggepomp.<sup>127</sup> Dié verligting was egter net tydelik, aangesien die uitgepompte water wat op die oppervlak uitgestort is, in dieselfde kompartement weggesyfer het om maar net weer deur die pompaanleg gesirkuleer te word. As uitvloeisel hiervan is tekens van versakking in die loop van 1959 op die grond van die Wes-Driefontein-goudmyn opgemerk.<sup>128</sup> Grondbeweging in die maalafdeling van die reduksieaanleg by Wes-Driefontein het mynwerkzaamhede beïnvloed. As gevolg hiervan kon die gemiddelde hoeveelheid erts wat per maand gemaal is, nie gehandhaaf word nie.<sup>129</sup> Die reeds vermelde indrukwekkende produksie-uitset van Wes-Driefontein in 1959 sou dus heel waarskynlik nog hoër gewees het as hierdie terugslag nie die myn getref het nie.

---

<sup>125</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone...*, p.185.

<sup>126</sup> Chamber of Mines, **70<sup>th</sup> Annual report**, 1959, p.28. Kyk ook grafiek 2, p.141a.

<sup>127</sup> W.P. de Kock, "The geology and economic significance of the West Wits Line", **The Geological Society of South Africa**, I, 1964, p.375. Die koste verbonde aan die pomptoerusting het 6 270 000 pond beloop. Kyk ook S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book**, 1954-1955, p.167.

<sup>128</sup> South African Transport Services, **The least unsafe route, vol I** (compiled by J.F. Wolmarans), pp.19-21 en **Carletonville Herald**, 12.2.1965, p.3. Uit die berig lyk dit asof die Suid-Afrikaanse Geologiese Vereniging die hersirkulasie van water as 'n direkte oorsaak vir hiërdie sinkgatvorming beskou het. As water ondergronds filtreer, word die fyn gruis van die poreuse bedekking verwyder, en die oorblywende onsuivere materiaal (horingsteen) stort dan in die. Op dié wyse word 'n sinkgat dan gevorm.

<sup>129</sup> South African Transport Services, **The least unsafe route, vol. I** (compiled by J.F. Wolmarans), p.22 en **West Rand Times en Wesrander**, 4.5.1962, p.2.

In Desember 1962 was dit die einste sluimerende grondbeweging wat daartoe gelei het dat 'n sinkgat onder die reduksieaanleg van die Wes-Driefontein-goudmyn gevorm het en dit die reduksieaanleg tesame met 29 man verswelg het.<sup>130</sup> Gevolglik moes Wes-Driefontein etlike maande lank van die welwillendheid van drie naburige goudmyne, naamlik Blyvooruitzicht, Doornfontein en Western Deep Levels, gebruik maak om sy maandelikse ertsproduksie te verwerk. 'n Nuwe groter reduksieaanleg vir Wes-Driefontein is 'n jaar na die ongeluk opgerig, waardeur die verwerkingsproses aan hierdie myn genormaliseer is.<sup>131</sup> Byna tegelykertyd hiermee is die uraanaanleg van die Wes-Driefontein-goudmyn gesluit,<sup>132</sup> aangesien die myn toe genoeg geproduseer het om sy kontrakte na te kom.<sup>133</sup> Gedurende 1962 is ongeveer 3 323 150 ton goudreste vir die produsering van uraan behandel.<sup>134</sup>

Die jaarlikse opbrengs van die Wes-Driefontein-goudmyn het, te midde en ten spyte van die sinkgatvraagstuk in die Carletonville-gebied, steeds so gegroei dat die myn in 1964 hom as die rykste goudmyn in die wêreld onderskei het. Gedurende hierdie jaar het Wes-Driefontein ook die eerste goudmyn ter wêreld geword wat meer as twee miljoen fyn ons (62 968 kg) goud in een jaar geproduseer het.<sup>135</sup> Hierdie posisie het die myn tussen 1965 en 1967 gehandhaaf.<sup>136</sup> Dieselfde tendens kon vir die oorblywende jare van die dekade sestig gegeld het as die ondergrondse watervloed van 1968 nie die aktiwiteite van Wes-Driefontein geaffekteer het nie.

Op 26 Oktober 1968, op 'n myndiepte van sowat 875 meter onder die oppervlak in die delfgebied van die no. Vier-skag, het 'n astronomiese 385 megaliter water die myn ingestroom.<sup>137</sup> As gevolg hiervan was gebeure by Wes-Driefontein-myn dae lank van die opspraakwekkendste nuus ter wêreld.<sup>138</sup>

---

<sup>130</sup> Cory Library, Gold Fields Collection, R.R.M. Cousens, "Recovery of the West Driefontein Mine", (groupconference held at Scotland, 2-9 July 1964), pp.38-40; A.P. Cartwright, *Wes Driefontein – ordeal by water*, p.2; *The Star*, 12.12.1962, p.1 en *Die Transvaler*, 13.12.1962, p.1.

<sup>131</sup> *Die Transvaler*, 26.9.1966, p.3.

<sup>132</sup> P.J. Mlan, "50 Jare van saamwerking in mynbou", *Vereniging van Ondergrondse Amptenare*, 1969, p.71.

<sup>133</sup> Anon., *Mining and annual review*, 76<sup>th</sup> annual report, 1965, p.181.

<sup>134</sup> Cory Library, Gold Fields Collection, R.R.M. Cousens, "Recovery of the West Driefontein Mine", (groupconference held at Scotland, 2-9 July 1964), p.37.

<sup>135</sup> Chamber of Mines, *76<sup>th</sup> Annual report*, 1965, p.34; *Die Transvaler*, 26.9.1966, p.3 en *Herlad vir die Goye Weste*, 5.11.1965, p.1.

<sup>136</sup> Chamber of Mines, *78<sup>th</sup> Annual report*, 1967, p.31 asook *79<sup>th</sup> Annual report*, 1968, p.33.

<sup>137</sup> A.H. Taute and P.W. Tress, "Dewatering of the flooded underground working in the Bank compartment", *The South African Mining and Engineering Journal*, 83, October 1971, pp.23;

Werkers het die myn dadelik ontruim, terwyl twee swart werkers 5000 voet (1 524,39 meter) ondergronds 'n waterpomp, te midde van sterk winde en invloeiende water, in werking gehou het. Dit was egter tevergeefs, aangesien die tempo van watervloei die pompvermoë van die myn verreweg oortref het.<sup>139</sup> Geoloë het bevind dat die drukking van die water in splete in die dolomiet naby die no. Vier-skag, die dun skeiding van oorliggende Transvaalgesteentes versteur het en so 'n onbelemmerde vloeï van water meegebring het. Hierdie vloeï in die Wes-Driefontein-goudmyn het ook die ondergrondse water, wat normaalweg die watervlak van die Bankoog stabiel gehou het, benede vloeihoogte laat daal.<sup>140</sup> Dit het die myn in onguns by die landbousektor van die distrik gebring.<sup>141</sup>

Teen 28 Oktober was die watervloei in die myn steeds besig om toe te neem, en dit het gedreig om die myn te oorstrom. Ramings het daarop gedui dat hierdie ramp die myn twee jaar uit produksie kon hou. Addisionele pompe is gevolglik teen die vyfde dag geïnstalleer, en byna 63 miljoen gelling (2835 miljoen liter) water is binne 24 uur uit die myn gepomp. Teen die negende dag is nog pompe aangebring om die steeds instromende water na die noodopbergingsgebied uit te pomp wat aan ongeveer 560 miljoen gelling water bergruimte kon gee. Tot in hierdie stadium was 440 miljoen reeds uitgepomp, en was 'n alternatiewe opbergingsgebied dus nodig. Buurmyne het weer eens gehelp. Western Deep Levels en Blyvooruitzicht het tunnels na die Wes-Driefontein-goudmyn begin boor om water in dié myn te help weglei.<sup>142</sup>

Ten spyte van hulpmaatreëls het ingenieurs voorsien dat die water binne ongeveer twee weke die 14e vlak van die myn sou bereik. Dit sou beteken dat die myn sou oorstrom en tot

---

South African Transport Services, *The least unsafe route, vol. I* (compiled by J.F. Wolmarans), p.45 en A.P. Cartwright, *Wes-Driefontein – ordeal by water*, pp.57-59.

<sup>138</sup> Byna geen koerant in Suid-Afrika en in die buiteland het die Wes-Driefonteingebeure van 1968 onaangesnoer gelaat nie. Ook etlike artikels hieroor het kort hierna verskyn, soos uit die verwysings van voetnote 137 tot 148 sal blyk. Selfs 'n film is in die sewentigerjare hieroor vervaardig, wat uit die pen van die Suid-Afrikaanse skrywer Wilbur Smith gevloei het. Kyk J. Oxley, *Down where no lion walked...*, p.125. Hierdie verskeidenheid bronne bring uiteraard mee dat statistiek, onder meer met betrekking tot die hoeveelheid water en myndiepte waarin die gebeure afgespeel het, soms drasties verskil.

<sup>139</sup> P. Holtz en J.H. Booyens, "Om 'n myn te red", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 14(2), Februarie 1969, pp.1-2; *Carletonville Weekly Record*, 26.9.1975, p.18 en *Rand Daily Mail*, 28.10.1968, p.1.

<sup>140</sup> J.F. Wolmarans, Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand..., pp.126-128,170.

<sup>141</sup> Kyk *Hoofstuk Drie*, pp.84-91.

<sup>142</sup> Anon., *Mining annual review*, 79<sup>th</sup> annual report, 1968, p.26; P. Holtz en J.H. Booyens, "Om 'n myn te red", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 14(2), Februarie 1969, pp.2-4 en R.R.M. Counsens and W.S. Garrett, "Flooding at the West Driefontein mine", *Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy*, 69, April 1969, p.435.

niet gaan.<sup>143</sup> Gedurende hierdie oorlewingstryd het die Regering sowel as die res van Suid-Afrika sekerlik angstig die van dag-tot-dag-verwikkelinge by Wes-Driefontein gevolg. Daar was ook oorgenoeg rede hiervoor. Indien die myn moes sluit, sou dit 'n groot hap uit die jaarlikse belastinginkomste van die Regering gewees het.<sup>144</sup> Gevolglik sou dit nuwe ontwikkeling noodwendig vertraag het en so ook Jan Publiek indirek benadeel het.

Dan was daar ook nog die aandeelhouers van die Wes-Driefontein-goudmyn, wat met hulle finansiële bydraes die tempo van ontwikkeling van dié myn bepaal het. Dit wil voorkom asof daar wel aandeelhouers was wat reeds, nog voor die stryd om die myn te red 'n bepaalde wending aangeneem het, vertroue in die toekoms van die Wes-Driefontein-myn verloor, en hulle geleidelike steun opgesê het. Dit het vir Wes-Driefontein glo 'n verlies van 80 miljoen rand beteken.<sup>145</sup>

Ongeag hierdie geleidelike verlies het die GFSA en die Wes-Driefontein-goudmynmaatskappy voortgegaan om finansiële koste aan te gaan om die myn van totale oorstroming te red. Mynowerhede en verskeie instansies het daarop besluit om die no. Vier-skag van die res van die Wes-Driefontein-myn af te sluit. 'n Sementasiemaatskappy is vervolgens genader om twee betonproppe van 20 000 kubieke meter op mynvlakke 10 en 12 te installeer. Op sigself was dit 'n lang en spanningsvolle proses vir diegene wat hulle daarmee moes bemoei. Mure is eers geïnstalleer en agter droë gebied is ventilasiepype gelê, gevolg deur 'n agt voet (2,44 meter) miniprop van soliede kitssement. Twee reusagtige 60 voet (18,3 meter) sementvullings (proppe), elk voorsien van vyf kleppype om die water af te lei, terwyl die sementvullings teen die waterdruk bestand is,<sup>146</sup> waarna Wes-Driefontein-goudmyn, na dié dramatiese reddingsverhaal, weer sy werksaamhede kon voortsit.<sup>147</sup> Vir die

---

<sup>143</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.228; *The Star*, 29.10.1968, p.1; *Die Transvaler*, 28.10.1968 en *Rand Daily Mail*, 9.11.1968, p.11.

<sup>144</sup> *Rand Daily Mail*, 9.11.1968, p.11.

<sup>145</sup> *Die Vaderland*, 5.11.1968, p.2.

<sup>146</sup> L.R. Robinson, "Unprecedented inflow of water into the West-Driefontein goldmine", *South African Mechanical Engineer*, 18 March 1969, pp.166-169; Anon., "Plugs which saved West Drie", *Coal*, 16(11), January 1969, pp.21-31 en R.R.M. Cousins and W.S. Garrett, "Flooding at the West Driefontein mine", *Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy*, 69, April 1969, p.444-460.

<sup>147</sup> P. Holtz en J.H. Booyens, "Om 'n myn te red", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 14(2), Februarie 1969, p.4; A.P. Cartwright, *Wes-Driefontein – ordeal by water*, p.70 en A.P. Cartwright, "Wes-Driefontein: ordeal by water", *The South African Mining and Engineering Journal*, 80(1), 28 February 1969, pp.438-440.

**Die uitpompings van die water uit die no. Vier-skag van die Wes-Driefontein-myn, 30  
Oktober 1968.**



Bron: Antonica's Foto's.

regering was hierdie tyding ook 'n verligting, aangesien die onontbeerlike bydrae van Wes-Driefontein tot die inkomste van die staatskas, nou voortgesit kon word.<sup>148</sup>

Ten spyte van hiërdie terugslag, het die produksiesyfer van die hoeveelheid gemaalde erts te Wes-Driefontein-myn tussen 1968 en 1969 slegs 'n effense afname van 2 377 000 ton na 2 306 000 ton getoon.<sup>149</sup> Die kilogram goud wat geproduseer is, het egter aansienlik, van 77 379 na 65 382, gedaal.<sup>150</sup> Tog was die waarde hiervan in hierdie stadium oor die 60 miljoen rand werd, en Wes-Driefontein het hiermee 'n stewige 6% tot die totale wêreldproduksie en 8% tot die totale goudproduksie van Suid-Afrika gelewer.<sup>151</sup> Dié goudmyn was in hierdie stadium vir die Regering 23 miljoen rand aan belastinggeld werd!<sup>152</sup>

Die ontwatering en herstel van die oorstromende skagte was 'n lang proses. Heelwat toerusting moes vervang word en die elektriese, en meganiese toerusting wat weke lank onder hoë druk onder die water gelê het, moes herstel word. Die toekoms van die no. Vier-skag, waaruit die latere Oos-Driefontein-myn moes ontwikkel, was 'n tyd lank onseker. Hierby het die moontlike algehele ontwatering van die Bank-Kompartement, soos vroeër ook die Oberholzer-Kompartement, nou ter sprake gekom. Die Regering het die ontwatering van die Bank reeds ten tyde van die ramp gesteun,<sup>153</sup> bewus daarvan dat hierdie stap moontlik nog grondverskuiwings in die gebied mag veroorsaak. Die waterinvloei in die Wes-Driefontein-goudmyn het die hidrologie van die Bank-Kompartement sedert Oktober 1968 geweldig beïnvloed.<sup>154</sup>

Tussen 8 Januarie en 12 November 1969 is water uit die skagte no's. Twee, Drie en Vier gepomp.<sup>155</sup> In Junie het die grootskaalse uitpomp van water uit die Bank-Kompartement

---

<sup>148</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.228; *Rand Daily Mail*, 9.11.1968, p.11 en Anon., *Mining annual review*, 81<sup>th</sup> annual report, 1970, p.312.

<sup>149</sup> Anon., *Mining annual review*, 81<sup>th</sup> annual report, 1970, p.312.

<sup>150</sup> Chamber of Mines, *80<sup>th</sup> Annual report*, 1969, p.36 asook *81<sup>th</sup> annual report*, 1970, pp.5,31.

<sup>151</sup> Anon., *Mining annual review*, 83rd annual report, 1972, p.331.

<sup>152</sup> Herald vir die Goue Weste, 19.12.1969, p.1.

<sup>153</sup> Anon., *Mining annual review*, 79<sup>th</sup> annual report, 1968, p.271 en *Herald vir die Goue Weste*, 19.12.1969, pp.1-2.

<sup>154</sup> *Rand Daily Mail*, 9.11.1968, p.11.

<sup>155</sup> Die water wat uit die Bank-Kompartement gepomp is, is deur boorgate in die mynput van die noordelike skag van die Oos-Driefontein gestort, waarna dit deur sementkanale weggelei is. Die oorblywende water is na plase in die Oberholzer-distrik weggelei. Kyk Anon., "Fire and flood at West Driefontein Gold Mine", *Coal*, 20(5), June 1972, p.33.

begin, en teen Desember die jaar was die Bank-oog so te sê droog. Versakkings het inderdaad hierna in die gebied voorgekom, en Wes-Driefontein-myn is deur die dorpsbewoners van Bank vir die skade in die Bank-gebied aanspreeklik gehou.<sup>156</sup> Dit is grootliks te verstane, aangesien Bank-dorp en alle sake-aktiwiteite hier, sowel as dié Bank-stasie, gedurende 1970 vanweë die gevaar van sinkgate opgeskort is.<sup>157</sup> Te midde hiervan het die myn in hierdie jaar weer volle produksie bereik.<sup>158</sup>

Die jaar 1971 was vir Wes-Driefontein in twee opsigte 'n besondere tydperk. Gedurende September is die ondergrondse ontwateringsproses in die ontruimingsgebied van die no. Vier-skag gefinaliseer.<sup>159</sup> Daarby het die myn gedurende hierdie jaar 88 883 kg goud (kyk grafiek 2, p.177) geproduseer, en hiermee sy hoogste goudproduksie ooit opgelewer wat hy nooit in die toekoms sou kon herhaal of oortref nie. Wes-Driefontein was in hierdie stadium steeds die hoogs produserende goudmyn in Suid-Afrika.<sup>160</sup>

Met die gebeure van 1968 nog vars in die geheue, moes die Wes-Driefontein-goudmyn op Saterdag 29 Januarie 1972 nog 'n ernstige krisis die hoof bied. Vanweë 'n elektriese defek in die hystoestel van die no. Vyf-A vertikaleskag het 'n brand ontstaan. Die lewens van meer as 500 mynwerkers was as gevolg hiervan in gevaar. Boonop was die myn 25% van sy produksie kwyt. Reddingswerk het onder meer 'n wateroorstroming van die skag ingesluit. Ironies genoeg, is dit presies die teenoorgestelde van die reddingspoging in 1968. Met sowat 750 megaliter water is die vuur uiteindelik teen 22 Februarie geblus, en teen die middel van Maart was die daaglikse gang van mynbedrywighede weer genormaliseer. In die mynhospitaal van Wes-Driefontein moes 175 mynwerkers vir beserings behandel word. Die ramp het die lewens van 16 mynwerkers geëis.<sup>161</sup>

As die goudproduksie van Wes-Driefontein van 1972 met dié van 1973 vergelyk word, naamlik 75 220 kg teenoor 75 511 kg, lyk dit tog asof die ramp gedurende 1972 die produksie van die myn negatief geraak het. Teen 1976 het die Wes-Driefonteinse

---

<sup>156</sup> J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied aan die Verre Wes-Rand...*, pp.102,170,180.

<sup>157</sup> Kyk *Hoofstuk Twee*, p.36, *Vyf*, pp.222-223 en *Ses*, pp.250-252.

<sup>158</sup> Anon., *Mining annual review*, 81<sup>th</sup> annual report, 1970, p.312.

<sup>159</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.229.

<sup>160</sup> Chamber of Mines, *83<sup>d</sup> Annual report*, 1972, p.33.

<sup>161</sup> Anon., "Fire and flood at West Driefontein Gold Mine", *Coal*, 20(5), June 1972, pp.29-37.

goudproduksie verder na 55 754 kg afgeplat, maar dit was steeds die hoogs produserende goudmyn in Suid-Afrika<sup>162</sup> en sigbaar besig om uit te werk.

Ongeag van hierdie dalende neiging in die goudproduksie van Wes-Driefontein, het GFSA steeds in die verdere ontwikkeling van die myn belê. Gedurende 1976 is no. Ses-Skag teen 'n koste van 12 miljoen rand gesink, en die gebruik van gemeganiseerde toerusting is uitgebrei. Daarby is projekte deur Wes-Driefontein van stapel gestuur om die gebruik van nuwe meganiese toerusting, by wyse van eksperimente ondergronds, te toets.<sup>163</sup> As uitloper hiervan is twee meganiese ertssorteeraanlegte in 1978 in gebruik geneem.<sup>164</sup> Wes-Driefontein was in hierdie stadium besig om ook laergraadse goudriwwe sowel as uraan te ontgin. Hierdie stap was een van die myn se eerste pogings om sy lewensduur te verleng.<sup>165</sup>

Die hoeveelheid erts wat jaarliks gemaak is, het gevolglik toegeneem. Dit het egter nie die hoeveelheid goud wat hieruit ontgin is, enigsins verhoog nie. Met ingang van die dekade tagtig het Wes-Driefontein 43 792 kg goud geproduseer. In hierdie stadium het 'n ander goudmyn van die West-Wits-Lyn, Western Deep Levels, vir Wes-Driefontein oortref.<sup>166</sup> Kort hierna het die GFSA die amalgamering van hierdie myn met die veel jonger Oos-Driefontein-goudmyn oorweeg.

In Mei 1981 het Wes-Driefontein met buurmyn Oos-Driefontein verenig om as Driefontein Consolidated, die grootste goudproduserende maatskappy ter wêreld, bekend te staan.<sup>167</sup> 'n Jaar later is die wordende Noord-Driefontein-myngebied ook hierby gevoeg. Verskeie faktore het tot die ontstaan van die Driefontein Consolidated aanleiding gegee. Hieronder tel die steeds stygende inflasiekoers binne die Suid-Afrikaanse ekonomie wat ook die mynbedryf van die land geknou het, die tekort aan mannekrag en kapitaal, asook die skaarsheid van

---

<sup>162</sup> Chamber of Mines, 84th Annual report, 1973, p.28 asook 85th Annual report, 1974, p.33; 86th Annual report, 1975, p.38; 87th Annual report, 1976, p.33 en 88th Annual report, 1977, p.26.

<sup>163</sup> Anon., "Sinking number six at West Drie", *Coal*, 24(7), July 1976, p.1.

<sup>164</sup> Anon., "Two new mechanical ore sorting machines go to West Dries", *South African Mining and Engineering Journal*, 89(4139), April 1978, p.37 en P.J. Barton and N.F. Peverett, "Automated aborting in a South African gold mine", *Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy*, 80, March 1980, pp.103-111.

<sup>165</sup> Chamber of Mines, *89th Annual report*, 1978, p.47.

<sup>166</sup> Chamber of Mines, *92nd Annual report*, 1981, p.49.

<sup>167</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.292. Die Oos-Driefontein-myn word vanaf p.155 in dié hoofstuk bespreek.

materiaal in die bou-industrie wat tot verdragings in die oprigting van geboue op myngrond gelei het.<sup>168</sup>

Deur te verenig as Driefontein Consolidated kon die bestaande infrastruktuur van 'n supermyn soos dié, teen 'n laer koste as wat dit aanvanklik met drie aparte myne die geval sou wees, benut word. In hierdie stadium was Wes-Driefontein se geskatte lewensverwagting nog net 15 jaar, en daai is gemeen dat in plaas daarvan om die myn se infrastruktuur gedurende dié tydperk te onderbenut, dit eerder tot voordeel van die twee ander jong GFSA-goudmyne in die Carletonville-gebied aan te wend. So byvoorbeeld is Wes-Driefontein se skagte reeds in 1981 benut om die nodige hys-en ventilasiefasiliteite aan die Oos-Driefontein-myn te voorsien.<sup>169</sup>

Die totstandkoming van Driefontein Consolidated het die lewensverwagting van die drie myne gesamentlik met 40 tot 50 jaar verleng.<sup>170</sup> Ekonomies gesien, was dit beslis 'n beleggers-voordeel. Werkloosheid is ook bekamp deurdat werknemers, wat andersins 'n ander heenkome sou moes soek, vir die plaaslike gemeenskap en sakesektor behou is. Wes-Driefontein het dus vanaf 1982 'n nuwe era in sy geskiedenis, deur sy finansiële verbintenis met Oos- en Noord-Driefontein, begin. Elk is egter steeds as individuele myne, en as sodanig kompetierend met ander goudmyne, erken.<sup>171</sup>

Die ontwikkeling en verbetering van tegniese toerusting op Wes-Driefontein was gedurende die tagtigerjare steeds aan die orde van die dag. Hieronder tel die gebruik van hand hanteerbare hidrouliese bore ondergronds, in plaas van stamplugbore. Kragkoste is só besnoei en die geraas is verminder.<sup>172</sup> Voorts is die no. Ses-, Sewe- en Agt-wesskag gesink

---

<sup>168</sup> J. Orpen, "Focus on Driefontein", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.35. Vergelyk ook Anon., "Profile: I. Watson, go west young man", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.10. Die Noord-Driefontein-myn word ook op pp.160-162 van dié hoofstuk kortliks bespreek.

<sup>169</sup> Anon., "Driefontein merger: Significant technical and financial benefits", *The South African Mining and World*, 1(7), August 1982, pp.38-41.

<sup>170</sup> J. Orpen, "Focus on Driefontein", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.37.

<sup>171</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.293.

<sup>172</sup> Anon., "Profile: I. Watson, go west young man", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, pp.10, 15 en N. Uys, D. Thompson and I. Pearce, "Automatic control of cyanide in leach solutions of a gold plant", *The South African Mechanical Engineering*, 37, April 1987, pp.159-161.

en ontwikkel. Hierdie skagte het ook 'n bykomende voordeel vir die Oos- en Noord-Driefontein-myn gehad.

Wat die goudproduksie van Wes-Driefontein betref, het dié myn tussen 1982 en 1987 'n konstante 2 880 000 miljoen ton erts per jaar gemaak. Die massa goud hieruit ontgin, was egter steeds besig om af te neem. Gedurende hierdie periode het die produksie van goud van 41 486 kg in 1982 tot 32 208 kg in 1987<sup>173</sup> en 28 050 kg teen 1988 verminder (kyk grafiek 2, p.177).<sup>174</sup> In hierdie stadium was daar nog geen goudmyn in die West-Wits-Lyn-gebied wat Wes-Driefontein se rekord goudproduksie van 1971 kon oortref nie. Daarby is die uraanaanleg in hierdie stadium effektief benut. Die produksie daarvan het toe sowat 20 150 ton beloop.<sup>175</sup>

In 1988 was Wes-Driefontein steeds bekend as een van die grootste verskaffers van goud. Na die Kloof-goudmyn (buite die suid-oostelike grens van die Carletonville munisipale gebied) en die Oos-Driefontein-myn, was Wes-Driefontein in hierdie stadium die derde rykste goudmyn ter wêreld.<sup>176</sup>

#### **4.7.1.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Wes-Driefontein het sedert 1948, met die uitsondering van enkele jare, genoeg blanke en swart arbeiders in diens gehad om aan sy behoeftes te voorsien. Gedurende dié jaar was ongeveer 100 blankes en 595 swart mense in diens van die myn. Die getalle van beide het teen 1953 verdriedubbel na onderskeidelik 486 blanke en 2345 swart arbeiders.<sup>177</sup> Sedertdien het die blanketal heelwat gewissel, terwyl dié van die swart mynwerkers jaarliks toegeneem het. Die aantal blankes is grotendeels deur die beskikbaarheid van die benodigde geskoolde mannekrag

---

<sup>173</sup> Gold Field of South Africa, *Driefontein Consolidated 1987*, p.22 en *The West Driefontein News*, 1(1), April 1988, p.1.

<sup>174</sup> Chamber of Mines, *99<sup>th</sup> Annual report*, 1988, p.33.

<sup>175</sup> A. Granville, "Uranium", Republic of South Africa, *South Africa's Mineral Industry*, 1986, pp.49-50; Gold Field of South Africa, *Driefontein Consolidated 1987*, p.22 en Republic of South Africa, The Bureau for Information, *This is South Africa*, January 1987, p.83.


<sup>176</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

<sup>177</sup> PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2..., verslag no. 3, 1956-57, p.126a.

GRAFIEK 2

# Wes-Driefontein-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar, piektyd  
en 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1952, 1971 en 1988.

bepaal, terwyl die swart werkerstal soms vir kort periodes deur stakings en onrus beïnvloed is.<sup>178</sup> Ongeag eksterne faktore het die getal arbeiders in diens van Wes-Driefontein-myn jaarliks toegeneem. In 1966 was 1500 blankes en 14 400 swart mense in diens van dié goudmyn.<sup>179</sup>

Landswyde onrus onder die swart mense in die sewentigerjare het ook die getalsterkte van die Wes-Driefontein-myn geaffekteer. 'n Tekort aan swart arbeiders het ontstaan, aangesien die getal teen 1975/1976 tot 13 000 gedaal het.<sup>180</sup> In 'n koerantberig is beweer dat die totale arbeidsmag van die Wes-Driefontein-goudmyn in hierdie stadium slegs aan 65% van die myn se behoeftes voldoen het.<sup>181</sup> Redes vir hierdie onrus wat arbeidsgetalle geraak het, moet aan die politieke klimaat van die tyd toegeskryf word. Die toepassing van 'n beleid van apartheid het die ekonomiese gang van Suid-Afrika uiteraard beïnvloed. So byvoorbeeld het werksreservering en die verbod op vakbondvorming van swart mense die gemoedere in swart geleedere toenemende negatief gestem en opstandigheid bevorder. Die Wiehahn-verslag wat in 1979 verskyn het, het aanbevelings in hierdie verband gemaak, waarvan die erkenning van swart vakbonde een is.<sup>182</sup>

Te midde van die pogings deur die Regering om die ekonomiese situasie van die swart arbeiders by wyse van kommissies te ondersoek, het stakings tussen 1980 en 1982 'n groter omvang aangeneem as dié tussen 1974 en 1976. Hierdie onrus is egter hoofsaaklik in die sekondêre sektor opgemerk waar teen die goedkoop arbeidsstelsel betoog is. Van die 281 stakings wat gedurende 1982 plaasgevind het, was die mynwerkers van die Wesrand slegs by ses stakings betrokke.<sup>183</sup> Of die swart mynwerkers van die Wes-Driefontein-goudmyn vir een van hierdie stakingsvoorstelle verantwoordelik was, is nie duidelik nie.

---

<sup>178</sup> SAB, BAO, Band 2882, leer C36/5/1393/2, Arbeidsonrus op myne en bedrywe: brief, Hoofkommissaris Witwatersrand/West Driefontein Gold Mining Company Limited, 26.8.1965; Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. hOwitt, 8.3.1989 en Anon., "Profile: I. Watson, go west young man", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.10.

<sup>179</sup> *Die Transvaler*, 26.9.1966, p.3.

<sup>180</sup> *Carletonville Herald*, 7.3.1975, p.1 asook 6.9.1985, p.1 en Anon., "Sinking number six at West Drie", *Coal*, 24(7), July 1976, p.19.

<sup>181</sup> Carletonville Herald, 7.3.1975, p.1.

<sup>182</sup> South African Research Service, South African Review, some foundations, new facades?, vol. I, pp.204.

<sup>183</sup> South African Research Service, *South African Review*, vol. I, pp.220-225.

In September 1983 was daar wel 'n struweling met betrekking tot ondergrondse veiligheid by Wes-Driefontein waarby die swart vakbond NUM betrokke was. Van die ondergrondse werkers by Wes-Driefontein het geweier om in toestand te werk wat hulle as onveilig bestempel het. NUM het met die voorsitter van GFSA hieroor in gesprek getree, dog die afloop daarvan was negatief, aangesien 'n klomp werkers van Wes-Driefontein afgedank is. Hierdie beloop van sake het gevolglik 'n nadraai by die Industriële Hof gehad. Dit was die eerste verhoor waarby NUM betrokke was. Die Industriële Hof het, tot die onsteltenis van die GFSA, 'n aanbeveling ten gunste van die mynwerkers gemaak.<sup>184</sup>

Alhoewel die mynbousektor gedurende 1984 en 1986 met etlike stakings rakende loonverhogings gekonfronteer is,<sup>185</sup> was die Wes-Driefontein-goudmyn nie werklik hierdeur geraak nie. Teen 1985 het die myn 'n stewige arbeidsmag van gesamentlik 15 608 blanke en swart mynwerkers gehad, en boonop was dit 'n toename van 239 mense in vergelyking met die arbeidsmag van die myn in 1984.<sup>186</sup>

Die opleidingspeil van die grootste gros swart mynwerkers wat teen 1988 in diens van Wes-Driefontein was, was nog nie na wense nie. Alhoewel Wes-Driefontein toenemend aandag aan beroepsgerigte opleiding en die verbetering van werkstoestand ondergronds geskenk het, het slegs tien swart werkers senior poste beklee, terwyl die res ongeskoold of hoogstens 'n standaard ses of agt skoolsertifikaat gehad het.<sup>187</sup> 'n Verhoogde graad van opleiding was egter 'n groot behoefte by die myn, aangesien daar nie genoeg blankes (1679 in 1988)<sup>188</sup> was om alle geskooldevlakposte te vul nie. Daarby het die getal ongeskoolde swart werkers steeds toegeneem, wat 'n hoër druk op opleidingsbeampes geplaas het om hierdie mense vir geskoolde poste voor te berei.<sup>189</sup> Teen Desember 1988 was 16 626 swart mans en 262 swart vroue in diens van die Wes-Driefontein-goudmyn.<sup>190</sup>

---

<sup>184</sup> South African Research Service, *South African Review*, vol. II, p.192 en *Carletonville Herald*, 20.9.1983, p.1.

<sup>185</sup> South African Research Service, *South African Review*, vol. IV, p.259.

<sup>186</sup> Gold Fields of South Africa Limited, *Driefontein Consolidated*, 1985, p.18.

<sup>187</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

<sup>188</sup> Gold Fields of South Africa Limited, *Driefontein Consolidated*, 1985, p.16.

<sup>189</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989 asook onderhoud, D. Poel (Openbare skakelbeampte, Wes-Driefontein-goudmyn), 11.8.1989.

<sup>190</sup> Gold Fields of South Africa Limited, *Driefontein Consolidated*, 1985, p.16.

Wat die akkommodasie van die blanke mynwerkers betref, het Wes-Driefontein al in 1945, nog voor hy daadwerklik tot die plaaslike goudmynbedryf toegetree het, hieroor besin. Carletonville is as uitvloeisel hiervan, en op inisiatief van West Witwatersrand Areas Limited, in 1948 geproklameer. Die eerste huise in Carletonville wat op die koste van Wes-Driefontein opgerig is, is naby die noord-westelike grens van die myn geleë.<sup>191</sup> Teen 1951 het die myn al 213 huise in Carletonville laat oprig.<sup>192</sup> Wes-Driefontein het trouens die onderskeiding dat hy dié mynowerheid in die omgewing is wat die meeste huise in Carletonville vir sy werknemers opgerig het. Die plaaslike boubedryf en boukontraakteurs van Johannesburg het uiteraard by die hoë behuisingsaanvraag vir blankes in Carletonville-dorp gebaat.<sup>193</sup> Teen 1967 het Wes-Driefontein alreeds die oprigting van 896 huise in Carletonville gefinansier. In hierdie stadium was slegs vier woonhuise op myngrond opgerig,<sup>194</sup> waarskynlik om personeel wat nooddienste verrig, te huisves.

Grondverskuiwings in Carletonville in die sestigerjare het ook die Wes-Driefontein-goudmyn se uitgawes aan behuising negatief geraak. Benewens geringe skades soos krake aan etlike van sy huise,<sup>195</sup> moes 62 huise tussen 1966 en 1967 ontruim en/of gesloop word. In Carletonville het Wes-Driefontein-myn meer huise as enige ander myn as gevolg van die grondverskuiwings verloor. Addisionele kapitale uitgawes is sedertdien deur die myn aan behuising en verbeterings gemaak. Die myn was ook met die opvul van sinkgate op die dorp behulpsaam.<sup>196</sup> Teen 1985 het die gemiddelde bedrag wat die myn jaarliks aan die versiering en/of opknapping van huise in die dorp bestee het sowat R1 092 139 beloop.<sup>197</sup> Hiervan was 'n klein persentasie benut vir die herstel van skade wat as gevolg van versakkings veroorsaak is, aangesien die grond in hierdie stadium al grotendeels gestabiliseer en min effek gehad het. Die privaatbehuisingsskema het gedurende die

---

<sup>191</sup> TAB, Stadsklerk Potchefstroom (PM), Band 351, Townlands: report on the establishment of townships, 9.9.1948; R. Macnab, *Gold their touchstone...*, pp.121,124 en *Hoofstuk Twee*, pp.21-24 met betrekking tot dorpsontwikkeling.

<sup>192</sup> Anon., "Seventeen hundred new houses for miners, mines of West Wits Line and Klerksdorp have created four new towns – Carletonville, Westonaria, stilfontein and Orkney", *Mining Survey*, 3(2), March 1951, p.25.

<sup>193</sup> Kyk *Hoofstuk Vyf*, p.211 vir meer inligting hieroor.

<sup>194</sup> TBP, MCV, lêer 22/1(b)(2), Dorpe: skedule wat die patroon van ontwikkeling by die Carletonville-gebied aantoon, 18.4.1967.

<sup>195</sup> TAB, MCV, Band 38, lêer 34/14(b), Formasie, veiligheid van standplase: West Driefontein Gold Mining Company Limited – Cracking of houses in Carletonville, progress report, February 1966.

<sup>196</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/4(g), Erwe oorgedra aan die Stadsraad a.g.v swak formasie asook die onderhoud van erwe waar geboue gesloop is: brief, Mining Rights and Estates Department/Town Clerk Carletonville, 15.6.1966 asook brief, Wes-Driefontein-Goudmyn/Stadsraad Carletonville, 14.1.1967 en lêer 22/1(b)(2), Dorpe: skedule wat die patroon van ontwikkeling by die Carletonville-gebied aantoon, 18.4.1967.

<sup>197</sup> Gold Fields of South Africa Limited, *Driefontein Consolidated, 1985*, p.16.

tagtigerjare geleidelik byval by werknemers gevind.<sup>198</sup> Hierdeur het Wes-Driefontein sy onderhoudsuitgawes aan huise noodwendig verminder.

Verblyffasiliteite vir die swart werknemers van die Wes-Driefontein-myn het gedurende die dekadende vyftig ontwikkel. Drie hostelle is opgerig,<sup>199</sup> en dié is mettertyd sodanig uitgebrei dat dit in 1988 al 16 000 werknemers gehuisves het.<sup>200</sup> Hierbenewens beskik die myn ook oor 'n woonkwartier vir getroude swart mynwerkers, genaamd Letsatsing. Naby hierdie woonkwartiere is etlike gastehuse vir die families en gesinne van die hostelbewoners opgerig waarin hulle tydens 'n kuier kan woon.<sup>201</sup>

#### **4.7.1.3 Sakedienste, ontspannings-, sport- en kulturele aktiwiteite en mediese fasiliteite**

Mynaktiwiteite te Wes-Driefontein het nie alleen die behoefte aan behuising vir swart en blanke werknemers gestimuleer nie, maar dit het ook handelondernemings na die gebied getrek. Op myngrond was die getal handelaars beperk en oorwegend met die doel om die swart gebruiker te bedien. Dit is tans ook die geval en hoofsaaklik daaraan toe te skryf dat die meeste blanke werknemers in Carletonville woon en sake doen, en die swart werknemers ook die sakesentrum van Carletonville ondersteun. Soos met Blyvoorzicht, was die ontspanningsklub van Wes-Driefontein op myngrond gedurende sy pionierjare ook vir sakedoeleindes benut.<sup>202</sup> Teen 1988 het drie konsessiewinkels naby die hostelle sake gedoen.<sup>203</sup>

---

<sup>198</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

<sup>199</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer T1/30 no. T130/3388, Carletonville Township: brief, Sekretaris Gesondheidsraad/Prokureurs Roux en Jacobs, 29.12.1953 en SAB, NTS, Band 9935, lêer 599/408c(1), Compound West Driefontein Gold Mining Co. Shaft no. 1: korrespondensie, 1955-1959.

<sup>200</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart, Carletonville munisipale gebied teen 1988 (Departement Stads- en Streeksbeplanning, Carletonville munisipaliteit).

<sup>201</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989 asook 28.3.1990 en R. Macnab, *Gold their touchstone...*, p.212(b).

<sup>202</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, Minutes: minute, 15.3.1951.

<sup>203</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, lêer T1/346(1), Carletonville Township ext. 2: Carletonville/Oberholzer developmentplan, 11.9.1953 asook lêer T6/13: brief, Consolidated Gold Fields Beperk/Gesondheidsraad vir Buitestedelike Gebiede, 11.2.1948 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

Buiten die konsessiewinkels naby die mynhostelle het die Wes-Driefontein-myn met verloop van jare ook ruim voorsiening vir sportfasiliteite geskep.<sup>204</sup> Die fasiliteite wat naby die hostelle opgerig is, is hoofsaaklik vir die gerief van Wes-Driefonteinse swart werknemers. Fietsry en atletiek is die enigste sportsoorte wat op 'n geïntegreerde grondslag beoefen word. Een toegeruste baan vir elk van hierdie sportsoorte is beskikbaar. Hiernaas is 19 velde vir die beoefening van sokker, twee vir rugby en vyf tennisbane uitgelê. Karate en boks word ook aangebied. Van al hierdie sportsoorte wek sokker sekerlik die meeste belangstelling. Vier sokkerspanne neem op kompetisievlak onder die vaandel van die Wes-Drie-Klub deel, teenoor die drie spanne in rugby.<sup>205</sup>

Wes-Driefontein het in 1963 ook 'n ontspanningsklubkompleks vir sy blanke werknemers in Carletonville opgerig.<sup>206</sup> Hierdie klub het met verloop van jare só ontwikkel dat dit in 1988 11 sportsoorte, naamlik amateur-stoei, netbal, boks, rolbal, krieket, hokkie, jukskei, rugby, tennis, muurbal en sokker gehuisves het. Al 11 sportsoorte word ook op kompetisievlak beoefen.<sup>207</sup> Hierdeur het die myn 'n belangrike bydrae gelewer om die dorpsinwoners se lewenskwaliteite te verbeter.

Soos wat dit met sport die geval is, deel die blanke werknemers van Wes-Driefontein-myn ook hoofsaaklik die kultuurlewe en –aktiwiteite van Carletonville. Hieronder tel koorsang, toneelopvoerings en hul teenwoordigheid in velerlei verenigings en klubs. Dit geld ook vir hul kerklike bedrywighede.<sup>208</sup>

Onder die swart werknemers van die hostelle te Wes-Driefontein is stamdanse weer die vernaamste en gewildste kulturele aktiwiteit. Stamdanse word gereeld Sondag by die drie

---

<sup>204</sup> TBP, BAO, Band 4194, lêer C170/3/1393/1, Ontspanningsgeriewe: West Driefontein Gold Mining Company no. 2 shaft, 1964-1973 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

<sup>205</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.J. Jacobs, (Sportsbeampte, Wes-Driefontein), 6.6.1991.

<sup>206</sup> TBP, BAO, Band 1477, lêer A18/1108/27, Segregation: West Driefontein Gold Mining Company Limited recreation club Carletonville, 1963-1967. Blanke mynwerkers van die Doornfontein- en Oos-Driefontein-myn maak ook van die Wes-Driefonteinse sportfasiliteite gebruik. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C. Howitt, 8.3.1989.

<sup>207</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J. Letourneau (Sportsbeampte, Ontspanningsklub Carletonville), 6.6.1991.

<sup>208</sup> In **Hoofstuk Sewe**, pp.229-301 word die kultuurlewe in Carletonville bespreek.

**Die ou Leslie Williams Memorial-Hospitaal teen 1957.**



**Die nuwe Leslie Williams-Hospitaal teen 1969.**



Bron: Wes-Driefontein-myn.

hostelle gehou, en in stamverband beoefen.<sup>209</sup> Die kerklike betrokkenheid van die hostelbywoners is vaag. Van die blanke kerkgenootskappe in die Carletonville-gebied skakel wel, by wyse van hulle onderskeie sendingaskies, met hiérdie mense.<sup>210</sup>

Mediese fasiliteite word deur die Leslie Williams-mynhospitaal op Wes-Driefontein-myngrond aan die swart werknemers van hierdie myn sowel as aan die mynwerkers van die Oos-Driefontein- en die Deelkraal-goudmyn gelewer. Hierdie hospitaal is na die eerste mediese beampte daarvan, L.S. Williams vernoem. Kort na die opening van die hospitaal in 1957 moes dit egter, as gevolg van grondverskuiwings, sluit. In 1965 is 'n nuwe hospitaal ongeveer ses kilometer suid van Carletonville gehou en in 1969, na opening as die Leslie Williams Memorial-hospitaal herdoop.<sup>211</sup> Die blanke mynwerkers van Wes-Driefontein maak van die mediese fasiliteite van die Sybrand van Niekerk-provinsiale hospitaal,<sup>212</sup> sowel as dié van die Myn Bystandsverenigingskliniek (MBV) op Carletonville gebruik.<sup>213</sup>

#### **4.7.2 Doornfontein-goudmyn**

##### **4.7.2.1 Ontwikkeling**

Daar is kort na die Tweede Wêreldoorlog met die opening van 'n derde myn in die Carletonville-omgewing, die tweede deur Consolidated Gold Fields alhier, begin. Doornfontein Gold Mining Company Limited is in Januarie 1947 as maatskappy geregistreer, en op 25 Februarie is 'n huurgebied van West Witwatersrand Areas Limited op sowat 39 856 ha grond wes van die Wes-Driefontein en die Blyvooruitzicht-goudmyn verkry.<sup>214</sup> Die Doornfonteinse goudmyn is met 'n kapitale omset van sowat 4 000 000 pond, verkry uit 8 000 000 aandele ter waarde van tien sjielings (een rand) elk, gefloteer.<sup>215</sup>

---

<sup>209</sup> Carletonvielle (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.J. Jacobs, 6.6.1991.

<sup>210</sup> E.S. van Eeden, Die geskiedenis van Gatsrand..., p.72.

<sup>211</sup> R. Macnab, Gold their touchstone..., p.311.

<sup>212</sup> Sybrand van Niekerk-hospitaal (Carletonville), Toespraak: amptelike opening van hospitaal, 12.1.1979.

<sup>213</sup> Carletonvielle (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, D. Poel, 11.8.1989 en J. Orpen, "Focus on Driefontein", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.37.

<sup>214</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, *Doornfontein Consolidated, annual report, 1947*, pp.1,3.

<sup>215</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book*, 1947-48, p.235 en W.M. Walker, "The West Wits Line", *South African Journal for Economics*, 18(1), March 1950, p.32.

Die sink van 'n eerste skag het op 21 Maart 1947 amptelik 'n aanvang geneem toe mev. Annan, vrou van die voorsitter van Consolidated Gold Fields, Robert Annan, die eerste sooi gespit het.<sup>216</sup> Die skag is in Oktober 1951 voltooi en staan as die Annan-skag bekend.<sup>217</sup> In Januarie 1948 is met 'n tweede skag begin. Dit is no. Een-skag genoem, en dié is in November 1953 op 'n diepte van 5 066 voet (1 544 meter) voltooi.<sup>218</sup>

In 'n poging om die aanvang van produksie te bespoedig en 'n vertraging te voorkom, is 'n gidsaanleg, met 'n vermoë om 10 000 ton erts per maand te maal voor die voltooiing van die Annan-skag opgerig.<sup>219</sup> Produksiebedrywighede by die Annan-skag het in 1953 'n aanvang geneem. Sowat 36 000 ton erts is per maand gemaal, en gedurende 1953/54 is 5436 kg goud geproduseer (kyk grafiek 3, p.188).<sup>220</sup>

Bemoedigende resultate het daartoe gelei dat verdere aanpassings gemaak is om die maalaanleg in staat te stel om tot 100 000 ton erts per maand te kan maal.<sup>221</sup> Die ontwikkeling van Doornfontein het teen 1955 alle verwagtinge oortref, en dit is onder meer aan die betreklik min probleme met ondergrondse water in hierdie goudmyng gebied toegeskryf. Voorsorg is nietemin getref deurdat pompfasiliteite geïnstalleer is, indien water in die toekoms probleme sou skep.<sup>222</sup>

Benewens die voorsorgmaatreëls wat getref is om ondergrondse water te beheer, kis ander tegnologiese metodes en middele ook benut om verdere ontwikkeling by die Doornfontein-goudmyn te bespoedig. Dit geld onder meer die gebruikmaking van 'n besonderse

---

<sup>216</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Consolidated, annual report, 1948**, pp.5-6 en W.M. Walker, "The West Wits Line", **South African Journal for Economics**, 18(1), March 1950, p.32.

<sup>217</sup> Doornfontein Gold Mine, **Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure**, p.1; Doornfontein Gold Mine, **Doornfontein Gold Mining Company Limited**, (s.j.) en W.P. de kock, "The geology and economic significance of the West Wits Line", **The Geological Society of South Africa**, I, 1964, p.356.

<sup>218</sup> W.M. Walker, "The West Wits Line", **South African Journal for Economics**, 18(1), March 1950, p.32 en S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book**, 1950-51, pp.227,229 asook 1954-1955, p.153.

<sup>219</sup> S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book**, 1950-51, pp.227,231.

<sup>220</sup> Chamber of Mines, **65<sup>th</sup> Annual report**, 1954, p.36.

<sup>221</sup> S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book**, 1954-55, p.151 en Doornfontein Gold Mine, **Doornfontein Gold Mining Company Limited**, (s.j.).

<sup>222</sup> S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book**, 1954-55, pp.151, 153

gemeganiseerde skietprogram om onderaardse tonnels teen 'n vinniger tempo te skiet.<sup>223</sup> Hierdeur is die maal van erts bespoedig. Gevolglik was die erts was jaarliks gemaal is, teen 1956 byna dubbeld soveel as gedurende die eerste produksiejaar van die myn, naamlik 644 000 ton erts teenoor 379 000 ton.<sup>224</sup>

Met die aanvang van die dekade sestig is die Doornfontein-myn steeds deur vooruitgang gekenmerk. Teen 1963 is soveel as 1 496 000 ton erts al gemaal, en hieruit is 197 024 kg goud geproduseer. Daarby is die uraanneerslae van Doornfontein van sowat 156 300 ton deur die Wes-Driefontein-myn, soos vroeër vermeld, verwerk.<sup>225</sup> 'n Verdere twee skagte, waarvan een 'n hulpskag vir die no. Een-skag is, is ook in hierdie stadium opgerig.<sup>226</sup> Die voorkoms van sinkgate in die gebied in die sestigerjare het nie die goudproduksie van die myn geaffekteer nie, aangesien grondverskuiwings in die Carletonville munisipale gebied eerder noordooswaarts geneig het.<sup>227</sup>

Gunstige omstandighede vir die produsering van goud in die Doornfonteinse myngebied het dus teen 1970 daartoe bygedra dat Doornfontein die hoogste hoeveelheid goud ooit geproduseer het. Uit 1 402 000 ton erts is 22 973 kg goud ontgin, en dit kon dié myn selfs nie in die jare hierna herhaal of oortref nie (kyk grafiek 3, p.188).<sup>228</sup> 'n Toenemende degradering van die ertsgehalte in myngebied, gepaard met 'n afname aan ontginningsmoontlikhede, is waarskynlik die vernaamste redes waarom die prestasie van 1970 nie herhaal is nie.

In 1976 het die mynbestuur van Doornfontein die grondgebied, ten spyte daarvan dat die goudpotensiaal daarvan besig was om uitgeput te raak, weer geëksploreer.<sup>229</sup> Daarna is intensiewe boorwerk in die suidwestelik gedeeltes van myngebied onderneem. Huurpagg is

---

<sup>223</sup> R.R.M. Cousens, "Some aspects of development", *Journal of the South African Institute of Mining and Metallurgy*, 57(2), September 1956, pp.67,77,79-80.

<sup>224</sup> Anon., Doornfontein...a mine that has amply lived up to expectations", *Mining Industrial Review*, 107(2), April 1963, p.2 en Chamber of Mines, *68<sup>th</sup> Annual report*, 1957, p.86.

<sup>225</sup> Chamber of Mines, *74<sup>th</sup> Annual report*, 1963, p.56; Anon., "Doornfontein...a mine that has amply lived up to expectations", *Mining Industrial Review*, 107(2), April 1963, pp.3-4 en *Potchefstroom Herald*, 3.11.1959, p.9 asook 11.11.1960, p.3.

<sup>226</sup> Doornfontein Gold Mine, Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure, p.1.

<sup>227</sup> Kyk *Hoofstuk Twee*, pp.32-42.

<sup>228</sup> Chamber of Mines, *82<sup>nd</sup> Annual report*, 1971, p.64.

<sup>229</sup> Carletonville Weekly Record, 24.9.1976, pp.3,5.

ook op grond verder wes van die bestaande myngebied vir eksplorasiedoeleindes verkry. Die uitkoms was bevredigend.<sup>230</sup> Onderwyl die toekoms van hierdie nuwe ontginningsgebied beplan is, is die ontwikkeling in die reeds bestaande skagte verder gevoer. Die toenemende toepassing van gemeganiseerde ontginnigstegnieke<sup>231</sup> het teen 1978 daartoe bygedra dat die goudproduksie van Doornfontein stewiger as die vorige twee jaar vertoon het. Sodat 12 564 kg goud is uit 1 440 000 ton erts geproduseer.<sup>232</sup>

Die stewiger goudprys gedurende 1980 het ook die vooruitsigte op die sink van skagte op die Doornfonteinse myngrond aansienlik rooskleuriger laat lyk.<sup>233</sup> In 1981 is meer as 'n R100 miljoen vir die sink van skuinsskag sowel as vir die oprigting van 'n no. Drie-skag, 'n no. Drie- subvertikaleskag en no. Drie- subventilasieskag in die westelike deel van die nuwe huurgebied begroot. Die mynbestuur van Doornfontein het gepoog om hierdie voorgestelde uitbreidings in 'n kort tydperk te vestig, aangesien die goudproduksie van die oorspronklike myn vinnig besig was om te daal.<sup>234</sup>

Alhoewel hierdie nuwe ontwikkeling die lewensduur van Doornfontein met soveel as 20 jaar sou verleng, het die nie oornag belowender goudproduksie beteken nie. Sedert die 11 889 kg goud wat in 1981 geproduseer is, het die goudproduksie van hierdie myn jaarliks gedaal, sodat teen 1987 slegs 8064 kg geproduseer is. Die hoeveelheid erts wat ontgin en genaak is naamlik 1 464 000 ton, het gedurende hierdie jare konstant gebly.<sup>235</sup> Dit was in hierdie stadium dus duidelik dat die myn reeds groot hoeveelhede erts verwerk het.

---

<sup>230</sup> Anon., "New life for Doornfontein?, New lease formula and ore value will answer the question", **Coal, Gold and Base Minerals of Southern Africa**, 28(1), 22 January 1980, p.2 en Anon., "Doornfontein opens up", **Coal, Gold and Base Minerals of Southern Africa**, 29(2), February 1981, p.25.

<sup>231</sup> Anon., "Controlled diamond drilling proves success at Doornfontein Goldmine", **The South African Mining and Engineering Journal**, 89(4139), April 1978, p.75 en P.J. Botha, "Mechanised mining project site at Doornfontein Gold Mining Company Limited", **Journal of the Mine Ventilation Society of South Africa**, 32, June 1979, pp.114-119.

<sup>232</sup> Chamber of Mines, **89<sup>th</sup> Annual report**, 1978, p.36 asook New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual reports**, 1976 en 1977.

<sup>233</sup> **Carletonville Herald**, 15.8.1980, p.1. Kyk ook **Hoofstuk Een**, p.12 met betrekking tot die algemene ekonomiese ontwikkeling van Suid-Afrika.


<sup>234</sup> Anon., "Doornfontein opens up", **Coal, Gold and Base Minerals of Southern Africa**, 29(2), February 1981, pp.25-27; Doornfontein Gold Mine, Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure, p.1 en **Carletonville Herald**, 15.8.1980, p.1. Die nuwe huurgebied het beteken dat 563 ha grond by die bestaande myngebied van Doornfontein gevoeg is.

<sup>235</sup> Chamber of Mines, **92<sup>nd</sup> Annual report**, 1981, p.49 tot **98<sup>th</sup> Annual report**, 1987, p.36 en Anon., "Die vernaamste SA goudmyne", **Die Mynwese**, 3(4), 1986, p.9.

GRAFIEK 3

# Doornfontein-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar, piektyd  
en 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1953, 1954, 1970 en 1988.

In 1988 is die nuwe no. Drie-skagstelsel in gebruik geneem. Die hoëgraadse Koolstofleieriff in die suidelike gedeelte van die nuwe westelike myngebied kon nou ontgin word. Daarby is laergraadse Hoofrif-gebiede steeds verwerk. In hierdie stadium het die myn uit 'n huurgebied van 4548 ha bestaan en sowat 7579 kg goud uit 1 462 000 ton erts geproduseer (kyk grafiek 3, p.188).<sup>236</sup> Dit wil voorkom asof Doornfontein eers vroeg in die dekade negentig werklik nuwe vondste op die sowat 563 ha huurgrond in die westelike dele van sy myngebied gemaak het.<sup>237</sup>

#### **4.7.2.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Nadat goudmynaktiwiteite in 1945 by Doornfontein 'n aanvang geneem het, was die behoefte aan blanke arbeiders en verblyf nog betreklik min.<sup>238</sup> Teen 1948 het die myn maar sowat 65 blanke en 306 swart werknemers in diens gehad en bly dit dat arbeidsgetalle eers sedert 1954 sterk toegeneem het. Dié moet inderdaad aan die toenemende ontwikkeling en uitbreiding by die myn toegeskryf word. In 1958 het 710 blanke en 5364 swart werkers al in diens van die myn gestaan, en dit was toe al veel hoer as gedurende die opname van 1954, naamlik 374 blankes en 2389 swart mense.<sup>239</sup>

Vanweë die goudmynbedrywighede het akkommodasiebehoefte toenemend meer aandag van die mynowerheid vereis. Alhoewel die Doornfontein-myn naby die dorp Welverdiend geleë is, is huise vir blankes aanvanklik net op myngrond opgerig.<sup>240</sup> Die vernaamste rede vir hierdie besluit was waarskynlik die gebrek aan 'n behoorlike infrastruktuur in Welverdiend.<sup>241</sup> Daarteenoor is Carletonville, wat veel beter toegerus was, begunstig deurdat die bestuur van die Doornfontein-goudmyn bouplanne ter waarde van R84 000 gedurende 1958 vir die oprigting van huise op die dorp vir hierdie myn goedgekeur het.<sup>242</sup> Die uitbreiding van verblyfgeriewe vir swart werkers het reeds in 1955 daadwerklik aandag

---

<sup>236</sup> Chamber of Mines, **99<sup>th</sup> Annual report**, 1988, p.43.

<sup>237</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1990, p.5.

<sup>238</sup> PU vir CHO, Voortgesette streekopname van Beheerde Gebied no. 2..., verslag no. 3, 1956-57, p.127 en W.Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.1.

<sup>239</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1958 asook ..., **annual report**, 1954, 1955-1957.

<sup>240</sup> W.Hagan-Watson, "Down memory lane...", p.1 en Anon., "Seventeen-hundred new houses for mines: mines of West Wits Line...", **Mining Survey**, 3(2), March 1951, p.25.

<sup>241</sup> Kyk Hoofstuk Twee, p.27.

<sup>242</sup> Nedbank-argief, Economiese Ontwikkeling (EO), Band 11, no. 102-108, Ekonomiese oorsigte van die Carletonville-tak: ekonomiese oorsig, Nederlandse Bank van Suid-Afrika Beperk, Carletonville, 28.2.1958.

ontvang. Naas die tydelike Annan-hostel, bestaande uit 32 kamers en wat mettertyd vergroot en verbeter is tot 'n permanente hostel,<sup>243</sup> is sowat 116 989 pond aan die oprigting van kwartiere vir getroude swart personeel bestee.<sup>244</sup>

Dit wil voorkom asof die blanke werknemers van die Doornfontein-goudmynmaatskappy gedurende die dekade sestig in 'n toenemende mate hulle tot Carletonville as verblyfplek gewend het. Afgesien daarvan dat die gevestigde infrastruktuur en groei van dié dorp waarskynlik 'n vername rede vir hierdie tendens is, moet die vestiging van 'n behoorlike padnetwerkstelsel tussen Carletonville en hierdie myn ook as 'n bydraende faktor beskou word. Dié maatskappy het teen die jare 1967/1968 al oor 525 erwe in Carletonville beskik en werknemers kon met behulp van Blanke Behuisingskema van die myn hierdie erwe bekom.<sup>245</sup> Die oprigting van hierdie erwe was egter aanvanklik traag en dalk deels te wyte aan die onsekerheid wat die tendens van grondverskuiwings meegebring het, aangesien die Doornfonteinse myn reeds ernstige skade, as gevolg van grondversakkings, aan 37 van sy 65 huurhuise te Carletonville gehad het. Al 37 moes gesloop word.<sup>246</sup> Namate die gebied egter gestabiliseer het, is nog huise deur die myn in Carletonville opgerig. Dit het geter teen 1988 steeds nie 65 huise oorskry nie.

Afgesien van Carletonville het Doornfonteinse mynpersoneel hulle veral vanaf die tagtigerjare ook in 'n toenemende mate in Welverdiend en ander naburige dorpe gevestig.<sup>247</sup> Dus was die meerderheid blanke werkers in 1988 in die omliggende dorpe woonagtig, terwyl 'n handjievol werkers die 56 wonings op myngrond beset het.<sup>248</sup> Die blanke arbeidsmag, wat sedert 1968 tussen 800 en 900 gewissel het, het steeds minder as 1000 getel.<sup>249</sup>

---

<sup>243</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1948, p.6.

<sup>244</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1955, p.3.

<sup>245</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1967, p.3 asook ..., **annual report**, 1968, p.6.

<sup>246</sup> TBP, MCV, lêer 22/1(b)(2), Dorpe: skedule wat die patron van ontwikkeling by die Carletonvillese gebied aantoon, 18.4.1967.

<sup>247</sup> Doornfontein Gold Mine, Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure, p.4.

<sup>248</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.J. Boonsaaij (Personeelbeampte, Doornfontein-goudmyn), 5.7.1991.

<sup>249</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1968 tot ..., **annual report**, 1988.

Vergeleke met die blanke werknemerstal was die getal swart mynwerkers in 1968 ver meer, naamlik 8000. Hierdie getal het gedurende die dekade sewentig nie noemenswaardig gegroei nie en eers in die tagtigerjare oor die 9000-kerf beweeg.<sup>250</sup> Die ontginning van goud binne die nuwe huurpaggebied<sup>251</sup> was waarskynlik die vernaamste rede vir hierdie groei. Teen 1988 was sowat 9363 swart werkers in diens van die myn.<sup>252</sup> Vanweë die vermelde groei het die Doornfontein-myn sy akkommodasiefasiliteite aangepas. Die beplanning van 'n nuwe hostel naby die no. Drie-skag het gedurende 1984 momentum gekry, en die oprigting daarvan is in 1988 afgehandel.<sup>253</sup>

#### **4.7.2.3 Sakedienste, ontspannings-, sport- en kulturele aktiwiteite**

Die infrastrukturele dienste en die kulturele aktiwiteite wat op myngrond aangebied word, is hoofsaaklik vir die gerief van die swart werkers van Doornfontein. Soos dit met die meeste myne in die gebied die geval is, was hierdie dienste en aktiwiteite gedurende die pioniersjare maar skamel. Dit het mettertyd verbeter. Hieronder tel die dienste van 'n poskantoor depot, sowel as 'n mediese depot waar minder ernstige beserings behandel word, en een konsessiewinkel. Ernstige mediese gevalle is na die Leslie Williams Memorial-hospitaal verwys.<sup>254</sup> By elk van die twee hostelle op die Doornfontein-myngrond is 'n biertuin en 'n kantien.

Voldoende sportfasiliteite vir swart werkers kom ook naby die hostelle voor. In totaal is daar vier velde, wat vir beide rugby en sokker benut word, en twee tennisbane tot die hostelbewoners se beskikking. Hierbenewens is daar ook 'n rolbalbaan, 'n swembad en 'n minigholfbaan wat deur beide blank en swart werkers gebruik word. Die beoefenaars van elk van hierdie sportsoorte is by die Gold Fields West Recreation Club te Carletonville geaffilieer. Laastens beskik die Doornfontein-goudmyn ook oor 'n dansarena vir die beoefening van stamdansaktiwiteite deur die hostelbewoners.<sup>255</sup>

---

<sup>250</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1968 tot ..., **annual report**, 1987.

<sup>251</sup> Doornfontein Gold Mine, Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure, p.3.

<sup>252</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Doornfontein Gold Mining Company Limited, annual report**, 1988, p.5.

<sup>253</sup> Doornfontein Gold Mine, "Doornfontein Gold Mining Company Limited", (s.j.) en J.C. Schutte (red.), **Wesrand Streekdiensteraad beplanningsondersoek**, p.142.

<sup>254</sup> Doornfontein Gold Mine, **Doornfontein Gold Mining Company Limited: visitors brochure**, p.5 en Doornfontein Gold Mine, "Doornfontein Gold Mining Company Limited", (s.j.).

<sup>255</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, A.J. Boonsaaier, 5.7.1991.

Soos in die geval met sport is daar van ander georganiseerde kulturele aktiwiteite op myngrond vir blankes skaars sprake, aangesien Carletonville as die sentrum vir die beoefening hiervan beskou word. 'n Damesboekeklub bestaan wel al etlike jare. Die doel van die klub was hoofsaaklik om onderlinge skakeling tussen die vroue van mynwerkers aan te moedig. Benewens uitstappies en opvoedkundige praatjies, het die dames ook lektuur aangeskaf en onder mekaar uitgeruil. Laasgenoemde was veral in die pioniersjare van mynvestiging 'n behoefte, omdat geen openbare biblioteek toe plaaslik bestaan het nie.<sup>256</sup>

### **4.7.3 Die Oos-Driefontein-goudmyn**

#### **4.7.3.1 Ontwikkeling**

Die Goldfields-Groep het in die laat-sestigerjare, ongeag die onsekere toekoms wat vir die Carletonville-sinkgatgebied voorspel is, daadwerklik aan 'n nuwe myn in hiërdie omgewing aandag gegee. 'n Intensiewe boorprogram oos van Wes-Driefontein-myn, op die plaas Driefontein IQ 614,<sup>257</sup> het reeds in 1963 'n aanvang geneem. Belowende vondste hier het daartoe gelei dat Gold Fields in Mei 1963 by die Regering om die huur van grond duskant Wes-Driefontein aansoek gedoen het.<sup>258</sup> Die eertydse minister van Mynwese, dr. C. De Wet, het mynpag op sowat 4829 morg (4 152 94 ha) grond vir die bedrywighede van die nuwe goudmyn, genaamd Oos-Driefontein, en só genoem vanweë die oostelike ligging daarvan van die Wes-Driefontein-myn, toegestaan.<sup>259</sup>

Aanvanklik is die kapitale uitleg vir die ontwikkeling van Oos-Driefontein-myn op 30 miljoen rand geraam.<sup>260</sup> Hierdie geraamde bedrag het egter, na die traumatiese watervloed by die no. Vier-skag van die Wes-Driefontein-myn in 1968, drasties gestyg. Die aanvanklike ontwikkeling van Oos-Driefontein was bestem om vanuit die einste no. Vier-skag te ontplooi.

---

<sup>256</sup> Carletonville (PU vir CHO, Verw. 3: onderhoud, G. Gibson (Beampte, Doornfontein-myn), 26.2.1991.

<sup>257</sup> Aktes van Transport (Aktekantoor, Pretoria), Verw. IQ, plaasregisters, 1865-1910.

<sup>258</sup> Anon., "East Driefontein – newcomer to the West Wits Line", *Mining Survey*, 72, May 1973, p.23; Anon., "Southern Africa", *Mining Annual Review*, 1965, pp.227-228 en East Driefontein, East Driefontein – a division of Driefontein Consolidated Limited (s.j.).

<sup>259</sup> *Die Transvaler*, 3.5.1968, pp.1-2; *The Star*, 2.5.1968, pp.1,34 asook 28.5.1968, p.2 en *Die Beeld*, 9.6.1968, p.18.

<sup>260</sup> R. Macnab, *Gold their touchstone:...*, p.225.

As hierdie skedule volgens plan verloop het, kon die Oos-Driefontein-goudmyn tot soveel as drie jaar vroeër geproduseer het.<sup>261</sup>

Onderwyl Gold Fields gepoog het om die skagsinkproses by Oos-Driefontein so spoedig as moontlik af te handel, is die nodige fasiliteite geskep om die watervloei by no. Vier-skag effektief te kontroleer, om hiermee nie die ontwikkeling van Oos-Driefontein verder te vertraag nie.<sup>262</sup> Nege pompe wat 'n totale kapasiteit van 30 miljoen gelling (1350 miljoen liter) water per dag kon hanteer, is by die nuwe myn se pompstasie geïnstalleer.<sup>263</sup> Nadat die ondergrondse watervlak teen Januarie 1971 bevredigend gedaal het, het die Wes- en Oos-Driefontein-myn toestemming vir die Departement van Mynwese gekry om hul werksaamhede in no. Vier-skag te hervat.<sup>264</sup> Die kapitale koste om Oos-Driefontein-myn tot 'n geskatte maalkapasiteit van 200 000 ton per maand te bring, is op 70 miljoen rand geraam,<sup>265</sup> dus 40 miljoen meer as die geskatte ontwikkelingskapitaal.

In April 1972 het mynbedrywighede by Oos-Driefontein in alle erns begin toe gouderts uit die Ventersdorp-Kontakrif, die Koolstofleieriff en die Hoofrif ontgin is.<sup>266</sup> Gedurende hierdie aanvangsjaar van goudontginning het Oos-Driefontein 10 600 kg goud uit 530 000 ton erts geproduseer (kyk grafiek 4, p198).<sup>267</sup> Dit is aansienlik meer as die produksie waarmee buurmyne soos Blyvooruitzicht, Doornfontein, Wes-Driefontein, en later Deelkraal en Elandsrand, kon spog.<sup>268</sup> Vir die aandeelhouers en die Regering was die langer wagtydperk vir die voltooiing van hierdie belowende jong myn ongetwyfeld die moeite werd.

---

<sup>261</sup> A.H. Taute and P.W. Tress, "Dewatering of the flooded underground workings in the Bank compartment", *The South African Mining and Engineering Journal*, 83, October 1971, p.31; *Die Beeld*, 9.6.1968, p.18; *The Star*, 2.5.1968, p.34 en J. Orpen, "Focus on Driefontein", *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.37.

<sup>262</sup> A.H. Taute and P.W. Tress, "Dewatering of the flooded underground workings in the Bank compartment", *The South African Mining and Engineering Journal*, 83, October 1971, pp.31,35,37.

<sup>263</sup> Carletonville Herald, 27.3.1970, p.5.

<sup>264</sup> A.H. Taute and P.W. Tress, "Dewatering of the flooded underground workings in the Bank compartment", *The South African Mining and Engineering Journal*, 83, October 1971, p.39.

<sup>265</sup> A.H. Taute and P.W. Tress, "Dewatering of the flooded underground workings in the Bank compartment", *The South African Mining and Engineering Journal*, 83, October 1971, p.31.

<sup>266</sup> Anon., "East Driefontein – newcomer to the West Wits Line", *Mining Survey*, 70 May 1973, p.21.

<sup>267</sup> Chamber of Mines, *84<sup>th</sup> Annual report*, 1973, p.28.

<sup>268</sup> Die goudmyne doornfontein, Deelkraal en Elandsrand word later in hierdie hoofstuk bespreek.

Teen 1974 is, in teenstelling met die gevolgtrekkings wat in die huurkontrak gemaak is, bevind dat die Kontakrif se erts van hoër graad was. Gevolglik het Gold Fields 'n eksplorasiëprogram verder na die noordelike grens van die myngebied van stapel gestuur.<sup>269</sup> Ondertussen is met die eerste fase van die Oos-Driefontein-goudmyn se ontwikkelingsprogram voortgegaan, en ondergrondse werksaamhede van so diep as 4000 meter is in die vooruitsig gestel. As 'n begin is een van die hoofskagte tot 'n diepte van 2000 meter gegrawe. Die doel hiermee was om die produksiedoelwit van 181 000 metriek ton erts per maand voor 1976, die teikenjaar, te bereik. Die tweede fase het 'n diepte van 2926 meter, en hiermee saam ondergrondse hyskamers, in die vooruitsig gestel. Vanweë die gebruik van minder arbeiders sowel as van 'n modern gesofistikeerde instrumentasie- en kontrolestelsel,<sup>270</sup> was die bespiegeling in 1973, naamlik dat hierdie myn die supermyn van die toekoms kon word,<sup>271</sup> inderdaad besig om verwesenlik te word.

Gedurende 1976 en kort daarna verdere ontwikkeling by die myn plaasgevind. Die no. Drieskagstelsel van 14 verdiepings is naby no. Twee-skag voltooi, en vier waaiers is ondergronds geïnstalleer. Daarby is no. Een-subvertikaleskag ook opgerig. In elk van die 24e en 26e verdiepings is 'n verkoelingsaanleg, die eerste van hul soort by die Oos-Driefontein, geïnstalleer.<sup>272</sup> Oos-Driefontein kon ook, by wyse van drie rekenaarstelsels wat gemonteer is, sy reduksieaanleg van 'n kontrolesentrum af monitor.<sup>273</sup> Die bestendige goudproduksie van die myn was waarskynlik in hierdie stadium grotendeels 'n vername rede waarom sóveel modernisering, ontwikkeling en verbeterde tegnologie tot voordeel van dié myn ingevoer kon word. Gedurende 1977 het Oos-Driefontein 48 847 kg goud uit 2 096 000 ton erts geproduseer, en dit sou in die toekoms ook uitgewys word as die piekjaar van goudproduksie deur Oos-Driefontein (kyk grafiek 4, p.198a).<sup>274</sup>

Tot en met die vereniging van die Oos-Driefontein- en die Wes-Driefontein-myn in 1981, het die hoeveelheid goud wat by eersgenoemde myn geproduseer is, jaarliks met gemiddeld 3125 kg gedaal. Hierteenoor het die hoeveelheid erts wat gemaak is, van 2 313 000 ton na

---

<sup>269</sup> Anon., "Getting to work in the big end", *Mining Survey*, 77, May 1975, p.24 en Anon., Driefontein merger: significant technical and financial benefits", *The South African Mining World*, 1(7), August 1982, pp.35-37.

<sup>270</sup> Anon., "East Driefontein – newcomer to the West Wits Line", *Mining Survey*, 72 May 1973, pp.21-28 en Anon., "Getting to work in the big end", *Mining Survey*, 77, May 1975, pp.24-25.

<sup>271</sup> Anon., "East Driefontein – newcomer to the West Wits Line", *Mining Survey*, 72 May 1973, p.21.

<sup>272</sup> Anon., "That sinking feeling", *Coal*, 24(6), June 1976, pp.17-22.

<sup>273</sup> R.D. Beck, "Controlled reduction at East Drie", *Coal*, 24(11), November 1976, pp.37-53.

<sup>274</sup> Chamber of Mines, *89<sup>th</sup> Annual report*, 1978, p.31.

2 760 000 ton toegeneem.<sup>275</sup> Dit was duidelik dat Oos-Driefontein besig was om erts van 'n laergraad te ontgin as gedurende die vorige jare. Boonop het die dalende goudprys hiermee saam waarskynlik ook die produksie-uitset van die myn beïnvloed.<sup>276</sup>

Tussen 1982 en 1987 het die myn 'n konstante 2 820 00 ton erts per jaar gemaak. Die kilogram goud wat egter hieruit ontgin is, het steeds afgeneem, naamlik van 35 053 na 32 994.<sup>277</sup> Ten spyte hiervan was Oos-Driefontein teen 1987 steeds een van die rykste goudmyne ter wêreld,<sup>278</sup> en ontwikkeling hier het ook nie stilgestaan nie. 'n No. Vier- en no. Vier-subvertikaleskag, sowel as 'n no. Vyf-skag, is teen 'n koste van R38 872 569 gesink.<sup>279</sup> Die myn was ook 'n pioniermyn wat die hervul van delfplekke ondergronds betref. By wyse van die sogenaamde hervulstelsel is die slym, nadat dit van die gronderts en uitskot geskei is, terug gepomp om 'n ondersteuningsfunksie ondergronds te vervul. Hierdeur is moontlike rotsstortings voorkom, gunstiger werksomstandighede geskep en bogrondse mynafval verminder,<sup>280</sup> wat uiteraard omgewingsbewaring bevorder het.

Teen 1988 was die Oos-Driefontein-goudmyn steeds florerend. 'n Stygende ertsontginning van 2 860 000 ton is toe aangeteken en 32 523 kilogram goud is hieruit geproduseer (kyk grafiek 4, p.198).<sup>281</sup> Vergeleke met die ander myne in die Carletonville-gebied het dit 'n styging 'n ertsontginning en 'n daling van koste getoon.<sup>282</sup>

#### **4.7.3.2 Arbeidsmag en behuisingvoorsiening**

Oos-Driefontein het in sy kinderskoenestadium, gedurende die laat-sestigerjare, maar 'n arbeidsmag van 120 getel.<sup>283</sup> Nadat hierdie goudmyn in 1972 begin het om goud te produseer, het die arbeidsterkte van die myn aansienlik toegeneem. Teen 1977 was 10 225

---

<sup>275</sup> Chamber of Mines, 90<sup>th</sup> Annual report, 1979, p.43 asook 91<sup>st</sup> Annual report, 1980, p.39; 92<sup>nd</sup> Annual report, 1981, p.49 en 93<sup>rd</sup> Annual report, 1982, p.45.

<sup>276</sup> Kyk Hoofstuk Een, p.13.

<sup>277</sup> Gold Fields-Group, *Driefontein Consolidated*, 1987, p.22. Dié bron se statistiese gegewens verskil ietwat van dié in die Annual reports van die Kamer van Mynwese. Kyk Chamber of Mines, **98<sup>th</sup> Annual report**, 1987, p.39.

<sup>278</sup> *Potchefstroom Herald*, bylae, 4.9.1987, p.15.

<sup>279</sup> Gold Fields-Group, *Driefontein Consolidated*, 1985, pp.11-12.

<sup>280</sup> *Potchefstroom Herald*, bylae, 4.9.1987, p.15.

<sup>281</sup> Chamber of Mines, **100<sup>th</sup> Annual report**, 1989, p.37.

<sup>282</sup> Carletonville Herald, 15.1.1988, p.9.

<sup>283</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, H.Erasmus (Beampte, Oos-Driefontein-goudmyn), 18.6.1991.

swart arbeiders en 908 blankes in diens van die myn. Met die aanvang van die dekade tagtig was die getal arbeiders sowat 12 095. Dié het sodanig gegroei dat Oos-Driefontein in 1988 al oor die dienste van 14 590 werknemers beskik het.<sup>284</sup>

Soos in die geval van goudmyne Blyvooruitzicht en Wes-Driefontein is daar reeds sedert die begin van mynbedrywighede by Oos-Driefontein aan verblyfgeriewe vir mynwerkers aandag geskenk. Carletonville as vestingsoord, of die stigting van 'n nuwe dorp vir dié doel, is onderskeidelik oorweeg. Dit wil egter tog voorkom asof Gold Fields in hierdie stadium voorkeur aan 'n nuwe dorp op myngrond, bo Carletonville wat deur sinkgate geteister is, gegee het.<sup>285</sup>

Die gevolglike vestiging van blanke woonbuurtes in die grondgebied van Oos-Driefontein het ontevredenheid by die Stadsraad van Carletonville tot gevolg gehad.<sup>286</sup> Hulle kon dit egter nie verhinder nie en moes maar tevrede wees met die voorneme van Gold Fields om wel ook huurhuise in Carletonville tot die beskikking van sy werknemers te stel. Die sowat 830 huise en enkelkwartiere wat op myngrond opgerig is, het meegebring dat 'n klein persentasie werknemers van Oos-Driefontein teen 1988 in Carletonville gewoon het.<sup>287</sup> Selfs die paar gevalle van gebarste huise vanweë grondverskuiwings in 1970, in die mynwoonbuurt East Village, het nie eers die Gold Fields beweeg om net Carletonville as tuiste vir sy werknemers te oorweeg nie.<sup>288</sup> Verblyfgeriewe vir die swart werkers het ook van meet af aan aandag gekry. 'n Enkelkwartierekompleks is gebou om die groot getal mynwerkers te akkommodeer. Daarby is 'n aantal rondawels vir besoeker ook opgerig.<sup>289</sup>

---

<sup>284</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies Reports: ***East Driefontein Gold Mining Company Limited, Annual reports, 1968 tot 1988.***

<sup>285</sup> Vergelyk ***Die Beeld***, 9.6.1968, p.18.

<sup>286</sup> In ***Hoofstuk Twee***, p.35-36 is hierdie aspek ook uitgelig.

<sup>287</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart, Carletonville Munisipale gebied teen 1988 (Departement Stads- en Streeksbeplanning, Carletonville munisipaliteit).

<sup>288</sup> Herald vir die Goue Weste, 28.8.1970, p.1.

<sup>289</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, K. Blamey (Personeelbeampte, Oos-Driefontein-goudmyn) en East Driefontein Gold Mine, ***East Driefontein – a division of Driefontein Consolidated***, s.j.

#### **4.7.3.3 Sakedienste-, ontspannings-, sport- en kulturele bedrywighede en kerklike fasiliteite**

Oos-Driefontein se blanke werkers deel etlike fasiliteite en dienste met die ander myne van die Gold Fields-Groep in die Carletonville-gebied. Dit geld onder meer vir die tweeweeklikse mediese dienste wat deur die mediese span van die Leslie Williams Memorial-hospitaal (Wes-Driefontein) in die Oos-Driefontein-woongebied, West Village, verskaf word, sowel as die sport- en ontspanningsfasiliteite van Wes-Driefontein in die Carletonville-woongebied. Hierteenoor is sportgeriewe soos byvoorbeeld sokker- en rugbyvelde vir die swart werkers naby die enkelkwartiere op myngrond beskikbaar en word mediese gevalle by die Leslie Williams-hospitaal behandel.<sup>290</sup>

Gedurende die sewentigerjare is 'n primêre skool vir blankes te West Village<sup>291</sup> en 'n primêre skool vir swart kinders naby die enkelkwartiere van die Oos-Driefontein-goudmyn begin.<sup>292</sup> Hierdeur is in 'n lank gevoelde behoeftes voorsien. Die Danie Theron-Gedenkskool te Carletonville wat etlike jare lank die kinders van die Oos-Driefontein-goudmyn se blanke werkers bedien het, was dus op 25 April 1978 meteens 400 leerlinge,<sup>293</sup> ten gunste van Laerskool Oos-Driefontein, armer.

Die Oos-Driefonteiners is egter nie totaal onafhanklik van Carletonville vir al hul lewensbehoefte nie. Soos dit met die benutting van die sport- en ontspanningsfasiliteite alhier die geval is, gebruik die mynwerkers van Oos-Driefontein die dienste wat die sakesentrum van Carletonville bied. Slegs 'n paar sakebedrywighede naamlik een slaghuis, 'n apteek, 'n supermark en 'n haarkappery, is in die West-Village-woongebied se sakesentrum, genaamd Miners Multi, beskikbaar.<sup>294</sup> Vir die blanke bewoners op Oos-Driefontein is Carletonville ook die oord vir die beoefening van hul kerklike aktiwiteite.<sup>295</sup>

---

<sup>290</sup> Potchefstroom Herald, 4.9.1987, p.15 en East Driefontein Gold Mine, East Driefontein – a division of Driefontein Consolidated, s.j.

<sup>291</sup> M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing na 1948: 'n historiese perspektief, pp.68-69.

<sup>292</sup> J.C. Schutte (red.), Wesrand Streekdiensteraad beplanningsondersoek, p.142.

<sup>293</sup> M.M.J. Oosthuizen, Blanke onderwys in die Carletonville-omgewing..., p.68.


<sup>294</sup> J.C. Schutte (red.), Wesrand Streekdiensteraad beplanningsondersoek, p.142.

<sup>295</sup> Kyk **Hoofstuk Sewe**, pp.289-292,306-308,324 vir 'n bespreking van die Carletonvillese kerkgeskiedenis.

GRAFIEK 4

# Oos-Driefontein-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar, piektyd  
en 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1972, 1977 en 1988.

#### **4.7.4 Die noordwaartse uitbreiding van Oos-Driefontein, genaamd “Noord-Driefontein”,<sup>296</sup> en die ontstaan van Driefontein Consolidated**

Bevredigende toetsresultate aanliggend aan die noordelike grens van die Oos-Driefontein-goudmyn op die Ventersdorp Kontakrif, het in die vroeg sewentigerjare daartoe gelei dat Gold Fields op ‘n eksplorasiëprogram vir die gebied besluit het. In die daaropvolgende jare is 14 nuwe oppervlakte- en twee ondergrondse boorgate vir hiërdie doel geboor, en hierdie resultate was bevredigend. Dit was veral die boorgat op ‘n strook grondgebied, genaamd Texas Golf, wat belowende neerslae getoon het en waarop die groep reeds minerale regte bekom het.<sup>297</sup>

Vroeg in 1979 is met die aanvangswerke vir die oprigting van ‘n skag in die gebied begin. ‘n Ondersoekspan van Gold Fields het teen September 1980 aanbeveel dat ontwikkeling van “Noord-Driefontein”, in samewerking met buurmyne Oos- en Wes-Driefontein, voordeliger finansiële vooruitsigte kon inhou. ‘n Gebrek aan kapitaal, personeel en toerusting in die vroeë tagtigerjare het dié voorstel, naamlik dat die myne moet saamwerk, gunstiger gestimuleer. Dus is die ongunstige kapitale posisie deur die amalgamasie van bestaande fasiliteite die hoof gebied.<sup>298</sup> Groter samewerking het dit ook moontlik gemaak om die grenspilare (die stroke grond tussen die afsonderlike myne) te verwyder en te ontgin. Die massa goud wat die pilare ingehou het, is op 28 000 kilogram geskat.<sup>299</sup>

Na verdere noukeurige ondersoeke en deeglike beplanning het die samesmelting tussen die Oos-, Wes- en “Noord”- Driefontein-myn in 1981 ‘n werklikheid geword. Hierdie amalgamerings het tot die totstandkoming van Driefontein Consolidated gelei.<sup>300</sup> Die lewensduur van hierdie goudmyne is gesamentlik op tussen 40 en 50 jaar geskat, waarvan Oos-Driefontein as die myn met die langste leeftermyn beskou word. Die Wes- en Oos-

---

<sup>296</sup> Die gebied noord van Oos-Driefontein het spontaan as Noord-Driefontein bekend geword. Dit was egter nooit ‘n aparte mynmaatskappy nie. Kyk Anon., “South Africa”, *Mining Annual Review*, 1981, p.471.


<sup>297</sup> Consulting Engineers, Gold Fields, “Driefontein merger: significant technical and financial benefits”, *The South African Mining World*, 1(7), August 1982, p.37.

<sup>298</sup> Anon., “Die vernaamste SA goudmyne”, *Die Mynwese*, 3(4), 1986, pp.9-10 en J. Orpen, “Focus on Driefontein”, *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, pp.35-37.

<sup>299</sup> Carletonville Herald, 24.4.1981, p.1.

<sup>300</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, *Driefontein Consolidated, annual report, 1982*, pp.4-5.

Die sakesentrum by Oos-Driefontein-myn.



Bron: Carletonville Herald.

Driefontein-myn het kort hierna met die ontwikkeling van die “Noord”-Driefontein-gebied begin.<sup>301</sup>

Driefontein Consolidated was teen 1988 as die wêreld se voorste goudprodusent en rykste enkele goudmyn bekend,<sup>302</sup> en in hierdie stadium het dit gesamentlik 'n wins van R1 308 454 miljoen getoon. Hiervan het die Regering die onontbeerlike hoë bedrag van R781 217 aan belasting geïen.<sup>303</sup>

Aangesien “Noord”-Driefontein dus nooit as 'n afsonderlike mynmaatskappy gefunksioneer het nie, was infrastrukturele dienste en geriewe, soos dit by buurmyne voorkom, ook nie nodig nie. Indien “Noord”-Driefontein veel vroeër as 'n afsonderlike myn ontwikkel is, sou die dorpe Bank, West Wits en Blybank, verder noord, heelwaarskynlik 'n beter kans op oorlewing gehad het.

#### **4.7.5 Die Deelkraal-goudmyn**

##### **4.7.5.1 Ontwikkeling**

Die jongste toevoeging tot die myne van Gold Fields of South Africa in die West-Wits-Lyn-gebied, is die Deelkraal-goudmyn. Alhoewel die maatskappy eers in 1974 op 2 366 ha grond tot stand gekom het, dateer eksplorasiewerk op die plase Deelkraal no. 142 IQ en Kleinfontein no. 141 IQ, suid van die Doornfontein-myn, veel verder terug. Gold Fields het al in die vyftigerjare met 'n boorprogram in die Deelkraal-omgewing begin. Resultate was nie bemoedigend nie, en die projek is gestaak. Op grond van gunstiger geologiese inligting is die gebied teen die einde van 1967 weer ondersoek. Drie van die ou boorgate het

---

<sup>301</sup> Consulting Engineers Gold Fields, “Driefontein merger: significant technical and financial benefits”, *The South African Mining World*, 1(7), August 1982, pp.39-43 en Anon., “Profile: I. Watson, go west young man”, *The South African Mining and Engineering Journal*, 91(4183), February 1982, p.10.

<sup>302</sup> The West Driefontein news, April 1988, p.1.

<sup>303</sup> *Potchefstroom Herald*, 4.9.1987, p.4; New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, *Driefontein Consolidated, annual report, 1987*, p.7, 22 en *Carletonville Herald*, 29.7.1988, p.7.

**Deelkraal-goudmyn, 1978.**



Bron: Deelkraal Goldmining Co. Ltd

belowende neerslae opgelewer. Hierdie vondste het op die stigting van die Deelkraal-myn, kort hierna, uitgeloopt.<sup>304</sup>

Die totale koste om die myn te ontwikkel wat erts van die Ventersdorp- Kontak- en Elsburgrif ontgin, is op R100 miljoen geraam.<sup>305</sup> Aanvanklik is gemeen dat R85 miljoen rand hiervoor genoeg sal wees. Stygende koste het dit egter nie moontlik gemaak nie. Aandele van altesaam R20 miljoen is teen R2 stuk elk uitgereik.<sup>306</sup> Voorts is 1980 as teiken vir die aanvang van produksie bepaal. Vir die bereiking van hierdie doelwit is 'n infrastruktuur bestaande uit onder meer werkswinkels, 'n opleidingsentrum, damme, substasies en ander ondersteuningsdienste kort na 1975 opgerig.<sup>307</sup>

Hiernaas het die sink van no. Een- en Twee-skag gedurende 1975 die meeste aandag geveer.<sup>308</sup> Sustermyne kon hiermee nie werklik van hulp wees nie, aangesien hulle afstand van Deelkraal te ver is, en geen ondergrondse verbinding moontlik was nie.<sup>309</sup> Daarby is waterdraende dolomiet gedurende die skagsinkproses opgemerk. Die sinkprogram is egter danksy die suksesvolle sementasie van skeure nie vertraag nie. Verder is 'n sluitblokdraende maalmasjien wat 75 000 ton erts per maand kan verwerk, digby die skagte opgerig. Na bewering was dit in hierdie stadium die grootste van sy soort in die Suidelike Halfrond.<sup>310</sup> Met só 'n produksievermoë en 'n stygende goudprys gedurende die jaar 1980, wat ook die myn se aanvangsjaar van produksie is, is onwillekeurig vir die leemtes en probleme wat tydens die skagsinkproses ervaar is, vergoed. Die Deelkraal-myn het in sy

---

<sup>304</sup> W.A. Nortje, "Deelkraal", p.1; Anon., "Deelkraal - the profit sharer goes smoothly into production", **South African Mining and Engineering Journal**, 90(4157), December 1979, p.55 en **Carletonville Herald**, 15.6.1973, p.2 asook 13.7.1973, p.1 en 24.8.1973, p.1.

<sup>305</sup> Carletonville Weekly Record, 25.4.1975, p.5.

<sup>306</sup> Carletonville Weekly Record, 18.4.1975, p.2.

<sup>307</sup> **Carletonville Weekly Record**, 1.10.1976, p.5; Anon., "Deelkraal hurries to trial milling date", **Coal, Gold Base Minerals of South Africa**, 26(12), December 1978, pp.52-57 en W.A. Nortje, "Deelkraal", pp.2-3.

<sup>308</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1977, pp.4-6.

<sup>309</sup> Anon., "Deelkraal - the profit sharer goes smoothly into production", **South African Mining and Engineering Journal**, 90(4157), December 1979, pp.55-59.

<sup>310</sup> **Carletonville Weekly Record**, 18.4.1975, p.2 asook 25.4.1975, p.5 en 1.10.1976, p.5; Anon., "Cover drilling pays big dividends in sinking Deelkraals two shafts", **The South African Mining and Engineering Journal**, 88(4134), November 1977, pp.31,33.

eerste produksiejaar sowat 830 000 ton erts ontgin, waaruit 3 164 kg goud geproduseer is (kyk grafiek 5, p.206).<sup>311</sup>

Die hoeveelheid ontginde erts by Deelkraal het in die jare na 1980 'n stygende tendens getoon. Die hoeveelheid goud wat uit die erts geproduseer is, het byvoorbeeld van 6 767 kg in 1983 tot 7 587 kg teen 1986 gestyg.<sup>312</sup> Dit is waarskynlik daaraan te danke dat die mynmaatskappy in 1982 besluit het om nog dieper te delf asook die ondergrondse horisontale gange van die Deelkraal-myn uit te brei. Hierdeur is 'n 35 379 meter werksoppervlak by die res van die myn se bedrywighede gevoeg<sup>313</sup> Ander aspekte van ontwikkeling waaraan die Deelkraal-myn teen die middel-tagtigerjare aandag gegee het, is onder meer die verdubbeling van die verkoelingsaanleg se vermoë, die oprigting van nog 'n maalaanleg, asook die toepassing van strookmynbou sedert 1986.<sup>314</sup>

In 1988 was die graad erts wat op Deelkraal verwerk is, steeds van 'n hoe gehalte, en 'n daling hiervan is nie vir die afsienbare toekoms voorspel nie.<sup>315</sup> Die myn het dus die jaar op 'n hoe noot geëindig. Sowat 1 590 000 ton erts is gedurende die jaar ontgin en 9 659 kg goud daaruit verkry (kyk grafiek 5, p.206).<sup>316</sup> Vergeleke met die ander goudmyne in die Carletonville-gebied was Deelkraal egter steeds een van die kleiner myne wat in hierdie stadium slegs die produksie van die veteraan goudmyn Doornfontein oortref het.<sup>317</sup> Hierdie toedrag van sake het egter geensins afbreuk aan die ekonomiese waarde van die Deelkraal-goudmyn gedoen nie. Sy bydrae as werkverskaffer en bron van inkomste vir die Regering is net so onontbeerlik soos die van enige ander goudmyn in die gebied.

---

<sup>311</sup> Chamber of Mines, *91st Annual report*, 1980, p.34.

<sup>312</sup> Chamber of Mines, *93rd Annual report*, 1982, p.45 asook Chamber of Mines, *94th Annual report*, 1983, p.38 tot *97th Annual report*, 1986, p.46.

<sup>313</sup> Anon., "Getting down to new areas", *The South African Mining World*, 2(4), May 1983, pp.44-47.

<sup>314</sup> *Carletonville Herald*, bylae, 4.9.1987, p.4; Anon., "Die vernaamste SA goudmyne", *Die Mynwese*, 3(4), 1986, p.9; Anon., "Getting down to new areas", *The South African Mining World*, 2(4), May 1983, pp.45-46 en Mon., "Southern Africa", *Mining Annual Review*, 1987, pp.387-388.

<sup>315</sup> *Carletonville Herald*, 15.1.1988, p.9 asook 29.6.1988, p.7.

<sup>316</sup> Chamber of Mines, *99th Annual report*, 1988, p.43 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, H.J. Long (Senior personeelbeampte, Deelkraal), 30.4.1990.

<sup>317</sup> Vergelyk Deelkraal met die produksieuitsette van ander myne in grafieke 8 en 9, pp.189a,190a.

#### **4.7.5.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Gedurende die aanvangsjare van die Deelkraalse goudmyn was 213 blankes en 304 swart werkers in diens van die myn.<sup>318</sup> In die eerste vyf jaar van produksie is Deelkraal deur 'n paar insidente geraak wat tot 'n geringe maandelikse fluktuasie van arbeidsgetalle aanleiding gegee het. Daaronder tel ondergrondse ongelukke, waarvan die eerste in Januarie 1982 voorgekom het,<sup>319</sup> sowel as 'n groot mynstaking rakende lone in September 1985. In 'n stadium was dit so kritiek dat slegs 157 van die myn se sowat 6 200 swart arbeiders vir hul skofte by die myn aangemeld het.<sup>320</sup> Die situasie het egter in 1986 genormaliseer,<sup>321</sup> met 'n blanke en swart werksmag van gesamentlik 7 602.<sup>322</sup> Daar is vroeër voorsien dat sowat 7 000 swart en 700 blanke werkers in diens sal weer indien die myn volle produksie bereik.<sup>323</sup> Die geskatte sterkte is egter nog nie teen 1988 verwesenlik nie, en beide groepe gesamentlik het maar sowat 7 209 getel.<sup>324</sup> Hierdie getal was reeds ietwat laer as die 1987- arbeidsmag.<sup>325</sup> Geen noemenswaardige rede hiervoor word gegee nie. Dit het selfs nie eers die produksietempo geaffekteer nie. Moontlik kan die toenemende meganisering in die bedryf as 'n oorsaak hiervan beskou word.

Wat die behuisingsvoorsiening vir blankes betref, het die afwesigheid van dorpe in die onmiddellike omgewing van Deelkraal tot die oprigting van huise op myngrond gelei. In 1975 het die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie toestemming vir die huisvesting van 1 000 werknemers op die mynperseel verleen, op voorwaarde dat dit nie as 'n

---

<sup>318</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1986, p.4.

<sup>319</sup> **Carletonville Herald**, 22.1.1982, p.1 asook 8.3.1985, p.4.

<sup>320</sup> **Carletonville Herald**, 6.9.1985, pp.1,5 en New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1986, p.4.

<sup>321</sup> Carletonville Herald, 3.2.1986, p.1.

<sup>322</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1986, p.4.

<sup>323</sup> Anon., "Deelkraal - the profit sharer goes smoothly into production", **South African Mining and Engineering Journal**, 90(4157), December 1979, p.57 en Anon., "Getting down to new areas", **The South African Mining World**, 2(4), May 1983, p.51.


<sup>324</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1988, p.5.

<sup>325</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1986, p.5.

GRAFIEK 5

# Deelkraal-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar en teen 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1980 en 1988.

volwaardige dorp geproklameer mag word nie.<sup>326</sup> Sowat 653 tot 700 huise is in die vooruitsig gestel.<sup>327</sup> Teen 1977 was sowat 276 erwe reeds bebou.<sup>328</sup> Daar was werkers wat in die stadium in Carletonville of in 'n ander dorp in die munisipale gebied gewoon het.<sup>329</sup> In 1981 het boukontraakteurs Murray en Roberts Construction 'n kontrak onderteken waarin onder meer bepaal is dat die maatskappy 163 huise op Deelkraal sou oprig.<sup>330</sup> Na oprigting het die getal beboude erwe in 1982 op 310 gestaan,<sup>331</sup> waarna dit teen 1988 verder tot 439 toegeneem het.<sup>332</sup> Dit wil dus voorkom asof die aanvraag na behuising op myngrond steeds gewild was, ten spyte van verbeterde paaie na die vernaamste woongebiede.

Die meeste swart mynwerkers op Deelkraal is, soos in die geval met ander myne, trekwerkers wat 'n hostel bewoon. Heelwat beplanning met die oog daarop om 'n moderne gebou vir hierdie myn te ontwerp, was nodig. Die resultaat is nege dubbelverdiepingslaapsale wat elk 32 tot 40 slaapkamereenhede bevat waar tot 18 persone in elke slaapsaal geakkommodeer kan word. 'n Totaal van 5 400 swart werkers kan dus gehuisves word. Losies en noodsaaklike infrastrukturele dienste word gratis verskaf.<sup>333</sup> Senior personeel word in selfbediende woonstelle, wat op die punt van elke slaapsaal in die hostel aangebou is, gehuisves. Die woonstelle kan elk vier tot ses persone huisves. Hierbenewens is woonkwartiere vir getroude swart mense al vroeg in die dekade tagtig gebou.<sup>334</sup>

---

<sup>326</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/2(a)(1), Deelkraal: notule, vergadering van die Bestuurskomitee, 20.11.1975.

<sup>327</sup> **Carletonville Weekly Record**, 1.10.1976, p.1 en Anon., "Deelkraal hurries to trial milling date", **Coal, Gold and Base Minerals of South Africa**, 26(12), December 1978, p.57.

<sup>328</sup> New Consolidated Gold Fields of South Africa Limited, Companies reports, **Deelkraal Gold Mining Company Limited, annual report**, 1977, p.4.

<sup>329</sup> Anon., "Deelkraal - the profit sharer goes smoothly into production", **South African Mining and Engineering Journal**, 90(4157), December 1979, pp.55,57.

<sup>330</sup> Carletonville Herald, 23.10.1981, p.1.

<sup>331</sup> Anon., Deelkraal Gold Mining Company Limited: brochure, 9.7.1982, p.3.

<sup>332</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart: Carletonville munisipale gebied teen 1988 (Departement Stads- en Streeksbeplanning, Carletonville munisipaliteit).

<sup>333</sup> Anon., "Deelkraal hurries to trial milling date", **Coal, Gold and Base Minerals of South Africa**, 26(12), December 1978, p.57 en Anon., "Getting down to new areas", **The South African Mining World**, 2(4), May 1983, p.51.

<sup>334</sup> Anon., **Deelkraal Gold Mining Company Limited: brochure**, 9.7.1982, p.3 en Anon., "Deelkraal hurries to trial milling date", **Coal, Gold and Base Minerals of South Africa**, 26(12), December 1978, p.57.

#### **4.7.5.3 Sakedienste, ontspannings-, sport-en kulturele aktiwiteite en kerklike fasiliteite**

Vir die blanke en swart werknemers wat op myngrond woon, is 'n verskeidenheid ontspannings- en sportfasiliteite opgerig. Dit sluit onder meer 'n negeputjiegholfbaan, tennisbane, 'n rolbalbaan en 'n skietbaan in. Aanvullend hiertoe is die stam dansarena asook 'n teater vanwaar 'n potpourri van kulturele aktiwiteite, vir en deur swart werkers, geloods word.<sup>335</sup> Kerklike fasiliteite en aktiwiteite op myngrond is egter min. Dit berus hoofsaaklik op sendingwerk deur plaaslike blanke kerkgenootskappe op myngrond. Die Sioniste-beweging geniet die grootste aanhang.<sup>336</sup>

Soos met die kerke, is alle vorme van kulturele uitlewing vir die blankes op Deelkraal, benewens wat op die terrein van sport en ontspanning gebied word, ook skraal. 'n Vername rede hiervoor is die uitgebreide fasiliteite wat op Carletonville, asook Potchefstroom en Fochville beskikbaar is, waarby die Deelkraalers van meet of aan kon inskakel.<sup>337</sup>

Om vir gebrekkige sosiale geleenthede op Deelkraal te vergoed, het 'n Engelstalige groepie vroue al kort na die opening van die Deelkraal-goudmyn, die Deelkraal Ladies Social Club gestig. Deur die hou van 'n maandelikse funksie is gepoog om die vroue van mynamptenare 'n geleentheid te gee om mekaar beter te leer ken. Kort na stigting het die klub ook as liefdadigheidsorganisasie begin funksioneer. Fondse is en word steeds ingesamel, wat na behoeftige instansies plaaslik herlei word.<sup>338</sup>

Wat sakedienste betref, kom 'n paar handelaars, wat hoofsaaklik konsessiewinkels bedryf, op myngrond voor. Die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie het reeds in 1975 bepaal dat slegs 'n paar besighede op myngrond sake mag doen.<sup>339</sup> In die blanke

---

<sup>335</sup> Anon., "Deelkraal - the profit sharer goes smoothly into production", *South African Mining and Engineering Journal*, 90(4157), December 1979, p.57.

<sup>336</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, H.J. du Plessis (Senior kampongbestuurder, Deelkraal), 25.4.1990.

<sup>337</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, H.J. Long, 25.4.1990. Potchefstroom en Fochville is buite die grense van die munisipale gebied Carletonville geleë.

<sup>338</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, D.A. Olivier, 25.2.1991.

<sup>339</sup> TBP, MCV, lêer 33/112(a)(1), Deelkraal: notule, vergadering van die Bestuurskomitee, 20.11.1975

woonbuurt bestaan 'n supermark asook 'n video- en 'n groentewinkel.<sup>340</sup> Naby die Deelkraalse hostel doen ene Frazer Stores en die eienaars van twee eethuise sake. Vanweë hierdie geringe handelsdienste op myngrond het die sakesentrum van Carletonville noodwendig baie by die opening van die Deelkraal-myn gebaat. Benewens die toegevoegde koopkrag het dit ook tot die vestiging van nog besighede in die Carletonvillese sakegebied bygedra.<sup>341</sup>

#### **4.8 DIE ANGLO AMERICAN CORPORATION OF SOUTH AFRICA-GROEP**

Afgesien van die teenwoordigheid en insette van Rand Mines en Consolidated Gold Fields in die West-Wits-Lyn-gebied, het die Anglo American Corporation of South Africa hulle ook met verloop van tyd in hierdie gebied ingegrawe.

Die Anglo American Corporation-Groep (AAC) is in 1917 gestig. Mynbedrywighede in die omgewing van Brakpan en Springs was die eerstes om deur die groep gefinansier en ontwikkel te word. Die AAC het al in 1935 grond in die West-Wits-Lyn bekom en eksplorasiwerk hier gedoen. Resultate bier was so bemoedigend dat AAC sy oorspronklike eiendom in die West Wits-Lyn, na 'n ooreenkoms met Gold Fields, uitgebrei het. AAC was ondertussen ook by die ontwikkeling van die belowende Oranje-Vrystaatse goudvelde bedrywig. Sy uitbreiding in die West-Wits-Lyn het tot die opening van twee myne, naamlik Western Deep Levels en Elandsrand, gelei.<sup>342</sup>

##### **4.8.1 Die Western Deep Levels-goudmyn**

###### **4.8.1.1 Ontwikkeling**

Na afloop van heelwat boorwerk op die grondgebied van die AAC in die West-Wits-Lyn, het die maatskappy in 1943 laat blyk dat by beplan om 'n buitengewone diep myn suid van die

---

<sup>340</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, H.J. Long, 25.4.1990.

<sup>341</sup> TBP, MCV, leer 33/112(a)(1), Deelkraal: notule, vergadering van die Bestuurskomitee, 20.11.1975 en *Carletonville Weekly Record*, 1.10.1976, pp.1,5,12. Kyk *Hoofstuk Vyf*, pp.215-216,229 met betrekking tot die opening van die OK-Bazaars- en die Pick-'n-Pay-sentrum.


<sup>342</sup>H. Oppenheimer, "The Anglo American Corporations role in South Africa's gold mining industry", *Optima*, 34(2), June 1986, pp.59-61,65

**Sir Ernest Oppenheimer.**



Bron: D. Hartley.

**Western Deep Levels se administratiewe "kantoor", ongeveer 1957**



Bron: D.M. Grobbelaar.

goudmyne Blyvooruitsicht en Wes-Driefontein to begin. Gedurende 1943 is die maatskappy Western Ultra Deep Levels Limited geregistreer en die eksplorasiewerk voortgesit. Teen 1950 was nege gate in die noordelike gedeelte van die myn se grond reeds geboor. Die uitslag was nie na wense nie, en die grootte van die huurgebied is gevolglik ingekort.<sup>343</sup>

Ten spyte van hierdie inkorting is die potensiaal van die res van die gebied klaarblyklik hoog aangeslaan. Dit blyk uit die feit dat Western Ultra Deep Levels in 1956, in samewerking met ander goudmynmaatskappye, aansoek om mynpag vir die ontginning van goud op 'n gedeelte van die grondgebied suid van Wes- Driefontein-myn gedoen het. Nadat die aansoek goedgekeur is, het die maatskappy as Western Deep Levels Limited bekend gestaan. Ontwikkeling met die oog op produksie het daadwerklik in 1957 'n aanvang geneem toe die voorsiter van AAC, die vermaarde Sir Ernest Oppenheimer, op 26 Junie mynbedrywighede hier amptelik geopen het.<sup>344</sup> Die huurgebied het in hierdie stadium sowat 4 820 morg (4 145 ha) beslaan.<sup>345</sup>

Die no. Twee- en Drie-skag is in 'n rekordtyd opgerig. Binne minder as vyf jaar het die myn die Ventersdorp-Kontakrif op 'n diepte van sowat 1 920 meter bereik, wat vlakker is as die teikenrif, naamlik die Koolstofleierif wat hoëgraadse gouderts bevat.<sup>346</sup> Aan die eerste fase van ontwikkeling is R60 miljoen bestee. Gedurende 1962 is kapitaal benut om no. Twee- en Drie-skag met onder meer hys- en ventilasieskagte, sowel as 'n reduksie-aanleg wat 2 000 000 ton erts per maand kon hanteer, toe to rus.<sup>347</sup>

---

<sup>343</sup> H. Elliot, "Down towards the styx; an account of the development of Western Deep Levels", **Optima**, 34(2), June 1986, p.106.

<sup>344</sup> H. Elliot, "Down towards the styx ...", **Optima**, 34(2), June 1986, pp.106-107; **Carletonville Herald**, 8.8.1986, p.12 en Nedbank-argief, ED, Band 11, leer 102-108, Ekonomiese oorsigte van Carletonville tak : verslag, ekonomiese oorsig van die Carletonville-tak, 31.12.1957, p.2.

<sup>345</sup> S.R. Potter (ed.), "West Witwatersrand Areas Ltd.", **South African Mining and Engineering Year Book**, 1945-1955, p.171 en SAb, Uitvoerende Raad van die Unie URU, Band 4258, lêer 1968, Mynverhuring: grond in die distrik Oberholzer toegeken aan W.D.L. Ltd, 1961.

<sup>346</sup> J. Oxley, **Down where no lion walked ...**, pp.5-6; Anon., "Western Deep Levels ... a giant comes to live", **Mining and Industrial Review**, 106(11), March 1962, p.10; Anon., "13 000 voet onder die aarde", **Suid-Afrikaanse Panorama**, 7(5), Mei 1962, p.2; **The Star**, 15.3.1962, p.8; **Die Transvaler**, 21.3.1962, p.11 en **Carletonville Herald**, 29.1.1965, p.1.

<sup>347</sup> Anon., "Western Deep Levels ... a giant comes to live", **Mining and Industrial Review**, 106(11), March 1962, pp.10-13

**Die ontwikkeling van Western Deep Levels gedurende die jare sestig.**



Bron: Carletonville Herald

Hierby tel ook die installering van twee wrywingshysmasjiene wat as van die grootstes ter wêreld beskou is. Die masjiene was veral vir dieper ondergrondse hysing voordelig.<sup>348</sup>

In die lig van ervaring wat in ander myne opgedoen is, is uitgebreide maatreëls by Western Deep Levels getref om ondergrondse water van die staanspoor of to beheer.

Betonversterkings is opgerig terwyl die skagte nog maar in wording was. 'n Uiteindelijke pompvermoë van 60 miljoen gelling (2,7 miljoen liter) per dag is in die vooruitsig gestel. Die verwagte lewensduur van die myn is op 60 jaar geraam.<sup>349</sup>

Op 22 Maart 1962 het mnr. H.F. Oppenheimer die myn amptelik geopen. Hiertydens het by na Western Deep Levels se doelwit, naamlik om uiteindelik eendag die dieper Koolstofleieriff to ontgin, ook as 'n persoonlike ideaal verwys.<sup>350</sup> Gerugte hieroor het al in die vyftigerjare die rondte gedoen,<sup>351</sup> en sedert produksie 'n aanvang geneem het, is daar daadwerklik aandag aan die ontginning van die ryk goudrif geskenk.<sup>352</sup>

Die wagtyd was kort, aangesien die eerste deursnyding van die Koolstofleieriff teen einde Maart 1962 by die westelike sektor van die no. Twee-ventilasieskag verkry is. In September 1962 is 'n diepte van 2 865 meter bereik. Hierteenoor het die boorbedryghede by die no. Drie-subvertikale ventilasieskag eers in Junie 1962 tot die bereiking van die rif, op 'n diepte van 2 838 meter, gelei.<sup>353</sup>

---

<sup>348</sup> Anon., "The Western Deep story", *The South African Mining and Engineering Journal*, 73(1), 23.3.1962, pp.598-606,613-620,625,639; H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.106; *The Star*, 15.3.1962, p.9 en *Carletonville Herald*, 8.18.1986.

<sup>349</sup> Anon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, pp.1-3; Anon., "Western Deep Levels ... a giant comes to live", *Mining and Industrial Review*, 106(11), March 1962, pp.10-13; Anon., "The Western Deep story", *The South African Mining and Engineering Journal*, 73(1), 23.3.1962, p.621 en *Potchefstroom Herald*, 8.6.1962, p.13.

<sup>350</sup> H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.6.

<sup>351</sup> *Potchefstroom Herald*, 4.12.1959, p.1; *Die Transvaler*, 21.3.1962, p.11 en W.P. de Kock, "The geology and economic significance of the West Wits Line", *The Geological Society of South Africa*, I, 1964, p.385.

<sup>352</sup> Anon., "Southern Africa", *Mining Annual Review*, 1964, p.173 en *Deep Levels News*, August 1967, p.8.

<sup>353</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book*, 1962-63, pp.1,61-62 en J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, pp.29,114,116.

**Western Deep Levels word amptelik in 1962 geopen.**



Eregaste by die eerste gegote goudstaaf van Western Deep Levels is v.l.n.r: mev. H.F. Oppenheimer, dr. M.H. de Kock, mnr. H.F. Oppenheimer en mev. M.H. de Kock.

Bron: D.M. Grobbelaar.

Na slegs 'n jaar van produksie, kon Western Deep Levels spog met 'n rekordtonnemaat vir 'n nuwe goudmyn. Sowat 110 000 ton erts is ontgin, en 13 694 kg goud is hieruit geproduseer (kyk grafiek 6, p.175a). 'n Wins van P578 126 is hieruit verkry.<sup>354</sup> Dit was 'n bydrae van 1% tot die delging van die kapitale uitset van R55 222 000 wat vir die oprigting van die myn, tot voor die aanvang van produksie in 1962, gemaak is.<sup>355</sup> Kort hierna het aktiwiteite by die no. Drie-skag vooruitsigte vir goudontginning nog rooskleuriger gemaak toe hoëgraadse erts in die Ventersdorpse Kontakrif raak geboor is.<sup>356</sup>

Onderwyl verdere ontwikkeling, naamlik die sink van sekondêre en tersiêre skagte aan die orde was, is in 1966 bekend gemaak dat Western Deep Levels moontlikhede van uraanproduksie ondersoek.<sup>357</sup> Die produseringspotensiaal het in 1968 'n werklikheid geword toe uraanneerslae tydens ondergrondse toetse in die Koolstofleieriff gevind is. 'n Uraanaanleg is in die daaropvolgende jaar opgerig wat ongeveer 63 500 ton erts kon bewerk.<sup>358</sup>

'n Ander aspek van ontwikkeling in die sestigerjare is die installing van verkoelingsaanlegte by die no. Twee- en Drie-skag. Sowat 3 000 ton lug was in hierdie stadium per dag nodig om die ondergrondse hoe temperatuur te trotseer. Die dieper goudontginning wat met die aanvang van die dekade sewentig 'n werklikheid geword het, het nog hoer eise aan die verkoelingsstelsel gestel. As 'n leier in die mynontginning van erts het Western Deep Levels suksesvolle insette in die verbetering van verkoelingsaanlegte

---

<sup>354</sup> Chamber of Mines, *73rd Annual report*, 1962, p.33 en H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.7.

<sup>355</sup> S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book*, 1962-63, p.63.

<sup>356</sup> J. Oxley, "Down where no lion walked ...", p.116; H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.7 en A.G. Knowles, "A paleocurrent study of the Ventersdorp Contact Reef at Western Deep Levels Limited on the Far West Rand", pp.1-10.

<sup>357</sup> Herald vir die Goue Weste, 10.6.1966, p.1.

<sup>358</sup> H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.8. 'n Oorversadiging van uraan op die wereldmark, en 'n gevolg,like verlaging van die uraanprys, het daartoe gelei dat Western Deep Levels sy aanleg in 1985 gesluit, en vir die doel van goudontginning aangepas het. Kyk *Deep Levels News*, Desember 1969, p.3 en Western Deep Levels Gold Mine, "WDL, a pioneer at depth", (s.j.).

gelewer. Die uitgawes hieraan verbonde was hoog.<sup>359</sup> In byvoorbeeld 1968 is R25 miljoen hieraan bestee.<sup>360</sup>

Belangrike insidente gedurende 1964 en 1968 was die voorkom van ondergrondse vuur wat mynwerkzaamhede deels belemmer het. Tydens hierdie periode het 'n fratsongeluk ook by een van die hysinstallasie van die myn plaasgevind.<sup>361</sup> Gedurende die watervloed wat die Wes-Driefontein-myn in 1968 getref het, het Western Deep Levels 'n hulpgewende rol gespeel. Om Wes-Driefontein te help, is groot gate in die naaste grenspilaar wat die Western Deep Levels-myn van Wes-Driefontein skei, geboor. Die water by wyse van 'n stelsel van hoëdrukkelepe, wat inderhaas ingevoer is, gedreineer. Vandaar is dit deur 'n netwerk van pompe en hoëdrukpype gevoer. Heelwat voorsorgmaatreëls moes getref word om hierdie hulpskema te laat slaag. Betonproppe is byvoorbeeld in alle ondergrondse tonnells wat kwesbaar vir oorstromings kon wees, aangebring.<sup>362</sup> Vir die AAC en die aandeelhouers van Western Deep Levels was die suksesvolle beëindiging van die wateroorstroming by die WesDriefontein-goudmyn heelwaarskynlik net so 'n verligting. Boonop moes hierdie geslaagde hulpskema die myn heelwat uit die sak gejaag het.

Met die vermelde insidente agter die rug, het Western Deep Levels-myn in 1969 weer intensiewe aandag aan die ontginning van erts in die Koolstofleierref, laer as die 1 000 meter vlak, gegee. Hiervoor is strookdelfplekke ingerig en ondersoekingstonnells op dieselfde vlak voortgesit. 'n Daalgang is ook by die no. Twee- en Drie-skag gesink om die gange van albei skagte vir belugting met mekaar te verbind. Hysmasjiene by beide skagte se tersiëre vertikale skagstelsels is ook voltooi.<sup>363</sup>

Soos dit met die meeste goudmyne in die Carletonville-omgewing die geval is, was die dekade sewentig ook vir Western Deep Levels 'n hoogtepunt in sy goudproduksie. In 1970

---

<sup>359</sup> **Deep Levels News**, December 1965, p.3 en J. Oxley, **Down where no lion walked ...**, pp.125-126.

<sup>360</sup> J. Oxley, **Down where no lion walked ...**, pp.125-127.

<sup>361</sup> **Deep Levels News**, August 1967, p.8.

<sup>362</sup> J. Oxley, **Down where no lion walked ...**, pp.121-123.

<sup>363</sup> S.R. Potter (ed.), **South African Mining and Engineering Year Book, 1968-69**, pp.35-37 en J. Oxley, **Down where no lion walked ...**, pp.183-195.

het die myn sy meeste goud ooit, naamlik 60 413 kg (kyk grafiek 6, p.223) uit 3 171 000 ton erts geproduseer.<sup>364</sup>

'n Verdere hoogtepunt was in 1973 toe die myn 'n nuwe wêreldrekorddiepte van 3 472 meter bereik het. Die vorige myn wat die rekord gehou het, is die East Rand Proprietary Mines (ERPM)-myn (Boksburg) met 'n diepte van 3 428 meter.<sup>365</sup> Die doelwit van Western Deep Levels om goud nog dieper te ontgin, is hierna voortgesit. Teen 1977 was die myn se no. Twee-skagstelsel al 'n fenomenale 3 777 meter - byna vier kilometer - diep!<sup>366</sup> Sowat 90% van die beskikbare verkoelingstelsels is op die dieptes geïnstalleer, en verbeterde installasies teen 'n bedrag van R26 000 000 is in die vooruitsig gestel.<sup>367</sup> Hierdie ontwikkeling was inderdaad moontlik omdat beleggingsvertroue in die myn kapitaal vir ontwikkeling geskep het. Alhoewel die produksietempo in hierdie stadium reeds 'n afname getoon het, was dit steeds indrukwekkend. Uit 2 977 000 ton erts is 43 479 kg goud geproduseer.<sup>368</sup>

Gedurende die jaar 1978 het die maandelike ontwikkeling van die suidelike gedeelte van die myngebied ter sprake gekom. Die no. Een-skag-projek, wat blykbaar aanvanklik as no. Vier-skag bekend was, is beplan en ontplooi. Dit sou dan ook uiteindelik die duurste en diepste hyskagstelsel in die wêreld word. Die stygende gouddryf in die laat-sewentigerjare het die maandelikheid van verdere skagsinking gestimuleer. In 1980 is die koste vir die eerste fase van die no. Een-skag op R586 miljoen geraam.<sup>369</sup> Benewens die kapitale uitgawes verbonde aan die oprigting van die skag, het verdere koste onder meer die volgende sake ingesluit: mannekrag vir die verskillende stadia van skagsinking, myntoerusting, kantore en

---

<sup>364</sup> Chamber of Mines, *81st Annual report*, 1970, p.31.

<sup>365</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, pp. 186,193.

<sup>366</sup> Carletonville Weekly Record, 24.6.1977, p. 1.

<sup>367</sup> Anon., "Western Deep counters deep mining problems", *Coal*, 25(7), July 1977, pp.31-37; *Carletonville Herald*, 28.11.1980, p.1 en Chamber of Mines, *88th Annual report*, 1977, p.26.

<sup>368</sup> Chamber of Mines, *89th Annual report*, 1978, p.31.

<sup>369</sup> Anon., "Spending R715m at Western Deep, even this won't be enough", *Finance Week*, 5, 5 June 1980, p.349; L. Dellatola, "Die wereld se diepste myn", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 26(6), June 1980, p.349; L. Dellatola, "Die wereld se diepste myn", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 26(6), Junie 1980, p.19; C. de Kock, "World record mining project", *Mining Survey*, 3(4), 1982, pp.39-44 en *Carletonville Herald*, 25.1.1980, p.3.

magasyn, 'n maalaanleg, 'n filtreermasjien en 'n kragaanleg. Afskortingsmure ondergronds is ook beplan om aardbewings die hoof te bied. Een van die grootste en duurste items wat aangeskaf moes word, is die verkoelingsaanleg wat rotstemperature van 63 grade Celsius sou moes trotseer. Daar is beweer dat die verkoelingstelsels van die drie mynsgatte gesamentlik ongeveer soveel krag as Kaapstad gebruik.<sup>370</sup>

In 1981 is in alle erns met die sink van die no. Een-skag begin. Onderwyl dit in wording was, is die nuwe uraanaanleg by no. Twee-skag in werking gestel. Hierdie aanleg is ontwerp om 200 000 ton erts per maand te behartig. Die oprigting daarvan het byna drie jaar geduur, aangesien die ligging daarvan wat deur steiltes gekenmerk word, werksaamhede bemoeilik het.<sup>371</sup>

Al bovermelde verwickelinge by die no. Een-skag gedurende 1980 en 1981 het geensins die produksietempo van bedrywighede by die ander skagte van Western Deep Levels beïnvloed nie. In hierdie stadium was die jaarlikse ertsontginningstempo van die myn 3 156 000 ton. In die daarop volgende twee jaar het die kilogram goud wat geproduseer is, ook ietwat gestyg van 39 012 kg in 1981 tot 39 454 kg in 1983.<sup>372</sup> Tog was dit in hierdie stadium duidelik dat die goudproduksie van Western Deep Levels, sedert sy piektyd in 1970, al met meer as 21 400 kg afgeneem het, ten spyte daarvan dat byna dieselfde hoeveelheid erts ontgin is. Die graad van die ontginde erts was dus nie meer so hoog nie. Gevolglik is dit te verstane waarom soveel hoop en verwagtinge in hierdie stadium vir die toekomstige produksie van die no. Een-skag gekoester is.

Die ontwikkeling van die no. Een-skag is deur oorstroming in die wiele gery nadat 'n watervloed in Julie 1982 in die diensskag, op 'n diepte van 970 meter, ontstaan het en 'n

---

<sup>370</sup>D.J. Jordaan, "Ground movement in underground working and its effect on survey stations", **Journal of the Institute of Mine Surveyors of South Africa**, 20, June 1980, pp.80-87 en A. v.Z. Brink and D.M. O'Connor, "Research on the prediction of rockbursts at Western Deep Levels", **Journal of South African Institute of Mining and Metallurgy**, 83, January 1983, pp.1-10.

<sup>371</sup>Anon., "Review of Concor's contract; Western Deep levels no. 2 shaft uranium plant", **The Civil Engineering Contractor**, 15(9), June 1981, pp.23-27.

<sup>372</sup>Anon., "South Africa", **Mining Annual Review**, 1982, p.422 en Chamber of Mines, **92nd Annual report**, 1982, p.34 tot **96th Annual report**, 1985, p.42.

gedeelte van die skag se symuur ingegee het. Water het teen sowat 6 000 liter per uur in die diensskag ingevloei. Vir mynowerhede was dit 'n vreemde verskynsel, omdat die gebied etlike jare gelede ontwater is. 'n Geologiese ondersoek het aan die lig gebring dat ondergrondse waterdraende breuke tussen die Pretoria- en die dolomitiese-reeks moontlik hiervoor verantwoordelik was.<sup>373</sup> Die hulp van die Gold Fields Sementasiemaatskappy is ingeroep. Vervolgens is 'n betonprop van 17 meter ontwerp en onder moeilike omstandighede by die probleemarea geïnstalleer om die watertoevloei te stuit.<sup>374</sup> Die hele proses was 'n duur en onvoorsiene uitgawe, en boonop het dit daartoe gelei dat die bedryf eers in Maart 1983 genormaliseer is.<sup>375</sup> 'n Ander aangeleentheid wat ook die ontwikkelingsproses van die no. Een-skag geraak het, was die heersende goudprys. Die lae goudprys van 1983 het 'n stremmende effek gehad.<sup>376</sup> Die ontplooiingsproses van die skag is nietemin voortgesit om dit sodoende wel teen die teikenjaar, naamlik 1986, in bedryf te stel.<sup>377</sup>

Western Deep Levels kon inderdaad by sy teikendatum vir die afhandeling van die no. Een-skag hou. Na 'n geswoeg van byna vyf jaar is die skag in Julie 1986 amptelik geopen. 'n Indrukwekkende verwagte produksietempo van 100 000 ton erts per maand is verwag. Deur die opening van hierdie diep skag is die goudmynindustrie op 'n nuwe pad van diep ondergrondse ontwikkeling geplaas. Die Suid-Afrikaanse en plaaslike ekonomie sou ook noodwendig hierby baat.<sup>378</sup> Vir 1987 het al drie skagte van Western Deep Levels

---

<sup>373</sup> R.L. de G. Solms, "Flooding of Western Deep Levels no. 1 shaft", *The South African Mining World*, 3(5), June 1984, pp.57-79.

<sup>374</sup> C. de Kock, "World record mining project", *Mining Survey*, 3(4), 1982, p.44 en P. Holz, "New shaft at Western Deep Levels flooded", *South African Mining World*, 1(8), September 1982, p.65.

<sup>375</sup> J. Oxley, Down where no lion walked ..., pp.201-203.

<sup>376</sup> P. Holz, "New shaft at Western Deep Levels flooded", *South African Mining World*, 1(8), September 1982, p.69; Anon., "South Africa", *Mining Annual Review*, 1983, p.387 en Chamber of Mines, *94th Annual report*, 1983, p.38.

<sup>377</sup> Anon., "Western Deeps going down to 4 000m", *Coal, Gold and Base Minerals*, January 1985, pp.75- 80.

<sup>378</sup> J. Doyle, "M & R hard at work on gold plant for super mine", *South African Construction World*, 4(3), April 1985, pp.40-45; Anon., "Approaching D-day for WDL's southern division", *The South African Mining World*, 4(9), October 1985, pp.42-47; *Carletonville Herald*, 18.7.1980, p.1 asook 25.7.1986, p.1; 8.8.1986, p.9 en *Western Deep News*, August 1986, p.1.

gesamentlik 5 826 000 ton erts op 'n huurgebied van sowat 4.103 ha ontgin. Dit was in hierdie stadium hoer as die van enige ander goudmyn in Suid-Afrika.<sup>379</sup>

Benewens die aktiwiteite van Western Deep Levels rakende sy no. Een-skag het die myn gedurende die jare 1983 en 1986 ook heelwat navorsing onderneem met die doel om produktiwiteit te verhoog. Hieruit het onder meer die gebruik van rubberwielstort-vragmasjiene en trokke in delfgebiede gerealiseer.<sup>380</sup> Verdere ontwikkeling was ook by die no. Drie-skag aan die orde van die dag. Twee groot maalmasjiene is in November 1984 opgerig om goud uit die den miljoen ton afvalrots te ontgin.<sup>381</sup>

Al bovermelde faktore was teen 1988 daarvoor verantwoordelik dat Western Deep Levels sy ertsontginning sowel as sy goudproduksie drasties verhoog het. Gedurende 1988 is 6 579 000 ton erts ontgin en 39 223 kg goud daaruit verkry (kyk grafiek 6, p.175a).<sup>382</sup> Alhoewel die produksiesyfer van goud by Western Deep Levels steeds nie die van die dekade sewentig kon ewenaar nie, was die myn voortdurend besig om hoër produksiesyfers ten opsigte van ertsontginning te bereik. Uiteraars gesofistikeerde tegnieke en toerusting is in die proses gebruik om in die wêreld se diepste myngange te eksperimenteer.<sup>383</sup>

#### **4.8.1.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Western Deep Levels het voor sy amptelike opening in 1962 alreeds arbeiders in die gebied gehad. Sowat 1 000 werkers het trouens reeds van 1952 of al die pionierswerk verrig.<sup>384</sup>

---

<sup>379</sup> Chamber of Mines, **98th Annual report**, 1987, p.34.

<sup>380</sup> Anon., "Moving towards improved productivity", **The South African Mining World**, 3(6), July 1984, pp.69-71; Anon., "Rubber at Deep Levels", **The South African Mining and Engineering Journal**, 93(7), July 1984, pp.6-48; Anon., "Mine haulage at the world's deepest ... rubber helps to get the gold", **Coal, Gold and Base Minerals**, May 1984, pp.53,55 en **Carletonville Herald**, 30.8.1985, p.30.

<sup>381</sup> **Carletonville Herald**, 2.11.1984, p.1 asook 7.6.1985, p.12.

<sup>382</sup> Chamber of Mines, **99th Annual report**, 1988, p.36.

<sup>383</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.P. van der Mere (Finansiële beampte, WDL-myn), 3.5.1990; **Carletonville Herald**, 23.9.1988, p.28 en **Western Deep News**, March 1989, p.6.

<sup>384</sup> Carletonville (Munisipaliteit), LAC, leer T6/B(2), West Wits Local Area Committee: verslag, 1952.

Teen 1962 het die getal aansienlik gegroei. Ongeveer 1 100 blankes en 11 000 swart mense was in diens van die myn.<sup>385</sup>

Gedurende die jare na 1962 het arbeidsgetalle by Western Deep Levels aansienlik toegeneem. Dit het egter ook soms, as gevolg van arbeidsonrus, gedaal. Wat onrus en stakings by Western Deep Levels betref, staan die jaar 1973 sekerlik die prominentste in die arbeidsgeskiedenis van die myn uit. Gedurende die jaar het ontevredenheid onder swart mynwerkers geheers, en blykbaar oor die persentasieverskil ten opsigte van salarisverhoging tussen masjienoperateurs en die ondergrondse drywers.<sup>386</sup> 'n Oproerigheid het tot die dood van 11 swart werkers gelei, nadat die polisie uit selfverdediging op oproeriges geskiet het. Wydverspreide reaksie plaaslik en op nasionale vlak het hierna gevolg, en die oorsake hiervan is onder die loep geneem.<sup>387</sup> As uitvloeisel van die gebeure het die myn se swart arbeidsmag tussen 1973 en 1974 van 15 494 tot 12 310 gekrimp. Hierteenoor het die blanke arbeidsmag tot 1 624 gegroei.<sup>388</sup>

In die daaropvolgende jare het dit oënskynlik beter op arbeidsgebied gegaan. Western Deep Levels het hom egter in 1978 in die greep van 'n blanke arbeidstekort bevind, ten spyte daarvan dat die getal blankes tot 1 826 gestyg het. Dit het produksie aansienlik geknou. Heelwat arbeiders het op die myn se versoek om oortyd to werk, ag geslaan. Die addisionele uitgawe het Western Deep Levels sowat R1 600 000 gekos.<sup>389</sup> Die aanvang van pioniersbedrywighede by no. Een-skag in 1981 het die arbeidsmag van die myn 'n aansienlike stoot gegee. Sowat 2 000 swartes en 250 blankes is gedurende hierdie jaar in

---

<sup>385</sup> Anon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, p.2 en *The Star*, 15.3.1962, p.8.

<sup>386</sup> Anon., "After the shooting", *Financial Mail*, 49, 14.9.1973, pp.1017-1018; Anon., "Jameson Mkhonza is dead", *Financial Mail*, 50, 5.10.1973, pp.30-32; *The Star*, 16.10.1973, p.1 asook 17.10.1973, p.1 en *Die Vaderland*, 12.10.1973, p.1.

<sup>387</sup> Anon., "Western Deep re-visited", *Financial Mail*, 50, 9.11.1973, pp.568-571; *The Star*, 13.9.1973, p.27; *Die Vaderland*, 9.10.1973, p.1 asook 11.10.1973 en *Rapport*, 14.10.1973, p.3.


<sup>388</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, G.P. Mong (Head, Central time office, WDL), 7.9.1990.

<sup>389</sup> Anon., "Shortage of white miners is serious", *The South African Mining and Engineering Journal*, 89(4139), April 1978, p.17 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, G.P. Mong, 7.9.1990.

GRAFIEK 6


# Western Deep Levels-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar, piektyd  
en 1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1962, 1970 en 1988.

**Western Deep Levels Village, 1958**



Bron: D.M. Grobbelaar.

**Western Deep Levels Village, Eerste en Tweede Laan teen 1959.**



Bron: D.M. Grobbelaar.

diens geneem.<sup>390</sup> Dit het blanke getalle tot 2 277 en die swart werkerstal tot 17 323 laat styg.<sup>391</sup>

Gedurende 1985-1986 het Western Deep Levels reeds 'n arbeidsmag van ongeveer 25 282 gehad waarvan die meeste ondergronds gewerk het.<sup>392</sup> Teen 1987 het die getal swart arbeiders ietwat gedaal.<sup>393</sup> Benewens ander faktore kan die daling moontlik ook aan die stakings op die myn in dié jaar toegeskryf word. Die graad van die erts wat in 1988 ontgin is, het egter daarvoor vergoed en vir 'n winsgewender jaar gesorg.<sup>394</sup> Daarby het die arbeidsmag ook gedurende 1988 herstel en sowat 3 196 blankes en 25 112 swart mense getel.<sup>395</sup> Die myn se opleidingsentrum was in hierdie stadium baie bedrywig.<sup>396</sup> Hierdeur is beslis verseker dat sy arbeidsmag se produksievermoë optimaal benut word.

Wat die verblyffasiliteite vir die blanke arbeiders van die Western Deep Levels betref, het behuising reeds in die vyftigerjare ter sprake gekom. Met die myn byna sentraal tussen die dorpe Carletonville en Fochville (buite die Carletonvillese munisipale grens) geleë, was daar gerugte dat Fochville as die aangewese dorp vir die vestiging van sy mynwerkers deur die Anglo-American-Groep beskou is. As gevolg daarvan dat die suidelike gedeelte van Western Deep Levels wat teenaan Fochville grens, eers in die tagtigerjare ontwikkel is, en Fochville se infrastruktuur swakker voorgekom het, het die maatskappy Carletonville as voorkeurdorp vir akkommodasie doeleindes oorweeg.<sup>397</sup>

---

<sup>390</sup> P. Holz, "New shaft at Western Deep Levels flooded", *The South African Mining World*, 1(8), September 1982, 1(8), September 1982, p.72 en *Carletonville Herald*, 15.11.1985, p.5.

<sup>391</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, G.P. Mong, 7.9.1990.

<sup>392</sup> H. Elliot."Down towards the styx...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.12.

<sup>393</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.P. van der Merwe, 3.5.1990 asook onderhoud, T.P. Venter, 8.2.1989 en Anglo American Corporation, *Western Deep Levels, 32<sup>nd</sup> annual report*, 31.12.1989, p.11. Laasgenoemde bron vermeld 'n mannekrag van 28 301.

<sup>394</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, G.P. Mong, 7.9.1990.

<sup>395</sup> Carletonville Herald, 29.1.1988.

<sup>396</sup> *Western Deep News/Nuus*, August 1986, p.6; *Deep Levels News*, December 1965, p.3 en September 1966, p.3.

<sup>397</sup> Nedbank-argief, EO, Band 11, leers 102-108; Ekonomiese oorsigte Carletonville-tak: verslag, 31.12.1957, p.2 asook 31.1.1958, pp.2-3.

Kort nadat die myn in 1962 met produksie begin het, het die aantal beboude erwe in Carletonville Uitbreiding no. Vier, wat deur Western Deep Levels ontwikkel is, al sowat 550 getel.<sup>398</sup> Vir amptenare wat noodsaaklike diens verrig het, is a huise in die nuwe myndorp Western Deep Levels Village, sowel as 'n myn losieshuis wat 84 ongetroude mans kon huisves, gebou.<sup>399</sup>

Grondversakkings in die dekade sestig in die Carletonville-omgewing en skade aan huise het Western Deep Levels egter laat besluit om wonings vir sy werknemers in Fochville op to rig. Alhoewel dit ongunstige reaksie van die Carletonvillese Stadsraad uitgelok het,<sup>400</sup> het die maatskappy sy voorneme uitgevoer. Die Stadsraad het enkele jare later 'n onsuksesvolle poging aangewend om die AAC van plan to laat verander. Die groep het daarby ook laat blyk dat hul die maatskappy se erwe in Dorpsuitbreiding no. Nege van Carletonville, gaan verkoop.<sup>401</sup>

Al die bestaande huise in besit van die Western Deep Levels-myn in Carletonville is egter nie opgease nie. In die sestigerjare is gereeld inspeksies op huise gedoen en potensieel gevaarlike huise ontruim.<sup>402</sup> Naas die Wes-Driefontein-myn het Western Deep Levels teen 1967 die meeste huise verloor deurdat 57 uit 'n totaal van 582 huise ongeskik vir woondoeleindes verklaar is.<sup>403</sup> Mynamptenare se vertroue in die Carletonville-omgewing as woongebied het eers in die daaropvolgende dekade ten volle herstel.

---

<sup>398</sup> Carletonville Herald, 25.1.1963, p.5 en S.R. Potter (ed.), South African Mining and Engineering Year Book, 1962-63, p.61.

<sup>399</sup> Nedbank-argief, EO, Band 11, leers 102-108; Ekonomiese oorsigte Carletonville-tak: verslag, 31.1.1958; Anon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, p.4; Western Deep Levels Gold Mine, *WDL, a pioneer at depth, (s.j.)*; *Deep Levels News*, November 1967, p.3 en Republiek van Suid-Afrika, Departement van Handel en Nywerheid, jaarverslag no. 15, *Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne, 1 Januarie 1962 - 31 Desember 1962*, p.8.

<sup>400</sup> *Carletonville Herald*, 25.1.1963, p.5 en TAB, MCV, Band 51, leer 73/5(5), Publisiteit: koerantknipsel, *Die Transvaler*, 1966.

<sup>401</sup> TBP, MCV, lêer 221(b)(2), Dorpe: notule, Bestuurskomitee, 25.4.1967.

<sup>402</sup> TAB, MCV, Band 38, lêer 34/1/(4b), Formasie, veiligheid en standplase: Western Deep Levels Gold Mining Company Limited - cracking of houses, Carletonville-progress report, 7.3.1966.

<sup>403</sup> TBP, MCV, leer 22/1(b)(2), Dorpe: skedule wat die patroon van ontwikkeling by die Carletonville se gebied aantoon, 18.4.1967.

Ten tyde van ontwikkeling by die no. Een-skag in die aanvangsjare van die dekade tagtig, het die myn meer as 250 huise in Fochville gebou.<sup>404</sup> Teen 1986 is 'n verdere 250 voltooi. Hierdie tendens het egter nie verhinder dat sommige mynamptenare Carletonville hul tuiste gemaak het nie.<sup>405</sup> Die getal huise in die Western Deep Levels-mynwoonbuurt, Village, het ook met verloop van jare vermeerder en teen 1988 op sowat 184 gestaan.<sup>406</sup>

Verblyf aan swart mynwerkers het ook voor die amptelike produksiejaar van die myn, 1962, aandag gekry. Twee hostelle was in die stadium reeds naby no. Twee- en Drie-skag opgerig, sowel as 'n verdere 100 huise vir getroude swart amptenare<sup>407</sup> aan die agterkant van no. Twee-hostel gebou. Die swart woonbuurt het weldra as Skoonplaas bekend gestaan waarin selfs 'n laerskool gebou is. Vanweë die gebrek aan uitbreidingsmoontlikhede by Skoonplaas het die woonbuurt nooit verder ontwikkel nie. Dit is in die tagtigerjare in sekuriteitsgeboue omgeskep onderwyl daar aan die ontwikkeling van 'n nuwe swart dorp gewerk is.<sup>408</sup>

Die twee vermelde hostelle bestaan elk uit twee verdiepings, elk met 24 woonkamers toegerus om sowat 228 mynwerkers te lan huisves. In 1967 het 13 000 mynwerkers al in die hostelle gewoon. 'n Derde soortgelyke hostel is in die sewentigerjare opgerig,<sup>409</sup> heel waarskynlik omdat die groei in swart arbeidsgetalle dit genoodsaak het.

---

<sup>404</sup> P. Holz, "New shaft at Western Deep Levels flooded" *The South African Mining World*, 1(8), September 1982, p.72 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N. Theunissen (Projekbestuurder, Weulela), 7.9.1990.

<sup>405</sup> Western Deep Levels Goldmine, *WDL, a pioneer at depth*, (s.j.) en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N. Theunissen, 7.9.1990.

<sup>406</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart: Carletonville munisipale gebied teen 1988 (Departement Stads- en Streeksbeplanning, Carletonville munisipaliteit). Kyk ook Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N. Theunissen, 7.9.1990.

<sup>407</sup> TAB, MCV, Band 51, lêer 73/5(5), Publisiteit: koerantknipsel, *Die Transvaler*, 1966; SAB, NTS, Band 9969, lêer 1321/408C3(1), Western Deep Levels: compound, Shaft 3. Kyk ook bande 2576 en 2577 vir soortgelyke inligting en Anon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, p.4.

<sup>408</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N.T. Theunissen, 7.9.1990. Waarom die naam Skoonplaas gebruik is, is onbekend. Blykbaar was dit 'n algemene neiging van swart getroude amptenare by myne om hulle woonbuurt Skoonplaas te noem.

<sup>409</sup> Herald vir die Goue Weste, 12.5.1967, p.11 en Western Deep Levels Gold Mine, *WDL, a pioneer at depth*, (s.j.).

Die onrus by Western Deep Levels in 1973, soos vroeër genoem, het die hostelstelsel onder die vergrootglas laat kom. Die mening is gehuldig dat 8 000 mense in een hostel makliker onrus kon laat versprei en dit selfs tot vernielsug kon lei. Vervolgens is 'n behuisingskema, wat families van swart mynwerkers insluit, deur die myn voorgestel.<sup>410</sup> Die verslapping in die instromingsbeleid teen 1978 het dit moontlik gemaak.<sup>411</sup>

In samewerking met die Anglo-American-Groep se jongste toevoeging in die geweste, naamlik die Elandsrand-goudmyn, het Western Deep Levels 'n swart woonbuurt, genaamd Wedela, beplan.<sup>412</sup> In Desember 1978 is die woonbuurt, geleë op 813 ha grond, amptelik geopen. Die eerste ontwikkelingsfase het 600 huise in die vooruitsig gestel. Van die ongeveer 126 huise wat toe reeds gebou is, was 26 in hierdie stadium beset.<sup>413</sup> Hostelverblyf was egter steeds gewild, en 'n vierde hiervan is in 1981 gebou om swart arbeiders naby die no. Een-skag te huisves.<sup>414</sup>

Na die Regering sy instromingsbeleid in 1986 laat vaar het,<sup>415</sup> het meer werkers met hul gesinne in Wedela gaan woon. Die verandering het Anglo-American ook sy behuisingskema laat wysig.<sup>416</sup> Die groep het sowat R50 miljoen bestee om die dorp te ontwikkel. Swart mynwerkers is die geleentheid gegee om huise in Wedela, wat in tien woonbuurtes ingedeel

---

<sup>410</sup> Anon., "Western Deep re-visited", *Financial Mail*, 50, 9.11.1973, p.571.

<sup>411</sup> J.H. Coetzee, "Die afskaffing van instromingsbeheer", *Oënskou*, 4(6), Julie 1986, p.225.

<sup>412</sup> Die naam Wedela is ontleen van die name van die twee betrokke goudmynmaatskappye: Western Deep Levels en Elandsrand.




<sup>413</sup> *Carletonville Herald*, 29.7.1977, p.13; J. Oxley, *Down where no lion walked* pp.167-168 en N.T. Theunissen, "Wedela ... the town waiting for a proclamation", *Local Government in Southern Africa*, May/June, 1989, pp.3-5.

<sup>414</sup> P. Holz, "New shaft at Western Deep Levels flooded", *South African Mining World*, 1(8), September 1982, p.72; *Carletonville Herald*, 29.7.1977, p.13 en Western Deep Levels Gold Mine, *WDL, a pioneer at depth, (s.j.)*.

<sup>415</sup> J.H. Coetzee, "Die afskaffing van instromingsbeheer", *Oënskou*, 4(6), Julie 1986, p.226-227

<sup>416</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, Raadsnotules: notule, 29.11.1986, p.13.

Die ontwikkeling van ontspanningsfasiliteite by Western Deep Levels gedurende die vroeë sestigerjare.



is, te koop. Nog huise is sedertdien in Wedela opgerig. In 1988 was daar al 498 beboude erwe,<sup>417</sup> en nog vooruitsigte vir verdere ontwikkeling is aangekondig.<sup>418</sup> 'n Ander projek wat ook in die jaar geloods is, is die oprigting van 'n sentrum vir besoekende vroue van swart mynwerkers.<sup>419</sup>

#### **4.8.1.3 Sakedienste, ontspannings-, sport-en kulturele aktiwiteite en kerklike fasiliteite**

Velerlei sport-, ontspannings- en sosiale aktiwiteite was van meet of aan deel van die daaglikse lewenswyse van die blanke en swart mynwerkers van Western Deep Levels. Uit sportberigte wil dit voorkom asof die blanke werkers van die myn byna elke sportsoort denkbaar kon beoefen. Diensorganisasies soos die Western Deep Levels Ladies Charity Fund en sosiale klubs, waarby die vroue van mynamptenare veral betrokke was en die soortgelyk aan die van ander plaaslike myne, was ook goed op dreef. Hierbenewens was filmvertonings en Kersboomfunksies ook deel van die jaarlikse ontspanningsaktiwiteite.<sup>420</sup>

Western Deep Levels is die myn in die omgewing wat oor die modernste sportgeriewe vir sy werknemers beskik. Dit sluit onder meer 'n standaard- Olimpiese atletiek- en fietsbaan in. 'n Krieketveld en sokkerbaanfasiliteite is naby die hostelle uitgelê. Voorts beskik elke hostel ook oor 'n ontspanningsaal waar die swart hostelbewoners hul kulturele aktiwiteite, onder meer stamdanse, kan beoefen.<sup>421</sup>

---

<sup>417</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, pp.169-170; Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart: Carletonville munisipale gebied teen 1988 en N.T. Theunissen, "Wedela ... the town waiting for a proclamation", *Local Government in Southern Africa*, May/June, 1989, p.5.

<sup>418</sup> In 1990 is Wedela as 'n onafhanklike plaaslike owerheid geproklameer, Kyk *Wedela News*, February 1990, p.1 asook March/May 1990, pp.1-3.

<sup>419</sup> *Carletonville Herald*, bylae, 29.1.1988, p.6. Soortgelyke projekte is ook sedert die opening van die myn van stapel gestuur. Kyk Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N. Theunissen, 7.9.1990.

<sup>420</sup> *Deep Levels News*, Desember 1965, p.3 asook March 1966, p.6; September 1966, p.3; November 1967, pp.1,8 en *Western Deep News*, February 1986, pp.5,8,16,18.

<sup>421</sup> Anon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, p.5, Western Deep Levels Gold Mine, *WDL, a pioneer at depth*, (s.j.) en H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.12.

Die trots egter van die myn, sowel as die van die Elandsrand-myn, is die geriewe wat by die moderne swart woonbuurt Wedela beskikbaar is. Fasiliteite wat hier opgerig is, om maar net enkeles te noem, is 'n standaard- Olimpiese swembad, tennisbane, ontspanningsale en 'n ontspanningsklub, genaamd Village Club. Dit sluit nie eens die sport- en ander geriewe wat die Wedela Tegnieuse Hoërskool aan die dorp se leerlinge bied, in nie.<sup>422</sup> Ander dienste wat ook by die Wedela-woonbuurt beskikbaar is, is 'n mediese kliniek, 'n poskantoor en 'n moderne sakesentrum. 'n Pre-primêre, twee primêre en een sekondêre skool is ook in die dorp opgerig.<sup>423</sup>

Wat die toekomstige vooruitsigte van Wedela betref, indien dit volgens sy voile potensiaal ontwikkel, lyk ook ewe indrukwekkend. Dit sluit onder meer 'n verdere sekondêre skool en agt primêre skole, nog klinieke, kleuterskole, sakeondernemings en gemeenskapsentrums in.<sup>424</sup> Dit blyk dat die AAC met hierdie modeldorp erkenning gegee het aan sy swart werknemers se permanente vestiging en behoefte aan 'n normale lewenspatroon binne gesinsverband eerder as die omstrede trekarbeidstelsel wat op die tydelike verblyf van slegs mans berus het.

Anders as by Wedela, beskik die hostelle nie oor eie mediese dienste nie. 'n Mynhospitaal wat in 1963 naby no. Twee-skag<sup>425</sup> geopen is, voorsien in die behoefte.<sup>426</sup> Mynwerkers van die Elandsrand-goudmyn sowel as alle blanke mynwerkers van beide myne, kan van die diens gebruik maak.<sup>427</sup> Ernstige gevalle word na hospitale in die Johannesburg-omgewing

---

<sup>422</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.170 en H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.12.

<sup>423</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.170; H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.12 en J.C. Schutte (red.), *Wesrand Streekdienstemmi beplanningsondersoek*, p.142.

<sup>424</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, N.T. Theunissen, 7.9.1990 en N.T. Theunissen, "Wedela ... the town waiting for a proclamation", *Local Government in Southern Africa*, May/June, 1989, p.4.

<sup>425</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.172 en S.R. Potter (ed.), *South African Mining and Engineering Year Book, 1962-63*, p.61.

<sup>426</sup> SAB, BAO, Band 2837, lêer C33/3/1397, Gesondheidstoestande op myne en bedrywe: Western Deep Levels, aansoek om oprigting, 17.7.1960 asook opening, 7.11.1963.

<sup>427</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E. van Wyk (Skakelbeampte, WDL-myn), 11.8.1989.

oorgeplaas.<sup>428</sup> Ander dienste wat by die hostelle gelewer word, is onder andere 'n kunsvlytsentrum, 'n skrywerkers- en 'n klerewinkel sowel as 'n haarkappery.<sup>429</sup> Soortgelyke dienste is vir die blanke bewoners op myngrond beskikbaar.<sup>430</sup>

'n Aspek waaraan Western Deep Levels sedert sy opening baie aandag gegee het, is bewaring. As uitvloeisel hiervan is 'n oord vir voëls naby die no. Drie-hostel geskep, en in samewerking met die Elandsrand-goudmyn is 'n klein wildtuintjie van 650ha op die suidelike gedeelte van Western Deep Levels begin.<sup>431</sup> Die myn lewer ook 'n kwekerydiens wat in die sestigerjare al geopen is. By die kwekery word blomme en struik wat goed in die gebied aard, teen 'n minimale bedrag aan werknemers beskikbaar gestel. Die doel van die kwekery is om die plaaslike plantegroei aan te vul wat onvermydelik na goudmynvestiging skade gelei het.<sup>432</sup>

Western Deep Levels het dus regdeur sy geskiedenis nie net by goudmynbedrywighede en navorsing sowel as die toepassing van moderne tegnologie betrokke geraak nie, maar ook indirek waardevolle bydraes gelewer om die sosiale welvaart van 'n gedeelte van die Suid-Afrikaanse samelewing, die Carletonville-gebied, te bevorder.

## 4.8.2 Die Elandsrand-goudmynmaatskappy

### 4.8.2.1 Ontwikkeling

Die Elandsrand-goudmyn is die AAC se jongste toevoeging tot die Carletonville-gebied.<sup>433</sup> 'n Moontlike ontwikkeling van die grond buite die suidelike grense van die Doornfontein-myn het reeds in 1968 ter sprake gekom toe die AAC 17 gate in die gebied laat boor het. Die

---

<sup>428</sup> *Deep Levels News*, Desember 1965, p.3.

<sup>429</sup> *Herald vir die Goue Weste*, 12.5.1967, p.11 en Mon., "13 000 voet onder die aarde", *Suid-Afrikaanse Panorama*, 7(5), Mei 1962, p.4.


<sup>430</sup> H. Elliot, "Down towards the styx ...", *Optima*, 34(2), June 1986, p.12.

<sup>431</sup> J. Oxley, Down where no lion walked ..., p.178.

<sup>432</sup> *Deep Levels News*, September 1966, p.2 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, E. van Wyk, 11.8.1989.

<sup>433</sup> Anon., "South Africa", *Mining Annual Review*, June 1969, p.271.

**Wedela Tegniese Hoërskool**



Bron: D. Hartley.

resultate was belowend. Gouddraende riwwe van meer as 'n meter dik is in die Ventersdorp Kontakrif opgespoor.<sup>434</sup>

Na verdere ondersoek en etlike jare se beplanning, het die Elandsrand Gold Mining Company in September 1974 sy beslag gekry. Die myn is op sowat 2 618ha uitgelê, en minerale regte is ook op 515 ha grond suid-oos van Elandsrand, waarop Western Deep Levels ook aanspraak het, verkry. In 'n ooreenkoms tussen die twee myne is besluit dat Elandsrand op hierdie grond vir die ontginning van die Ventersdorp-Kontakrif, en Western Deep Levels vir die ontginning van die Koolstofleierref, verantwoordelik sou wees.<sup>435</sup>

Om die nuwe Elandsrand-myn to ontwikkel, is 'n kapitale uitleg van R172 miljoen gemaak.<sup>436</sup> Die jaar 1981 is as aanvangsdatum vir produksie bereken. 'n Lewensduur van 34 jaar is in die vooruitsig gestel.<sup>437</sup> Elandsrand het in sy ontwikkeling die voordeel gehad dat by onmiddellik uit die ervaring van ander goudmyne ter plaatse kon put. So byvoorbeeld is die myn se eerste fase van ontwikkeling deur die fondering van die skagterrein, 'n unieke proses van voorafsinking, ingelui. Dit is gevolg deur die sink van die 2 100 meter sogenaamde man-materiaalskag en 'n noodsaaklike bykomende 2 195 meter rots-ventilasieskag.<sup>438</sup> Op 9 Januarie 1976 het die volgende fase, naamlik die hoofskagsinkproses, amptelik begin.<sup>439</sup>

Ander aspekte wat deel van die beplanning uitgemaak het alvorens produksie 'n aanvang kon neem, is onder meer die aanlê van toevoerpaaië, die voorsiening van elektrisiteit, die oprigting van hyshuise sowel as tydelike en permanente werksinkels, kantore en 'n gevolg

---

<sup>434</sup> C. Heever, "Elandsrand and the advance of gold mining towards the 21st century", *Optima*, 27, 1978-79, p.114.

<sup>435</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.198 en C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.115.


<sup>436</sup> Elandsrand Gold Mine, *Elandsrand 16th annual report*, 1989, p.3.

<sup>437</sup> *Carletonville Herald*, 3.10.1975, p.1 asook 21.7.1977, p.5 en 13.4.1979, p.3.

<sup>438</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.114-115 en *Carletonville Weekly Record*, 3.10.1975, p.10.

<sup>439</sup> *Carletonville Herald*, 9.1.1976, p.3 en J. Oxley, *Down where no lion walked...*, p.199.

## Ontwikkeling by Elandsrand



Bron: Anglo American Corporation

hiervan was die Elandsrandprojek, na 21 maande sedert aanvang, alreeds die geskeduleerde openingsdatum 'n jaar vooruit.<sup>440</sup>

Nog 'n saak waaraan aandag geskenk is om die aanvang van produksie te bespoedig, is die ontwikkeling van 'n ertsverdieping om die erts van 'n gemiddelde grootte teen die hoogste kapasiteit aan die goudherwinningsaanleg op die oppervlak te lewer.<sup>441</sup> Gevolglik is etlike installasies opgerig om die ertsverdieping na behore toe te rus. 'n Ondergrondse verbinding vanaf Western Deep Levels na Elandsrand se 75ste verdieping, wat uiteindelik tot die 2238ste verdieping sou deurbreek om goud dieper te delf, het ook gedurende die beginjare aandag gekry.<sup>442</sup> Western Deep Levels was ook sedert die beginjare van Elandsrand vir die voorsiening van krag en water aan die myn verantwoordelik voor ESKOM en die Randse Waterraad hierdie verpligting oorgeneem het.<sup>443</sup>

Daar was gedurende die begin van ontwikkeling by die Elandsrand-myn 'n none samewerking met die Western Deep Levels-myn. Die eerste gouderts te Elandsrand is deur die skagte van Western Deep Levels ontgin, en die eerste staaf goud is op 22 Desember 1978, drie jaar voor die geskeduleerde datum, gegiet.<sup>444</sup> In die eerste produksiejaar is 582 ton erts gemaak waaruit 2 931 kg goud geproduseer is<sup>445</sup> (kyk grafiek 7, p.185a). Verdere meganisasie was in die jare hierna by Elandsrand-myn aan die orde van die dag, soos die spoorlose hidrouliese boortoerusting, bygestaan deur stortvragmasjiene, wat bekend gestel is. Vir die doel het die myn ook personeel in waterwerktuigkunde laat oplei om so die weg vir

---

<sup>440</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.115-116 en *Carletonville Weekly Record*, 3.10.1975, p.10. Die myn het glo die onderskeiding gehad dat dit teen 1976 die grootste huishuis in die wereld op sy perseel gehad het. Kyk *Carletonville Weekly Record*, 30.4.1976, p.12.

<sup>441</sup> Carletonville Weekly Record, 29.10.1976, p.23.

<sup>442</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.117-119 en *Carletonville Herald*, 9.1.1976, p.3.

<sup>443</sup> Carletonville Weekly Record, 3.10.1975, p.10.

<sup>444</sup> J. Oxley, Down where no lion walked ..., p.199 en Elandsrand Gold Mine, Elandsrand 16th annual report, 1989, p.5.

<sup>445</sup> Chamber of Mines, *90th Annual report*, 1979, p.43.

## Die Elandsrand-goudmyn:

### Vooraansig:



Amptelik opening op 10 April 1979.




Bron: Carletonville Herald.

GRAFIEK 7

# Elandsrand-goudmyn

Goudproduksie : aanvangsjaar en teen  
1988



Chamber of Mines, *Mining annual report*, die jare 1979 en 1988.

verdere meganisasie te open.<sup>446</sup> Daarby is die myn se ventilasiesistelsel ook volgens die nuutste tegnieke vir ondergrondse verkoeling geïnstalleer.<sup>447</sup>

Ten spyte daarvan dat Elandsrand, danksy al die nuutste metodes en tegnieke, sy produksie bespoedig het, het die mynmaatskappy met teleurstelling moes verneem dat die ertswaardes van 'n laer kwaliteit was as wat verwag is.<sup>448</sup> Die myn het in 1981 minder goud uit 1 215 000 ton erts<sup>449</sup> geproduseer as die hoeveelheid goud wat uit die 985 000 ton erts van 1980 verkry is, naamlik 5 204 kg goud teenoor 1980 se 5 250 kg.<sup>450</sup> Volgens latere statistiek wil dit voorkom asof die probleem net tydelik was.<sup>451</sup>

Ander aspekte wat moontlik aanvanklik ook produksie gestrem het, is die onvoldoende hyskapasiteit<sup>452</sup> en die sink van 'n nuwe vertikale subskagstelsel om 'n hoër kwaliteit erts te ontgin. 'n Verdere prospekterprogram is vir die doel van stapel gestuur,<sup>453</sup> wat dividende opgelewer het. Teen 1986 is 1 895 000 ton erts ontgin en 11 836 kg goud hieruit geproduseer.<sup>454</sup>

Gedurende 1988 het Elandsrand-myn met die konsep van 'n ondergrondse produksiekontrolesentrum vorendag gekom, met die doel om produksie in 'n spesifieke area

---

<sup>446</sup> *Carletonville Herald*, 22.12.1978, p.1 en *Carletonville Weekly Record*, 22.12.1978, p.8. Vergelyk ook die vooruitsigte genoem in *Carletonville Herald*, 9.1.1976, p.3.

<sup>447</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.119-122 en *Carletonville Weekly Record*, 22.12.1978, p.8.

<sup>448</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.120 en J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.199.

<sup>449</sup> Chamber of Mines, *91st Annual report*, 1980, p.39; Mon., "South Africa", *Mining Annual Review*, 1982, p.422.

<sup>450</sup> Elandsrand Gold Mine, *Elandsrand 16th annual report*, 1989, p.9 en Chamber of Mines, *91st Annual report*, 1980, p.33

<sup>451</sup> Chamber of Mines, *93rd Annual report*, 1982 tot *96th Annual report*, 1985, p.42 en *Carletonville Herald*, 26.4.1985, p.6.

<sup>452</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.120.

<sup>453</sup> Anon., "Die vemaamste SA goudmyne, *Die Mynwese*, 3(4), 1986, p.6.

<sup>454</sup> Chamber of Mines, *97th Annual report*, 1986, p.46 en Elandsrand Gold Mine, *Elandsrand 16th annual report*, December 1989, p.9. Beide bronne se statistiese gegewens verskil ietwat met betrekking tot die goudproduksie van Elandsrand vir 1985.

deur beter kommunikasie te kontroleer. As gevolg hiervan het produktiwiteit toegeneem,<sup>455</sup> en blyk dit wel uit die jaar se produksievertoning toe sowat 971 000 ton erts ontgin is waaruit 12 070 kg goud geproduseer is (kyk grafiek 7, p.185a).<sup>456</sup> Elandsrand-myn se goudproduksie was in hierdie stadium dus steeds besig om toe te neem, en sy bydrae tot die res van die Suid-Afrikaanse goudmynbedryf hoër as die van buurmyne Doornfontein, Deelkraal en Blyvooruitzicht.<sup>457</sup>

#### **4.8.2.2 Arbeidsmag en behuisingsvoorsiening**

Ten tyde van die beplanning betreffende die ontwikkeling van Elandsrand-myn is dit in die vooruitsig gestel dat die aantal blankes hier uiteindelik 750 en die swart werkers 8 000 behoort te tel.<sup>458</sup> Die feit dat Carletonville hierby sou baat, is nie deur die plaaslike pers onaangeroer gelaat nie. Inderdaad sou die meeste werkers hulle verbruikersware in die dorp moes aankoop. Daarby het sake gunstig vir die Stadsraad verloop met betrekking tot die inlywing van die nuwe myn as deel van sy munisipale gebied.<sup>459</sup>

In 1978 het die arbeidsmag van die Elandsrand-myn al sowat 308 blankes en 3 500 swartes getel. Gedurende die wordingsjare van die myn was die ontwikkeling daarvan daarop gemik om by wyse van meganisasie arbeidsgetalle tot 25% minder as alder vergelykbare goudmyne te beperk.<sup>460</sup> Teen 1985 het die blanke arbeidsmag die aanvanklik geskatte getal oortref toe 786 al in diens van die myn gestaan het. Die getalle van die swart arbeiders het die 8 000-kerf eers in 1987 verbygesteek toe sowat 8 577 in die stadium in diens van die myn was. Beide bevolkingsgroepe se getalle het in 1988 toegeneem, en in hierdie stadium het die blankes 898 en die swart werkers 8 621 getel.<sup>461</sup> 'n Rede vir die oorskryding van die

---

<sup>455</sup> **Potchefstroom Herald**, bylae, 20.5.1988, p.20.

<sup>456</sup> Elandsrand Gold Mine, **Elandsrand 16th annual report**, 1989, p.9 en **Carletonville Herald**, 29.1.1988,p.20.

<sup>457</sup> Kyk grafieke 8 en 9 op pp.189a,190a.

<sup>458</sup> **Carletonville Herald**, 3.10.1975, p.1; **Carletonville Weekly Record**, 22.12.1978, p.8 en C. Heever, "Elandsrand ...", **Optima**, 27, 1978-79, p.124.

<sup>459</sup> **Carletonville Weekly Record**, 1.10.1975, pp.1-2,5,12 asook 6.5.1977, p.4.

<sup>460</sup> **Carletonville Weekly Record**, 22.12.1978, p.8 en C. Heever, "Elandsrand ...", **Optima**, 27, 1978-79, p.124.

<sup>461</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C.P. Mong, 7.9.1990.

aanvanklik voorgestelde arbeiderskorps kan aan bedrywighede wat gedurende die middel-tagtigerjare by die vertikale subskag begin het, toegeskryf word.<sup>462</sup>

Sedert die aanvang van mynbedrywighede by die Elandsrand-myn het akkommodasie vir sy mynwerkers ook die aandag van die maatskappy geveg.<sup>463</sup> Soos in die geval van die reeds vermelde Deelkraal-myn, is die Elandsrand-myn ook redelik ver van 'n dorp geleë. Elandsrand-myn het gevolglik toestemming van die Departement van Omgewingsbeplanning en Energie verkry om sy werkers op myngrond te huisves.<sup>464</sup> Moderne woonstelle en huise is al vanaf 1975 in die nuwe myndorp, genaamd Elandsridge, opgerig.<sup>465</sup>

Die huisvesting van blankes op myngrond het mettertyd tot die ontevredenheid van die Carletonvillese Stadsraad aanleiding gegee, aangesien die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture van Oktober 1977 bepaal het dat dienslewering aan sodanige myndorpe die verantwoordelikheid van 'n plaaslike owerheid is. 'n Plaaslike owerheid kon hiervolgens blykbaar nie die regmatige belasting op hulle dienste wat hulle aan myndorpe gelewer het, hef nie. Dit het dus eerder sodanige owerheid se finansiële las verhoog.<sup>466</sup>

Die Stadsraad het voorgestel dat die werknemers van die Elandsrand-myn in Welverdiend kan gaan woon, aangesien 584 onontwikkelde erwe teen 1979 nog daar beskikbaar was. Alternatiewelik is die oprigting van verblyfgeriewe in Dorpsuitbreidings no. Twee en Tien van Carletonville, waarvan gedeeltes in die proses van proklamering is ook voorgestel.<sup>467</sup> Dit blyk

---

<sup>462</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.C.P. Snyman (Personeelbeampte, Elandsrand-goudmyn), 11.5.1990 en Elandsrand Gold Mine, *Elandsrand 16th annual report*, 1989, p.11.

<sup>463</sup> *Carletonville Herald*, 3.10.1975, p.1 en C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.115.


<sup>464</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/2(a)(1), Deelkraal: notule, Bestuurskomitee, 20.11.1975 en *Carletonville Weekly Record*, 3.10.1975, p.10.

<sup>465</sup> *Carletonville Weekly Record*, 30.4.1976, p.12 asook 3.10.1975, p.10 en C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.125.

<sup>466</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/2(b)(3), Gebruik van grond Elandsrand: memorandum, onoordeelkundige stigting van dorpe te Carletonville, (s.j.) asook brief, Stadsraad Carletonville/Gebiedsverte, enwoordiger, Dept. van Omgewingsbeplanning en Energie, 14.11.1979 en brief, Town Engineer Carletonville/Town Clerk Carletonville, 9.7.1979.

<sup>467</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/2(b)(3), Gebruik van grond Elandsrand: memorandum, onoordeelkundige stigting van dorpe te Carletonville, (s.j.) asook brief, Stadsraad Carletonville/Gebiedsverte, enwoordiger, Dept. van Omgewingsbeplanning en Energie, 14.11.1979 en brief, Town Engineer Carletonville/Town Clerk Carletonville, 9.7.1979.

Die *From the Hill* kompleks te Elandsrand.



Bron: Anglo American Corporation.

dat die Elandsrand-myn, ten spyte van die vermelde voorstelle deur die Stadsraad, sy oorspronklike besluit gehandhaaf het. Hierteenoor het blankes wat aan die myn verbonde is, in die omgewing se geproklameerde dorpe gaan woon. Dit wil ook voorkom asof daar teen 1988 net 534 huise in Elandsridge beskikbaar was.<sup>468</sup> Hierdie huise was te min vir die blanke arbeidsmag wat gedurende die jaar aan die myn verbonde was.

Wat die behuising vir senior swart werknemers betref, het Elandsrand en Western Deep Levels saamgewerk om die oprigting van die woonbuurt Wedela moontlik te maak.<sup>469</sup> Die woonbuurtidee is ook ten opsigte van die akkommodasie vir enkelopende swart werkers toegepas. Tien komplekse, wat wissel van enkelgeboue tot soveel as drie verdiepings, is opgerig. Elk van hierdie komplekse het sy eie tuin met geen kunsmatige grense of mure tussenin nie. Kamers is so beplan dat dit in getroude kwartiere omgeskep kon word, en in die kompleks kan elke kamer ses tot twaalf persone huisves. Elke kompleks is ook van 'n sit- en eetkamer voorsien. Die personeel in 'n sentrale kombuis versprei die voedsel vanwaar die inwoners dit in klein ingerigte eetkamers nuttig. Die doel hiermee is om etenstye meer intiem en gesellig te maak.<sup>470</sup> Sowat 550 tot 700 swart werkers kan in elke kompleks woon. Die komplekse was dus teen 1988 na behore ingerig om 7 000 van die 10 300 mynwerkers te huisves.<sup>471</sup>

#### **4.8.2.3 Sakedienste, sport-, ontspannings- en kulturele aktiwiteite en kerklike fasiliteite**

Die enkele kerklike en kulturele geleenthede sowel as sakedienste wat by Elandsrand-myn aangebied en/of aangetref word, is hoofsaaklik vir die swart werknemers van die myn beplan. Die meeste blankes wat aan die myn verbonde is, maak hiervoor van Carletonville of

---

<sup>468</sup> Carletonville (Munisipaliteit), CM, kaart: Carletonville munisipale gebied teen 1988.


<sup>469</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.125 en *Carletonville Weekly Record*, 3.10.1975, p.10. Vir verdere inligting oor Wedela sien die bespreking van Western Deep Levels, pp.179-180.

<sup>470</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.125-126; *Carletonville Weekly Record*, 3.10.1975, p.10 asook 30.4.1976, p.12 en 29.10.1976, p.5.

<sup>471</sup> Elandsrand Gold Mine, *Elandsrand, 16th annual report*, 31.12.1989, p.3.

GRAFIEK 8

Carletonville goudmyne  
Goudproduksie : Tonne erts ontgin,  
1984-1988



Chamber of Mines, Mining annual report, die jare 1984-1988.

Western Deep Levels gebruik.<sup>472</sup> Wel moet die Elandsrand Dames Sosiale Klub vermeld word. Die klub funksioneer al sedert die myn met produksie begin het.<sup>473</sup>

Vir die swart arbeiders is drie mini-kantiens naby die vermelde tien komplekse beskikbaar gestel. In teenstelling met die tradisionele konsessiewinkels, is 'n sakekompleks, bestaande uit sewe winkels, naby die woonkomplekse opgerig. Vir die doel word Carletonville egter meer gereeld benut. Genoegsame sportfasiliteite soos sokker- en rugbyvelde, is ook beskikbaar<sup>474</sup> sowel as 'n sogenaamde "Kickabout"<sup>475</sup>- veld waar die swartes informeel enige sportsoort kan beoefen. 'n Gemeenskapsaal is ook gebou waar kulturele funksies soos stamdans aangebied word.<sup>476</sup>

#### **4.9 DIE GOUDMYNE IN DIE MUNISIPALE GEBIED VAN CARLETONVILLE IN VERHOUDING TOT DIE TOTALE SUID-AFRIKAANSE GOUDMYNBEDRYF**

##### **4.9.1 Algemeen**

Volgens die voorafgaande studie met betrekking tot die sewe goudmyne binne die Carletonville munisipale gebied, het elk in 'n stadium, hetsy vanweë gebeure of prestasies, landswyd aandag getrek. So byvoorbeeld het Blyvooruitzicht, Wes-, Oos-en Noord-Driefontein (Driefontein Consolidated) sowel as Western Deep Levels hulle op 'n bepaalde tydperk van hul goudproduksie as van Suid-Afrika se voorste individuele produsente van goud onderskei. Wes-Driefontein was sedert die sestigjare, tot kort voor sy konsolidering met Oos- en Noord-Driefontein, Suid-Afrika sowel as die wêreld se voorste

---

<sup>472</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, C. Diedericks (Beampte, Elandsrand-myn), 18.5.1990.

<sup>473</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, D.A. Olivier (Voorsitster, Elandsrand Dames Sosiale Klub), 22.2.1991.

<sup>474</sup> C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, pp.124-125.

<sup>475</sup> 'n "Kickabout"-veld is blykbaar 'n idee wat onlangs vanuit Suid-Amerika in Suid-Afrika bekenseestel is. Kyk C. Heever, "Elandsrand ...", *Optima*, 27, 1978-79, p.125.

<sup>476</sup> Carletonville Weekly Record, 29.10.1976, p.5.

goudprodusent.<sup>477</sup> Hierdie myne, Blyvooruitzicht uitgesonderd, het steeds teen 1988 'n hoe opbrengs goud gelewer.

Word die produksie van die grootste myne in die Carletonville-gebied, naamlik Driefontein Consolidated en Western Deep Levels, met mekaar vergelyk, blyk dit dat die gouddraende riwwe in die gebied van Driefontein Consolidated 'n hoer kwaliteit erts as die van Western Deep Levels opgelewer het. Dit, ten spyte daarvan dat Western Deep Levels bekend is as die diepste goudmyn in Suid-Afrika met 'n skouspelagtige vertoning van ertsontginning per jaar (kyk grafiek 8, p.245).<sup>478</sup>

Deelkraal en Elandsrand munt weer uit as die goudmyne in die gebied wat die meeste by die tegnologiese vooruitgang binne die goudmynbedryf gebaat het. Alhoewel beide teen 1988 nog geensins Driefontein Consolidated en Western Deep Levels se gelyke was nie, het hul goudproduksie steeds 'n stygende tendens getoon. In hierdie stadium moes pioniermyne soos Doornfontein en Blyvooruitzicht, wat hul goudproduksie betref, die knie voor die prestasies van die twee jonger myne buig.<sup>479</sup>

Gesamentlik het al die goudmyne in die Carletonville-gebied teen 1988 vir 18% van Suid-Afrika se goudproduksie gesorg. Hiervan het Western Deep Levels die grootste individuele bydrae gelewer indien die bydraes van die Oos- en Wes-Driefontein-goudmyn apart bereken word (kyk grafiek 9, p.248).<sup>480</sup>

Wat die verskaffing van akkommodasie en beoefening van kulturele aktiwiteite op myngrond, sowel as die arbeidsterkte van elke myn betref, staan Western Deep Levels ook kop en

---

<sup>477</sup> Cory Library, Gold Fields Collection, W.J. Busschau, "The South African scene", (groupconference held at Scotland, 2-9 July 1964), p.19.

<sup>478</sup> In 1988 het Driefontein Consolidated 5 693 000 ton erts ontgin en Western Deep Levels 6 579 573. Hieruit het eersgenoemde 60 573 kilogram goud geproduseer teenoor laasgenoemde se 39 223 kilogram. Kyk Chamber of Mines, **99th Annual report**, 1988, p.43.


<sup>479</sup> Deelkraal en Elandsrand het byvoorbeeld in 1988 minder erts as Blyvooruitzicht ontgin, maar weer goud geproduseer. Kyk teks vroeër in hierdie hoofstuk oor elke myn, en grafiek 4.9, p.190a.

<sup>480</sup> Chamber of Mines, **99th Annual report**, 1988, pp.13s,78.

GRAFIEK 9

# Suid-Afrika / Carletonville

## Goudproduksie teen 1988 - 'n vergelyking



Chamber of Mines, 99th Annual report, 1988, pp.13s,78.

skouers bo die ander goudmyne uit.<sup>481</sup> Indien die arbeidsgetalle van die Wes- en Oos-Driefonteinmyn gesamentlik bereken word, is dit 3 000 meer as Western Deep Levels se 28 308. Ten opsigte van allerlei dienste was dit egter die Blyvooruitzicht-myn wat die noodsaaklike pionierswerk verrig het. Hierteenoor lê die belegging van dienste deur veral die Wes-Driefontein-myn in Carletonville opgesluit. Al die ander goudmyne ter plaatse het met verloop van jare ook insette tot die ontwikkeling van die dorp gelewer, aangesien bedrywigheede bier die kern van die hele omgewing se gemeenskapslewe vorm.<sup>482</sup>

#### **4.9.2 Tegnologiese prestasies**

Meganisasie en tegnologiese ontwikkeling word beskou as maniere om 'n bedryf, soos byvoorbeeld goudmyne, te verbeter. Wat die goudmyne te Carletonville hierin van ander goudmyne in Suid-Afrika onderskei, is (i) hulle hantering van probleme in verband met ondergrondse waterhoudende dolomitiese rots, en hiermee saam (ii) die sinkgatverskynsel waaraan aandag gegee moes word. 'n Verdere onderskeiding is (iii) die tegnieke wat deur die plaaslike myne ontwikkel is om die ondergrondse dieptes te trotseer, en daardeur die veiligheid van mynwerkers te verseker. Hierdie aspekte word vervolgens breedvoeriger bespreek:

##### **4.9.2.1 Waterhoudende dolomitiese rots**

Wat die waterhoudende dolomitiese rotse in die gebied betref, het die daartoe gelei dat tegnieke in die sementasieproses verfyn is,<sup>483</sup> en pomptoerusting van wêreldgehalte is gebruik om ondergrondse water in die Carletonville-gebied uit te pomp.<sup>484</sup> Sommige sektore het dit negatief ervaar, aangesien dit die plaaslike ekonomie, vanweë grondverskuiwings op 'n gegewe tydstep geknou het. Hierdie probleme is op die lange duur egter uitgefaseer. Dit het selfs 'n positiewe uitwerking gehad. So byvoorbeeld het die pompbedrywigheede van die

---

<sup>481</sup> Western Deep Levels-myn het in 1988 aan 28 308 mense en Wes-Driefontein-myn aan 18 305 werk verskaf. Al die ander goudmyne se werkerskorps het elk minder as 14 000 getel. Kyk ook teks vroeër in hierdie hoofstuk oor elke myn.

<sup>482</sup> Kyk **Hoofstuk Sewe**, pp.288-339 ter voorbeeld.

<sup>483</sup> P.J. Malan, "50 Jare van saamwerking in die mynbou", **Vereniging van Ondergrondse Amptenare**, 1969, p.138.

<sup>484</sup> J.F. Wolmarans, *Ontwatering van die dolomietgebied win die Verre Wes-Rand ...*, p.102.

myne daartoe gelei dat water oor die hele munisipale gebied versprei kon word, en boerderyeenhede het hieruit voordeel getrek.<sup>485</sup>

#### **4.9.2.2 Sinkgatverskynsel**

Die **geologiese katastrofe van grondverskuiwings** in die Carletonvillese gebied, om eertydse volksraadslid J.C. Greyling se woorde te gebruik, het die goudmynbedryf van Suid-Afrika intens geraak.<sup>486</sup> Dit het die betrokke goudmyngroepe 'n fenomenale addisionele finansiële verpligting op die hals gehaal. So byvoorbeeld is baie bewoners, wie se plase en huise deur sinkgate geteister is, uitgekoop.<sup>487</sup> Teen 1973 het die bedrag wat hieraan bestee is reeds R11 091 808 beloop.<sup>488</sup> Daarby moes myne nuwe wee in onder meer die storting van oortollige water vind. Die gebeure in die Carletonville-gebied het ook tot navorsing op veral die geologiese terrein gelei.<sup>489</sup> Voorsorgmaatreëls het uit die bevindinge gevloei, en uiteindelik is plaaslike bewoners deur geoloë daarvan verseker dat hulle op die veiligste grond in Suid-Afrika woon.<sup>490</sup>

#### **4.9.2.3 Mynboutegnieke**

Wat die benutting van mynboutegnieke ter bereiking van uitermatige ondergrondse dieptes betref, staan die resultate van Western Deep Levels, soos reeds vermeld, ver bo die van enige ander goudmyn in Suid-Afrika uit<sup>491</sup> (kyk resultate in grafiek 8, p.189a). Gedurende die sestigerjare nog was diep goudontginning as 'n onmoontlikheid beskou.<sup>492</sup> Western Deep Levels-myn het egter die teendeel bewys. Tans is die no. Twee-skag van die myn, soos reeds vermeld het, op 'n diepte van 3 777 meter en word daar vir verdere dieptes voorberei.

---

<sup>485</sup> Kyk **Hoofstuk Drie**, pp.84-85 en F.J. Potgieter, "The development potential of the West Wits Line" (symposium of the West Wits Regional Planning Committee: strategy for the future, September 1982), p.12.

<sup>486</sup> Republiek van Suid-Afrika, **Debatte van die Volksraad**, 24.5.1973, kolomme, 7632-7634.

<sup>487</sup> TBP, MCV, lêer 33/1/4(g), Erwe oorgedra aan die Stadsraad as gevolg van swak formasie, asook die onderhoud van erwe waar geboue gesloop is: brief, Mining Rights and Estates Department/Town Clerk Carletonville, 15.6.1966 en **The Star**, 28.10.1966, p.1.

<sup>488</sup> Republiek van Suid-Afrika, **Debatte van die Volksraad**, 24.5.1973, kolomme, 7632-7634.

<sup>489</sup> **Rand Daily Mail**, 3.6.1966, p.1.

<sup>490</sup> Die Suid-Afrikaanse Stem, 29.9.1963, p. 1.

<sup>491</sup> **Carletonville Herald**, 23.9.1988, p.28.

<sup>492</sup> D. Koliashnikoff, Problems of closing down a South African gold mine, p.7.

As pionier en tegnologiese leier op hierdie gebied, en dan veral ook met betrekking tot strookmynbou,<sup>493</sup> het Western Deep Levels sekerlik die weg tot 'n verlengde lewensduur vir ander myne gebaan. Daarby het meer werksgeleenthede ook hieruit gevloei, wat as 'n ekonomiese pluspunt beskou kan word.

#### **4.10 GOUDMYNBOU SE ROL IN DIE PLAASLIKE EKONOMIE**

Oor die onontbeerlikheid van goud ten opsigte van die instandhouding van die Suid-Afrikaanse volkshuishouding, is daar min twyfel. Die goudmynbou het 'n beslissende invloed op die land se ekonomiese lotgevalle uitgeoefen.<sup>494</sup> Dit geld ook uiteraard vir 'n streek en plaaslike gemeenskap waarbinne goudmyne funksioneer. Die goudmyne in die PWV-streek, wat die munisipale gebied Carletonville insluit, het teen 1964 sowat 7,4% tot die BGP van die streek bygedra. Wat die westelike deel van die streek se ekonomiese groei koers betref (Carletonville-gebied), is die teendeel egter waar. Sedert 1946/47 is ontwikkeling hier hoofsaaklik deur die goudmynbedryf bepaal. In 1964 was die goudmyne in die westelike substreek verantwoordelik vir 'n stewige BGP-bydrae van 67,7% tot die substreek. Teen 1970 het hierdie persentasie tot 70% gestyg.<sup>495</sup> In die Oberholzer-distrik, binne die westelike streek, het die plaaslike mynbou in 1988 'n bydrae van 97% tot die BGP van die distrik gelewer! Hierteenoor was die bydrae van die plaaslike sekondêre en tersiêre dienste tot en met 1988 nog besonder laag.<sup>496</sup>

Mynbedrywighede in die Carletonville-gebied het dus uit die staanspoor die ekonomiese groei van die omgewing beïnvloed en stimulerend op alle ander terreine van die gemeenskap ingewerk. So byvoorbeeld het 'n hoe bevolkingsaanwas van mynwerkers in die

---

<sup>493</sup> J. Oxley, Down where no lion walked ..., pp.225-226.

<sup>494</sup> W.F.J. Steenkamp, "Die goudmynbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie", **Universiteit van Suid-Afrika**, c69, 1968, p.1 en TAB, MCV, Band 49, lêer 37/5(1), Publisiteit: brief, Stadsklerek Carletonville/D. Smit Potchefstroom, 15.2.1960 en D. Spooner, **Mining and regional development**, pp.1-2.

<sup>495</sup> Republiek van Suid-Afrika, verslag no. 2 - PWV-reeks, **Die goudmynbedryf in die Pretoria-Witwatersrand-Vereenigingstreek**, 1970, pp.35,39,64.

<sup>496</sup> J.C. Schutte (red.), **Wesrand Streekdiensteraad beplanningsondersoek**, pp.224,280. Kyk ook **Hoofstuk Vyf**, pp.208,224,227-230,241.

gebied 'n hoer uitset van dienslewering van die handelaar en boer vereis.<sup>497</sup> Die plaaslike spoorwegnetwerk baat ook hierby deurdat goedere vir myne hanteer word. Dit het indirek op die werkslading en mannekragbehoefte van veral die Oberholzer-stasie ingewerk. Dit was inderdaad ook die produksie van goud in ander dele van Suid-Afrika wat die ontwikkeling van die spoorwegbedryf landwyd gestimuleer het.<sup>498</sup>

As grootste werkverskaffer<sup>499</sup> in die Carletonville-omgewing het die goudmyne indirek ook die handelsektor gestimuleer. Teen 1985 was ongeveer 7 019 blankes en 64 528 swart mense in diens van goudmyne in die munisipale gebied van Carletonville.<sup>500</sup> Dit het in 1988 verder verhoog na 98 131 in totaal.<sup>501</sup> Hierdie groot getal mynwerkers se maandelikse verdienste is 'n groot bron van inkomste vir die sakesektor van die gebied. In 1966 is bereken dat die blanke werknemers van die myne wat meestal in Carletonville woon, in hierdie stadium jaarliks nagenoeg R18 miljoen aan lone en salarisse verdien het en dit hoofsaaklik plaaslik bestee het.<sup>502</sup> Swart mense verteenwoordig die hoogste bevolkingstoename in die gebied wat vir die sakesektor 'n onmisbare kopersmark is.<sup>503</sup>

As voedingsaar van die gebied het die goudmynbedryf sedert aanvang op velerlei ander terreine binne die gemeenskapslewe die leiding geneem. Dit geld ook onder meer vir die

---

<sup>497</sup> Republiek van Suid-Afrika, verslag no. 2 - PWV-reeks, **Die goudmynbedryf ...**, 1970, pp.41,63. Kyk ook **Hoofstuk Drie**, pp.72-74,102-103.

<sup>498</sup> W.F.J. Steenkamp, "Die goudmynbou in die Suid-Afrikaanse ekonoinie", **Universiteit van Suid-Afrika**, c69, 1968, p.13 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, T.P. Venter, 8.2.1989. Kyk ook **Hoofstuk Ses**, pp.245,247,249.

<sup>499</sup> W.F.J. Steenkamp, "Die goudmynbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie", **Universiteit van Suid-Afrika**, c69, 1968, p.13 en C.G.W. Schumann, **Structural changes and business cycles in South Africa, 1806-1936**, pp.332-333.

<sup>500</sup> Republiek van Suid-Afrika, Sentrale Statistiekdiens, Verslag no. 02-85-03, **Bevolkingsensus, nywerheid volgens ontwikkelingsstreek, statistiese streek en distrik, 1985**, 1985, pp.111,515

<sup>501</sup> Kyk in die hoofstuk die statistiese gegewens by die bespreking van elke myn.

<sup>502</sup> **Carletonville Weekly Record**, 1.10.1976, pp.5,12 en TAB, MCV, Band 51, leer 73/5/(5), Publisiteit: koerantknipsel, **Die Transvaler**, 1966.

<sup>503</sup> Kyk 4.3 in die hoofstuk, pp.114-118 vir 'n bespreking ten opsigte van trekarbeiders.

oprigting van opvoedkundige sentrums, behuising en ontspanningsgeriewe sowel as bydraes tot die finansiering van ontwikkelingskemas in omliggende dorpe.<sup>504</sup>

Op maatskaplike terrein lewer die goudmyne elk ook bier 'n diens deurdat elkeen by wyse van 'n sogenaamde gemeenskapsklub oor die stoflike belange van sy behoeftige mynamptenare waak. Mynamptenare deel ook vrywillig hierin deur elk maandeliks 'n geringe bedrag van hulle salarisse vir die doel laat aftrek.<sup>505</sup>

Al bovermelde sake is aspekte wat noodwendig tot 'n verhoogde lewenspeil van 'n gemeenskap bydra.<sup>506</sup> Vandag weerspieël die name van strate en geboue in Carletonville, byvoorbeeld Dolomiet rylaan, Flintstraat en Ingot House, die invloed en rol wat die goudmynbedryf al plaaslik vervul het.<sup>507</sup>

#### **4.11 DIE GOUDMYNBEDRYF AS MEDEWERKENDE KRAG IN DIE LANDSEKONOMIE**

Wat belangrik is, is dat goudmyne nie net geleenthede tot voorspoed vir 'n plaaslike sakesektor skep nie. Die bedryf dien ook as 'n belangrike bron van regeringsinkomste in die vorm van belasting.<sup>508</sup> Dit sluit nie eens die winste van die goudmynbedryf, asook myn-pagbetalings, lisensies en belasting op buitelandse aandeelhouers in nie. Hierdie kapitaal word aangewend om projekte in die land te finansier. Dit geld onder meer vir die

---

<sup>504</sup> W.M. Walker, "The West Wits Line", *South African Journal for Economics*, 18(1), March 1950, p.27; Carletonville (Munisipaliteit), CM, leer T1/346(2), Carletonville township ext. 2: brief, Manager Mining Rights and Estates Department/New Consolidated Gold Fields Limited, 29.3.1955 asook leer T1/368(2), Oberholzer ext. 1: brief, Mining Rights and Estates Department, Consolidated Gold Fields/Peri Urban Areas Health Board, 20.3.1956 en Anon., "Mynbou en die Suid-Afrikaanse ekonomie", *Die Mynwese*, 3(3), 1987, pp.48-49. Kyk ook *Hoofstuk Sewe*, pp.288-339.

<sup>505</sup> Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, J.P. du Buisson asook M. de Beer, 26.2.1991. (Amptenare van onderskeidelik Doornfontein- en die Western Deep Levels-myn).

<sup>506</sup> *West Rand Times* en *Wesrander*, 5.2.1961, p.1; *Carletonville Herald*, 22.2.1963, p.4; Carletonville (Munisipaliteit), CM, leer T1/386, Carletonville uitbr. 4: Record of a Committee of the township, 3.9.1953, p.5 en Carletonville (PU vir CHO), Verw. 3: onderhoud, T.P. Venter, 8.2.1989.

<sup>507</sup> *Sunday times*, 10.4.1955, p.3 en *Die Transvaler*, 15.1.1954, p.8.

<sup>508</sup> L. Katzen, Gold and the South African economy. The influence of the goldmining industry on business cycles and economic growth in South Africa, 1886-1961, pp.43,47,51,53,55 en *Carletonville Herald*, 29.1.1965, p.1.

oprigting van fabriek, die bou van paaie, die uitbreiding van kragstasies, die skepping van verbeterde onderwysgeriewe, ensovoort.<sup>509</sup>

Die onontbeerlike rol van goudmyne in die landse ekonomie word onderstreep deur die staat se regstreekse aanmoediging van die bedryf. So byvoorbeeld is Western Deep Levels die eerste diepvlakmyn in die Republiek wat belastingtoegewings van die staat ontvang het. In 1965/66 het die Regering al 'n belastinginkomste van 37,4% van die PWV-gebied se goudmyne verkry. Hiervan was die bydrae van die goudmyne in die West-Wits-Lyn 30,9%.<sup>510</sup> Gereken in rand en sent het die drie oudste myne in die gebied, naamlik Blyvooruitzicht, Wes-Driefontein en Doornfontein, in hierdie stadium al jaarliks R26 miljoen in die vorm van belasting aan die staat betaal.<sup>511</sup>

Dit is dus nie vreemd nie dat wanneer na die bydrae van die plaaslike goudmyne tot die land se goudproduksie gekyk word, en waarvan 'n gedeelte uiteindelik ook na die staatskas kanaliseer word, die sinkgatgebeure van die sestigerjare ook 'n ekonomiese terugslag vir die Staat was nie.<sup>512</sup> Die RONH is in November 1964 in kennisgestel dat onder meer 2 049 mynwonings in Carletonville aan versakkings onderworpe was. Dit het nie eers die op myngrond ingesluit nie.<sup>513</sup>

Die kapitale uitgawe wat teen 1966 deur die Staat gespandeer is net om die sinkgatverskynsel te ondersoek en te oorkom, het R24 miljoen beloop.<sup>514</sup> Die Regering het

---

<sup>509</sup> Anon., "Don't discount the gold mining industry!", *SA Industry and Trade*, October 1966, p.27.

<sup>510</sup> Republiek van Suid-Afrika, verslag no. 2 - PWV-reeks, *Die goudmynbedryf ...*, 1970, pp.43-44 en W.F.J. Steenkamp, "Die goudmynbou in die Suid-Afrikaanse ekonomie", *Universiteit van Suid-Afrika*, c69, 1988, pp. 14-23.

<sup>511</sup> TAB, MCV, Band 51, lêer 7315/(5), Publisiteit: koerantknipsel, *Die Transvaler*, 1966. Kyk ook Anon., "Onze gemeentewapens: Carletonville", *Nieuws uit Zuid-Afrika*, 12(8), Januarie 1973, p.19.

<sup>512</sup> In welke mate sinkgate die ontwikkeling van elke myn in die Carletonville-gebied gekniehalter het, is by elke myn, vroeër in die hoofstuk, bespreek.

<sup>513</sup> SAB, Raad vir die Ontwikkeling van Natuurlike Hulpbronne (RNH), Band 24, lêer 15/11/8(2), Carletonville-dorp: brief, Stadsklerk Carletonville/RONH, 19.11.1964.

<sup>514</sup> Anon., "The facts about sinkholes", *Mining Survey*, 3(2), 1966, p.25. Die plaaslike myne het self hoe uitgawes in die verband gehad. Elke hoofstuk vermeld voorbeelde van die myne se optrede in die verband. Kyk ook *Herald vir die Goue Weste*, 11.2.1966, p.1 asook 25.2.1966, p.3; 18.3.1966, p.1 en 31.5.1985, p.18.

reeds sedert 1964 aandag aan versakkings, wat beboude dele in die gebied getref het, gegee. Dit was nodig dat die bewoners ten alle koste gerus gestel moes word, aangesien 'n grootskaalse uittog van mense 'n nadelige uitwerking op mynaktiwiteite en die ekonomie sou hê. In dieselfde jaar nog het die Staatstegniese Komitee in sake Sinkgate, en 'n vereniging bekend as die Verre Wesrandse Dolomitiese Waterraad, die lig gesien,<sup>515</sup> waarop slegs goudmyne sitting gehad het.<sup>516</sup>

Gewigtige besluite, byvoorbeeld die ontruiming van Bank-dorp, en die ontwatering van die Bank-Kompartement, was ook deel van bogenoemde Komitee en Raad se aanbevelings. Die omstandighede van veral Bank se dorpsbewoners en boere is in die proses nadelig beïnvloed, terwyl dit beter mynbou-aktiwiteite in die vooruitsig gestel het.<sup>517</sup> Op die lange duur blyk dit dat Staatstoetredende en -optredende dividende opgelewer het. Western Deep Levels byvoorbeeld se bydrae tot die staatskas was in 1986 al 'n fenomenale R1 618 904 000! Vertroue in die omgewing het dus mettertyd herstel. Voorts het nuut toegevoegde myne die plaaslike sakesektor verder gestimuleer.<sup>518</sup>

#### **4.12 TEN SLOTTE**

Die goudmynbedryf se jare van toegewydheid en ideale het uiteindelik sodanig vorm aangeneem dat die West-Wits-Lyn-gebied 'n werklikheid geword het, en die, soos dit uit die voorafgaande blyk, geensins 'n beskeie bydrae op ekonomiese terrein gelewer het nie. Die teenwoordigheid en die ontwikkeling van goudmyne in die Carletonville-gebied het noodwendig die behoefte aan 'n goed geordende plaaslike sakesektor geskep. Die ontwikkeling en stand van die nywerhede en handelsektor word vervolgens in **Hoofstuk Vyf** bespreek.

---

<sup>515</sup> *Carletonville Herald*, 21.8.1964, p.5; *Die Vaderland*, 16.8.1964, ppl-2; *Die Transvaler*, 28.10.1964, p.2 asook 5.2.1966, p.1; Republiek van Suid-Afrika, *Debatte van die Volksraad*, 24.5.1973, kolom, 7633 en TBP, MCV, leer 24/1/1, Eise van die Dolomitiese Water Assosiasie: brief, Kamer van Mynwese/Stadsklerk Carletonville, 7.3.1969.

<sup>516</sup> Chamber of Mines, "Far West Rand Dolomitic Water Association", *Annual report*, 1988, p.1.

<sup>517</sup> Kyk ook *Hoofstukke Twee*, pp.36-37 en *Drie*, pp.84-91.

<sup>518</sup> J. Oxley, *Down where no lion walked ...*, p.184.